

INHOUDSOPGAWE

Inhoudsopgawe.....	(i)
Afkortings.....	(iv)
Uitvoerende Opsomming.....	(vi)
HOOFSTUK 1: INLEIDING EN OORSIG	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Waarom ‘n Witskrif nodig is.....	2
1.3 Konsultasie.....	3
1.4 Doel en doelwitte van die Witskrif.....	3
1.5 Fokus en omvang	4
1.6 Verwante beleidsdokumente	4
1.7 Skakels met die provinsie se oorkoepelende beleidsdoelwitte	5
1.8 Struktuur van die Witskrif.....	6
HOOFSTUK 2: DIE GLOBALE KONTEKS	7
2.1 Inleiding	7
2.2 Globalisering	7
2.3 Die opkoms van die kennis-ekonomie	8
2.4 Die belangrikheid van streke in die globale ekonomie.....	10
2.5 Eienskappe van suksesvolle kennisstreke.....	10
2.6 Die positiewe siklus van streeks groei en –ontwikkeling	12
2.7 Institusionele diepte.....	13
2.8 Maatskaplike ontwikkeling en ekonomiese bemagtiging.....	13
2.9 Die rol van die regering.....	14
2.10 Koppeling van globale mededingendheid en armoedeverligting	15
HOOFSTUK 3: DIE NASIONALE EN STREEKSKONTEKS	18
3.1 Inleiding	18
3.2 Die nasionale konteks.....	18
3.3 Die (Suider-Afrikaanse) streekskonteks.....	22
3.4 Implikasies vir die Wes-Kaap	23

HOOFSTUK 4: DIE WES-KAAP IN DIE GLOBALE EKONOMIE	25
4.1 Inleiding	25
4.2 Die Wes-Kaapse ekonomie: Ontwikkelingsdinamiek	25
4.3 Onderwys, opleiding en navorsing	32
4.4 Infrastruktuur en die omgewing	35
4.5 Ondernemerskap	37
4.6 Menslike ontwikkeling	38
HOOFSTUK 5: VISIE EN STRATEGIES IMPERATIEWE	42
5.1 Inleiding	42
5.2 Visie vir die Wes-Kaapse ekonomie	42
5.3 Die vier steunpilare	42
5.4 Strategiese imperatiewe	42
5.5 Kritieke suksesfaktore	44
HOOFSTUK 6: DAARSTELLING VAN ‘N STRATEGIESE RAAMWERK VIR PROVINSIALE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING	46
6.1 Inleiding	46
6.2 Primêre en sekondêre onderwys van wêreldgehalte	46
6.3 Voortgesette onderwys en opleiding	48
6.4 Nywerheidsgerigte onderwys en navorsing	49
6.5 Infrastruktuur en die omgewing	50
6.6 Die Wes-Kaap op die snelbaan van die inligting- en kommunikasie-supersnelweg	53
6.7 Die Wes-Kaap as die aantreklikste lokasie vir inwaartse investeerders	55
6.8 Bevordering van uitvoer	56
6.9 Bemaking van die Kaap as ‘n gehalte-handelsmerk	57
6.10 Die Wes-Kaap as ‘n toonaangewende sentrum vir N&O en innovasie	58
6.11 Private ekwiteit en waagkapitaal	60
6.12 Ondernemerskap en bemagtiging	61
6.13 Sektorale groei en ontwikkeling	63
6.14 Verhoging van die lewensgehalte, veral van die armste gemeenskappe	64
6.15 Werkskepping	67
HOOFSTUK 7: DAARSTELLING VAN ‘N INSTITUSIONELE RAAMWERK VIR PROVINSIALE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING	69
7.1 Inleiding	69
7.2 Doelwitte	69
7.3 Institusionele prosesse	70
7.4 Belanghebbendes	70
7.5 Daarstelling van ‘n vennootskap van agentskappe	71
7.6 Die Provinsiale Regering	71
7.7 Nasionale regering	74
7.8 Plaaslike regering	74
7.9 Ander regeringsinstellings en –agentskappe	76
7.10 Ad hoc-hoofagentskappe	76
7.11 Cape Enterprise	77

HOOFSTUK 8: HULPBRON-IMPLIKASIES	79
8.1 Finansies.....	79
8.2 Kapasiteitsbou.....	80
8.3 Inligting.....	81
HOOFSTUK 9: SLOT - DIE WEG VORENTOE	82
Verwysingsbronne.....	84
Erkennings.....	86

AFKORTINGS

ABET	Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes
AUAS	Algemene Uitvoeraansporingskema
BBP	Bruto Binnelandse Produk
BMF	Swart Bestuursforum/Black Management Forum
BSP	Bruto Streeksproduk
COSATU	Congress of South African Trade Unions
DHN	Departement van Handel en Nywerheid
DKKWT	Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
DSA	Departement van die Staatsdiens en Administrasie
DSO	Departement van Staatkundige Ontwikkeling
DvK	Departement van Kommunikasie
EU	Europese Unie
FET	Voortgesette Onderwys en Opleiding/Further Education and Training
FFK	Finansiële en Fiskale Kommissie
GEAR	Makro-ekonomiese Strategie vir Groei, Werkverskaffing en Herverdeling/Macro-Economic Strategy for Growth, Employment and Redistribution
GBO	Gemeenskapsgebaseerde Organisasie
HO	Hoër Onderwys
HOP	Heropbou- en Ontwikkelingsprogram
IDT	Onafhanklike Ontwikkelingstrust/Independent Development Trust
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
IRF	Interregeringsforum
IT	Inligtingstegnologie
JSE	Johannesburgse Sekuriteitebeurs
KITI	Kaapse Inligtingstegnologie-inisiatief
KMG	Kaapse Metropolitaanse Gebied
KMO	Klein en Medium Onderneming
KMMO	Klein, Medium en Mikro-onderneming
KMR	Kaapse Metropolitaanse Raad
KSV	Kantoor vir die Status van Vroue
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad (van die Provinsiale Regering)
MHD	Meetbare hoofdoelwit
MINMEC	Ministeriële Forum (van nasionale Ministers en Provinsiale LUR'e)/Ministerial Forum (of national Ministers and Provincial MECs)
MIT	Massachusetts Instituut vir Tegnologie
MNR	Mediese Navorsingsraad
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
NAFCOC	Nasionale Federasie van Handelskamers
NEDLAC	Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad
NKHO	Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NNS	Nasionale Navorsingstigting
N&O	Navorsing & Ontwikkeling
NOK	Nywerheidsontwikkelingskorporasie
NPI	Nasionale Produktiwiteitsinstituut

NRO	Nieregeringsorganisasie
NRP	Nasionale Raad vir Provinsies
OBSA	Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika
OWPR	Oorgangswet op Plaaslike Regering
PAWK	Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap
PDC	Provinsiale Ontwikkelingsraad/Provincial Development Council
PE&WK	Private Ekwiteit&Waagkapitaal
PHK	Presidensiële Hersieningskommissie
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
SABEK	Suid-Afrikaanse Besigheidskamer
SABS	Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
SALGA	Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering/South African Local Government Association
SANCO	South African National Civics Organisation
SAOG	Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap
SATOER	Suid-Afrikaanse Toerismeraad
SDI	Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief/Spatial Development Initiative
SDK	Staatsdienskommissie
SETA	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid/Sector Education and Training Authority
SSD	Sentrale Statistiekdiens (nou bekend as Statistiek Suid-Afrika)
UK	Universiteit Kaapstad
UOS	Uitvoerontwikkelingsentrum
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
WAV	Wet op Arbeidsverhoudinge
WCII	Weskus Beleggingsinisiatief/West Coast Investment Initiative
WESGRO	Wes-Kaapse Beleggings- en Handelsbevorderingsagentskap
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad
WTO	Wêreldhandelsorganisasie

UITVOERENDE OPSOMMING

1. INLEIDING

- 1.1 In vandag se wêreld word geen land of streek onaangeraak gelaat deur die kragte van globalisering en die opkoms van die kennis-ekonomie nie. Sulke kragte bied natuurlik geleenthede vir die skepping van welvaart en die verbetering van die mens se lewensomstandighede in daardie lande en streke wat goed toegerus is om voordeel daaruit te trek. Maar vir dié wat minder goed toegerus is, veral in die ontwikkelende wêreld, kan globalisering ewe maklik tot groeiende armoede, ongelykheid en marginalisering lei. Die uitdaging waarvoor lande soos Suid-Afrika, en streke soos die Wes-Kaap, te staan kom, is derhalwe om die kragte van globalisering te kanaliseer sodat armoede daardeur uitgeskakel word en mense bemagtig word om vervullende lewens te voer.
- 1.2 Ten einde hierdie uitdaging te aanvaar, het die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap sy Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme belas met die taak om 'n beleidsdokument op te stel wat 'n duidelike ekonomiese visie uiteensit en 'n ambisieuse maar doenlike koers vir die provinsiale ekonomie oor die volgende tien jaar aanwys. Hierdie Witskrif is die produk van die Departement se werk.
- 1.3 Die Witskrif gee 'n uiteensetting van 'n visie en 'n breë strategiese raamwerk vir tien jaar om te verseker dat die Wes-Kaap goed voorberei is op die globale kennis-ekonomie van die 21ste eeu. In die besonder trag dit om die grondslag te lê vir die provinsie as -
- 'n leidende *kennisstreek* wat sy mense en sakeondernemings met welslae toerus om in 'n snel veranderende wêreld kennis effektief te verkry en toe te pas;
 - 'n uitwaartsgerigte streek wat effektief met die res van Suid-Afrika, Afrika en die wêreld verbind is, en met welslae in die globale kennis-ekonomie kan meeding;
 - 'n leidende sentrum vir ondernemerskap en innovasie;
 - *Die Kaap die Goeie Hoop vir Almal*, met die vermoë om volhoubare groei, regverdigde ontwikkeling, ekonomiese bemagtiging en 'n beter lewensgehalte vir almal te bevorder.
- 1.4 Die idees en aanbevelings in hierdie Witskrif is gebaseer op die vroeëre Groenskrif wat deur die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme opgestel is en in Mei 2000 deur die Provinsiale Kabinet goedgekeur is. Daar is ook kennis geneem van die kommentaar en voorstelle van 'n groot verskeidenheid van belanghebbendes wat betrek is by die breë en uitgebreide konsultasieproses in verband met die Groenskrif wat tussen Mei en November 2000 plaasgevind het. Onder dié belanghebbendes het getel alle departemente binne die Provinsiale Regering, 'n aantal nasionale departemente (waaronder die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling en Grondsake), die Kaapse Metropolitaanse Raad, 'n aantal metropolitaanse plaaslike rade en munisipaliteite, die Provinsiale Ontwikkelingsraad, die Kaapse Kamer van Handel en Nywerheid, Wesgro, die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA), die arbeidsfederasies (Cosatu, Nactu en Fedusa), sakeassosiasies en NRO's, GBO's en omgewingsgroepe.

1.5 Die hoofdoelwitte van die Witskrif is:

- Om die vernaamste implikasies van die veranderende globale, binnelandse en (Suider-Afrikaanse) streekskonteks vir die provinsiale ekonomie te ontleed;
- Om lesse vir geslaagde streeksontwikkeling uit die internasionale ervaring te leer;
- Om sterk punte van en geleenthede in die provinsiale ekonomie te identifiseer waarop voortgebou kan word, asook uitdagings en beperkings wat aandag sal moet geniet as die provinsie se ekonomiese potensiaal verweselik wil word;
- Om 'n voorgestelde ekonomiese visie en sleutel strategiese imperatiewe vir die Wes-Kaap te stel ten einde die ontwikkeling van die provinsiale ekonomie oor die volgende tien jaar te rig;
- Om 'n breë strategiese raamwerk en sleuteliniatiewe te vestig waardeur die visie en strategiese imperatiewe effektief verweselik kan word;
- Om 'n herstrukturering van die huidige institusionele raamwerk vir ekonomiese groei en ontwikkeling voor te stel wat effektief in lyn gebring is met die nuwe visie en strategiese imperatiewe;
- Om die implikasies vir sleutelhulpbronne wat betrokke is by die opstel van die nuwe strategiese en institusionele raamwerke vir die provinsiale ekonomie, te identifiseer en in ag te neem.

1.6 Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie Witskrif die verskaffing van 'n breë en langtermynvisie en strategiese raamwerk ten doel het wat die effektiewe koördinerende en integrerende van die werk van *alle* provinsiale departemente, asook die werk van plaaslike regering, nasionale departemente, semi-staatsinstellings en die talle ander belanghebbendes (insluitende die private sektor, vakbonde en NRO's) wat by die provinsiale ekonomie betrokke is, kan beïnvloed, rig en fasiliteer. Dit maak egter nie aanspraak daarop om 'n omvattende groei- en ontwikkelingsstrategie te verskaf nie. Ook probeer dit nie om detailplanne vir die inwerkingstelling van die beleidsiniatiewe wat uiteengesit word, uit te werk nie. Dit sal die verantwoordelikheid wees van afsonderlike provinsiale, nasionale en plaaslike regeringsdepartemente en -agentskappe binne hul onderskeie bevoegdheidsfere, asook semi-staatsinstellings en 'n wye reeks ander agentskappe en rolspelers in die provinsiale ekonomie.

2. DIE GLOBALE KONTEKS VAN EKONOMIESE STREEKSONTWIKKELING

2.1 Met die aanbreek van die nuwe millennium sal die ekonomieë van nasies, streke en stede toenemend te staan kom voor twee belangrike en verwante uitdagings. Die *eerste* is die groter mededinging wat deur globalisering veroorsaak word. Die *tweede* is die koms van kennis as die sleutelfaktor by produksie.

2.2 Globalisering verwys na die dramatiewe toename in die vloeï van goedere en dienste, kapitaal en kennis wat in die afgelope jare oor nasionale grense heen plaasgevind het. Die afbreek van handelsbelemmerings en die toenemende verspreiding van globale produksiestelsels het 'n premium gestel op mededingende kostevordele en produktiwiteit, wat groter doeltreffendheid en 'n vinniger innoveringspas noodsaak.

2.3 By die oorgang tot die vorige eeu was die oorgrote meerderheid werkers in selfs die gevorderde ekonomieë werksaam as laag- of halfgeskoolde arbeiders. Vandag is die situasie heel anders. In die Verenigde State, byvoorbeeld, het werknemers wat primêr met kennis werk, van 28% van die

totale arbeidsmag aan die begin van die vorige eeu, gestyg tot 70% vandag. In die nuwe millennium sal ekonomiese geleenthede en mededinging toenemend afhang van mense en hul kennis eerder as van kapitaal of natuurlike hulpbronne. Die kennisomwenteling is nie bloot 'n gebeurtenis wat in sekere hoë tegnologiefirmas voorkom nie, maar eerder 'n proses wat diepliggende gevolge vir lande en streke oraloor het: op samelewingsvlak, maatskappyvlak en vir die individuele werknemer.

- 2.4 Die kennis-ekonomie vereis fundamenteel nuwe werkwyses, nuwe bestuurspraktyke, nuwe vermoëns vir werknemers en 'n nuwe rol vir die regering en sy regulerende agentskappe. Om met welslae te kan deelneem aan die kennis-ekonomie sal firmas al hoe vaardiger moet word met die verkryging en toepassing van kennis as 'n allerbelangrike komponent van die deurlopende verbeteringsproses wat hulle hul eie moet maak ten einde voor hul mededingers te kan bly. Lande en streke wat nie gereed is vir die kennis-ekonomie nie, sal agterbly en dit toenemend moeilik vind om in te haal.
- 2.5 Nasionale ekonomiese beleidsraamwerke in verskillende lande neig om al hoe nader aan mekaar te beweeg vanweë die impak van die internasionale kapitaalmark, multilaterale handelsooreenkomste en, in die geval van ontwikkelende lande, druk van internasionale finansiële instellings soos die IMF en die Wêreldbank. Na gelang nasionale beleidsraamwerke dus eenders begin lyk en nasionale grense minder belangrik word, sal streke (subnasionaal en transnasionaal) toeneem in belangrikheid as sentrums van ekonomiese groei, mededinging en ontwikkeling.
- 2.6 Hoewel daar geen absolute "goue reëls" vir ekonomiese streeksukses bestaan nie, kan provinsies soos die Wes-Kaap belangrike lesse put uit die ervarings van streke in ander wêrelddele wat die globale kennis-ekonomie met welslae aangedurf het. Regerings, firmas en ander sosiale vennote in sulke streke het tipies die volgende gedoen:
- Hulle het 'n arbeidsmag ontwikkel met hoëvlak kognitiewe vaardighede en die vermoë om met groot doeltreffendheid aan te hou met leer.
 - Hulle het voorwaardes en beleide in plek gestel om buitelandse investering en goed gekwalifiseerde uitgewekenes en voormalige emigrante te lok.
 - Hulle het die verspreiding van kennis deur gespesialiseerde opleiding verhaas.
 - Hulle het 'n doeltreffende laekoste-omgewing en puik laekoste-infrastruktuur geskep.
 - Hulle het 'n omgewing geskep wat ondernemers en sakeondernemings in 'n begin stadium ondersteun.
 - Hulle het die ontwikkeling van universiteite van wêreldgehalte met hegte bande met die sakegemeenskap aangemoedig.
 - Hulle het intermaatskappy-samewerking, netwerkvorming en kennisdeling aangemoedig.
- 2.7 Vir dié lande, streke en individue met die opvoeding, opleiding en vaardighede om in die globale kennis-ekonomie mee te ding, lyk die toekoms rooskleurig. Dit lyk egter minder goed vir diegene daarsonder. Globalisering gaan dikwels gepaard met 'n groeiende gaping tussen "dié wat het" en "dié wat nie het nie" in sowel die ontwikkelde as die ontwikkelende lande, asook deur toenemende ongelykheid en polarisasie tussen die twee wêrelddele. Deur 'n premie op vaardighede te stel, het die kennis-omwenteling ook die loongaping en ongelyke diensvooruitsigte vir geskoolde en ongeskoolde arbeiders vererger. In die ontwikkelende wêreld, waar algemene vaardigheidsvlakke laer is, is hierdie neigings selfs sterker.

- 2.8 In ontwikkelende lande soos Suid-Afrika is 'n belangrike aspek van strategieë om 'n positiewe kringloop van ekonomiese streeks groei en -ontwikkeling te vestig, dus die vermindering van armoede en die bevordering van ondernemings in, en die bemagtiging van, voorheen benadeelde of gemeenskappe wat voorheen uitgesluit is (op verskeie maniere van KMMO-ontwikkeling tot gesamentlike ondernemings en vaardigheidsopleiding en kapasiteitsbou). Dit sal verseker dat elkeen die geleentheid het om te baat by, en by te dra tot, die streek se groei en ontwikkeling. 'n Sleuteluitdaging sal die skepping van werksgeleenthede wees, veral dié wat van 'n hoër gehalte is en groter vaardighede verg, en om die bevolking daarop voor te berei deur beter onderwys- en opleidingsgeleenthede vir almal.

3. DIE WES-KAAP IN DIE GLOBALE EKONOMIE

- 3.1 Die ekonomie van die Wes-Kaap is heg verweef met die globale ekonomie. Sowat twee derdes van die private sektor se uitset is tans blootgestel aan internasionale mededinging, en die provinsie se afhanklikheid van welslae in globale markte oor die volle spektrum is aan die toeneem. Die Wes-Kaap is in baie opsigte beter voorbereid op die uitdagings van die globale kennis-ekonomie as die meeste ander provinsies in Suid-Afrika. Dit behoort egter nie as rede tot selftevreedenheid te dien nie. Hoewel die provinsie een van die mees produktiewe dele van die land, en wel ook van die vasteland is, is sy produksie per kapita minder as een sesde van dié van ontwikkelde lande. Dit het 'n betreklik goed ontwikkelde infrastruktuur en 'n asemblemende natuurskoon, maar tog leef groot gedeeltes van die gemeenskap in armoede, en gaan hulle gebuk onder werkloosheid en swak gesondheid. Uitnemende universiteite en teknikons is hier te vinde, maar vergeleke met ander lande en streke op 'n dergelike vlak van ekonomiese ontwikkeling vaar dit swakker wat gemiddelde jare skoolbywoning en die gehalte van sy wiskunde en wetenskaponderwys betref. Kortom, die Wes-Kaap is 'n plek wat baie belofte inhou, maar dis 'n belofte wat nog verwesenlik moet word.
- 3.2 Die Provinsiale Regering erken dat, as die provinsie hierdie belofte sou wil verwesenlik, die toekoms anders as die verlede sal moet wees. Die huidige groei in produksie en werkskepping sal nie die probleme van armoede en werkloosheid, en die gepaardgaande maatskaplike probleme wat dit onderlê - van bendeaktiwiteite en misdaad tot die hoë vlakke van geweld teen vroue en die vinnige verspreiding van MIH/vigs en TB - voldoende kan teenwerk nie. Ook sal die Provinsie se huidige tegnologiese en vaardigheidsbasis dit nie 'n dinamiese deelnemer aan die wêreld-ekonomie maak nie. 'n Groter poging sal dus van alle rolspelers in die Wes-Kaap vereis word om die duidelike ekonomiese en menslikehulpbron-potensiaal van die Provinsie só in te span dat die dubbele uitdaging van toenemende mededingendheid en armoedeverligting binne die konteks van die globale kennis-ekonomie van die 21ste eeu aangedurf sal word. Om dit te bewerkstellig sal dit vir dié rolspelers nodig wees om op 'n meer gekoördineerde en geïntegreerde wyse saam te werk as wat dikwels in die verlede die geval was. Dit sal egter die aanvaarding en eienaarskap van en instemming tot 'n gemeenskaplike ekonomiese visie en breë strategiese rigting vereis wat gesamentlike pogings kan rig, en hul verbondenheid, gemeenskaplike begrip en samewerking sal verhoog.

4. VISIE EN GEMEENSKAPLIKE IMPERATIEWE

- 4.1 Wanneer die dubbele uitdaging van globalisering en armoedevermindering aangepak word, sal die werk van die Provinsiale Regering en ander ekonomiese belanghebbendes in die provinsie deur die volgende visie en strategiese imperatiewe gerig word:

4.2 VISIE

Dit is ons visie om die Wes-Kaap die suksesvolste, innoverendste en mededingendste ekonomiese streek in Suider-Afrika te maak, met 'n beter lewensgehalte vir al die inwoners daarvan.

4.3 Hierdie ekonomiese visie vir die Wes-Kaap rus op vier verbandhoudende steunpilare. Hulle is:

- **Die Kaap wat Leer:** om die Wes-Kaap die leidende kennisstreek in Suider-Afrika te maak.
- **Die Internasionale Kaap:** om ekonomiese groei, ontwikkeling en mededingendheid te versterk deur die Wes-Kaap effektief met die res van Afrika en die wêreld te verbind.
- **Die ondernemende Kaap:** om die Wes-Kaap as Suid-Afrika se voorste sentrum vir ondernemerskap en innovering te maak.
- **Die Kaap die Goeie Hoop vir Almal:** om gelyke ontwikkeling regoor die provinsie te verwesenlik deur almal se lewensgehalte te verbeter en meer ekonomiese geleenthede vir die armste gemeenskappe te skep.

4.4 STRATEGIESE IMPERATIEWE

Ten einde hierdie visie en die vier steunpilare waarop dit rus, te verwesenlik, sal die Provinsiale Regering die volgende *strategiese imperatiewe* (in Tabel III hieronder uiteengesit) in hegte vennootskap met alle tersaaklike rolspelers (openbaar, privaat en nieregering) op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak toepas.

Tabel III: Steunpilare en Strategiese Imperatiewe vir die Wes-Kaapse Ekonomie

STEUNPILARE	STRATEGIESE IMPERATIEWE
Die Kaap wat Leer	<ol style="list-style-type: none"> 1. Vestiging van primêre en sekondêre onderwys van wêreldgehalte om die Kaapse arbeidsmag van puik kognitiewe vaardighede te voorsien. 2. Verhoging van die bevolking en arbeidsmag se vaardigheids- en vermoënsvlak deur voortreflike stelsels van voortgesette onderwys, opleiding en lewenslange leergeleenthede (insluitende ABET). 3. Bevordering van bedryfsverwante onderwys en navorsing aan universiteite, teknikons en ander tersiêre instellings.
Die Internasionale Kaap	<ol style="list-style-type: none"> 4. Vestiging van 'n infrastruktuur en omgewing van wêreldgehalte vir die sakesektor in die Wes-Kaap. 5. Plasing van die Wes-Kaap op die snelbaan van die inligting- en kommunikasie-supersnelweg. 6. Verandering van die Kaap sodat dit een van die aantreklikste plekke vir investeerders en toeriste in die Suidelike Halfrond word. 7. Ontwikkeling van 'n samehangende en proaktiewe strategie vir die bevordering van uitvoer. 8. Gehaltebemarking – vestiging van die Kaap as een van die wêreld se beroemdste handelsmerke vir gehalte-ontwerp en omgewingsvriendelike produksie
Die Ondernemende Kaap	<ol style="list-style-type: none"> 9. Ontwikkeling van die Wes-Kaap as 'n sentrum vir N&O en innovering. 10. Die bou van sterk private ekwiteit en waagkapitaal in die Wes-Kaap. 11. Bevordering van ondernemingsgees en ekonomiese bemagtiging, veral in benadeelde gemeenskappe.

	12. Ontwikkeling van 'n strategiese en kollaboratiewe benadering tot sektorale groei en ontwikkeling.
Die Kaap die Goeie Hoop vir Almal	13. Verhoging van almal se lewensgehalte, en veral dié van die armste burgers. 14. Werkskepping, veral vir laergeskoolde werkers.

4.5 Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie imperatiewe nie in voorkeurorde gelys is nie. Hulle is almal van gelyke belang en sal op 'n holistiese en geïntegreerde wyse geïmplementeer moet word.

4.6 Die visie en strategiese raamwerk wat in hierdie dokument uiteengesit word, reflekteer ook die *tien oorkoepelende beleidsdoelwitte* wat in September 1999 deur die Provinsiale Regering aanvaar is om sy toekomstige werk ter stimulering van die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die Provinsie te rig. Hulle is:

- Om 'n veiliger omgewing vir al ons mense te vestig;
- Om 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese groei te skep;
- Om die mense van die Provinsie gereed te maak vir die kennis-ekonomie van die 21ste eeu;
- Om die verspreiding van MIV/vigs en TB in toom te hou;
- Om die armes van ons Provinsie te bemagtig deur die verskaffing van basiese dienste;
- Om die gehalte en toeganklikheid van dienste wat deur die Provinsiale Regering verskaf word, te verbeter;
- Om die totale omgewing vir die optimale ontwikkeling van ons mense te beskerm, te verbeter en te bevorder;
- Om die fisiese infrastruktuur wat vir die ontwikkeling van die Provinsie nodig is, in stand te hou en te verbeter;
- Om die provinsie, as die poort tot Afrika, al sterker met die land en die vasteland te verbind;
- Om 'n landelike ontwikkelingstrategie te ontwikkel.

5. VESTIGING VAN 'N STRATEGIESE RAAMWERK VIR PROVINSIALE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING

5.1 Onder elk van die veertien strategiese imperatiewe in Tabel III hierbo uiteengesit, gee die Witskrif 'n uiteensetting van die hoofbeleidsdoelwitte, tesame met 'n aantal sleutel strategiese inisiatiewe waardeur hulle verwesenlik kan word. Hulle is bedoel as die grondslag vir 'n breë strategiese raamwerk vir provinsiale ekonomiese groei en ontwikkeling oor 'n tydperk van tien jaar, wat die beleide en implementeringsplanne van provinsiale regeringsdepartemente en ander ekonomiese rolspelers in die provinsie op so 'n wyse sal rig en vorm dat hulle effektief in lyn gebring sal kan word met die visie, steunpilare en imperatiewe wat in die vorige afdeling uiteengesit is.

5.2 Hoewel die strategiese inisiatiewe te gedetailleerd is om in hierdie uitvoerende opsomming opgeneem te word, is hulle geensins volledig nie en sal die Provinsiale Regering en sy sosiale vennote hulle verder moet verfyn en ontwikkel. In hierdie proses sal dit belangrik wees om kort,

medium- en langtermynprioriteite waarvoor ooreengekom is, die hulpbron-implikasies ten opsigte van elk van die strategiese inisiatiewe, die verantwoordelikhede van die sleutelrolspelers, en die breë parameters van 'n effektiewe aksieplan vir implementering, monitering en hersiening vas te stel.

- 5.3 Aangesien dit 'n dokument van die Provinsiale Regering is, sal die beleidsdoelwitte en strategiese inisiatiewe spesifiek van toepassing wees op die verskillende departemente wat die provinsiale administrasie uitmaak, met die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme in 'n koördinerende leiersrol. Volle samewerking en oorleg tussen regeringstrukture op provinsiale, nasionale en plaaslike vlak, asook tussen hierdie openbare liggame en die talle semi-staats-, private en nieregeringsorganisasies wat by die Provinsiale ekonomie ingeskakel is, sal egter noodsaaklik wees.

6. INSTELLING VAN 'N INSTITUSIONELE RAAMWERK VIR PROVINSIALE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING

- 6.1 Die effektiewe verwesenliking van die visie, strategiese imperatiewe en inisiatiewe in hierdie Witskrif uiteengesit, sal volle samewerking, en deeglike oorleg, met belanghebbendes oor 'n breë spektrum wat by ekonomiese streeksontwikkeling betrokke is, asook die effektiewe koördinerende en integrerende van hul aktiwiteite verg. Hoewel pogings reeds aangewend is om doeltreffendheid, koördinasie en kommunikasie in die werk van dié belanghebbendes te verbeter, is daar bepaald ruimte vir betekenisvolle verbetering. 'n Verbeterde institusionele argitektuur sal dus nodig wees om die formulering en effektiewe implementering van die visie en strategiese raamwerk vir provinsiale ekonomiese groei en ontwikkeling, soos in hierdie dokument uiteengesit, te ondersteun.
- 6.2 By die herstrukturering van die institusionele argitektuur vir provinsiale groei en ontwikkeling sal die grondbeginsel die skepping van 'n geïntegreerde en gekoördineerde *vennootskap van implementeringsagentskappe* wees, met duidelik omskrewe funksies en verantwoordelikhede ten opsigte van die verskillende strategiese imperatiewe en inisiatiewe wat in hierdie Witskrif geskets word. Sulke agentskappe is onder meer provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en semi-staatsinstellings, die Unistad en ander plaaslikeregeringstrukture, statutêre rade en agentskappe wat in die Wes-Kaap werksaam is, Wesgro, die Provinsiale Ontwikkelingsraad, Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede en tersiêre instellings. Sakekamers en -verenigings, vakbondfederasies en NRO's sal ook 'n belangrike rol te vervul hê om hul lede meer bewus te maak van die nuwe provinsiale ekonomiese visie en strategiese raamwerk, asook om hul aktiewe deelname en betrokkenheid aan te moedig.
- 6.3 Aangesien hierdie Witskrif 'n dokument van die Provinsiale Regering is, sal sy departemente en agentskappe vanselfsprekend 'n leiersrol vervul. Grondwetlik sal dit onvanpas vir die Provinsiale Regering wees om te probeer om deur wetgewing die institusionele argitektuur van ander regeringsfere of van die talle ander belanghebbendes wat by die provinsiale ekonomie betrokke is, te bepaal. Dit moet egter nie vertolk word as 'n aanduiding dat die Provinsiale Regering voornemens is om die rol van "Groot Broer" in die ekonomie op hom te neem nie. 'n Hoofdoelwit van die nuwe institusionele raamwerk wat hieronder uiteengesit word, sal wees om die Provinsiale Regering in staat te stel om 'n meer effektiewe fasiliterende rol te vervul by die ondersteuning van die werk van die talle belanghebbendes van wie die sukses van die Provinsiale ekonomie uiteindelik sal afhang.

- 6.4 Gegee die getal en verskeidenheid van bestaande instellings en agentskappe wat reeds 'n belangrike rol in streeks groei en -ontwikkeling vervul, is die Provinsiale Regering as 'n beginselsaak nie gretig om op groot skaal nuwe en potensieel dupliserende strukture te vestig nie. Die vestiging van 'n nuwe ekonomiese ontwikkelingsagentskap, wat as **Cape Enterprise** bekend sal staan, word egter oorweeg om die werk van die ander instellings en agentskappe wat hierbo gemeld word, te komplementeer en stukrag daaraan te verleen. Daar sal met alle sleutelbelanghebbendes onderhandel word oor die presiese funksies, struktuur en verantwoordelikhede van hierdie nuwe agentskap. Daar word beoog dat die verantwoordelikhedsgebied van Cape Enterprise sal wees om die kapasiteit, mededingendheid en uitvoerpotensiaal van die provinsiale ekonomie te verhoog deur bestaande ondernemings (groot sowel as klein) te versterk, die skepping van nuwe ondernemings (veral klein, medium en makro-ondernemings) te fasiliteer, en meer produktiewe vorms van inwaartse investering na die Provinsie te lok.
- 6.5 Formele regeringsinstellings en -agentskappe kan nie altyd vinnig reageer op die veranderende dinamiek en vereistes van die globale ekonomiese omgewing nie, veral op gebiede soos Navorsing en Ontwikkeling, en Inligtings- en Kommunikasietegnologie. Die Provinsiale Regering sal dus 'n aantal aanvraaggedrewe "*ad hoc*-hoofagentskappe" aanmoedig om verantwoordelikheid op hulle te neem vir spesifieke projekte wat aan tydsbeperkings onderworpe is. Dit kan in die vorm van "dinkskrums" wees wat nuwe idees en inisiatiewe moet genereer, of loods-implementeringsplanne.

7. HULPBRON-IMPLIKASIES

7.1 Die taak om voldoende hulpbronne vir die nuwe strategiese en institusionele raamwerke vir provinsiale ekonomiese groei en ontwikkeling te verseker sal die gesamentlike verantwoordelikheid wees van die Provinsiale Regering, plaaslike regering en nasionale departemente soos die DHN, in samewerking met die private en nieregeringsektore, asook internasionale skenkers. Die Provinsiale Regering sal die leiding neem:

- Deur 'n toegewyde groei- en ontwikkelingsfonds, wat as die *Kaapse Toekomsfonds* bekend sal staan, te stig om stukrag te verleen aan sleutelprogramme en projekte ter ondersteuning van die nuwe strategiese raamwerk vir groei en ontwikkeling, veral op gebiede wat nie deur bestaande provinsiale begrotings gedek word nie;
- Deur 'n meer geïntegreerde en samehangende raamwerk voor te stel om te verseker dat die begrotings van provinsiale departemente optimaal benut word en effektief in lyn gebring word met die strategiese imperatiewe en inisiatiewe in hierdie Witskrif uiteengesit, asook met ander departementele en provinsiale imperatiewe;
- Deur ander befondsingsbronne, insluitende nasionale departemente, die Unistad en ander plaaslikeregeringstrukture, die private sektor en buitelandse skenkers te mobiliseer en effektief te gebruik.

7.2 Die verwesenliking van die visie en imperatiewe in hierdie dokument uiteengesit sal ook vereis dat omvattende kapasiteitsbouprogramme vir provinsiale en plaaslikeregeringsbeamptes ontwikkel word. Sulke programme sal ontwerp word om hul bewustheid en begrip van die impak van globalisering en die kennis-ekonomie op hul werk te verhoog en, in die besonder, om die vermoëns wat nodig is om die strategiese inisiatiewe in hierdie Witskrif uiteengesit, te ontwikkel. Die instelling van bewustheids- en opleidingsprogramme vir verkose provinsiale politieke leiers en Unistad- en plaaslikeregeringsraadslede sal ook noodsaaklik wees.

7.3 In die kennis-ekonomie sal inligting ook 'n sleutelhulpbron wees. Die invoering van wêreldgehalte-stelsels vir die insameling, ontleding, bestuur en verspreiding van inligting word algemeen beskou as 'n voorvereiste vir die ontwikkeling en implementering van effektiewe en mededingende strategieë vir ekonomiese streeks groei en -ontwikkeling. Hoewel bestaande stelsels in die Wes-Kaap aan die verbeter is, skiet hulle tans nog tekort. Die instelling van nuwe en verbeterde stelsels sal dus 'n prioriteit wees.

8. SLOT: DIE WEG VORENTOE

8.1 Hierdie Witskrif gee 'n uiteensetting van 'n ambisieuse maar uitvoerbare visie en strategiese raamwerk om die suksesvolle ontwikkeling van die provinsiale ekonomie oor die volgende tien jaar te rig en te stimuleer op maniere wat die dubbele uitdaging van groeiende mededingendheid en armoedeverliging binne die konteks van die globale ekonomie van die 21ste eeu die hoof bied. Wat dit bied, is egter 'n roetekaart en nie 'n uitvoerige bloudruk nie.

8.2 Dit sal dus 'n groot samewerkingspoging van die Provinsiale Regering en die ander ekonomiese rolspelers in die provinsie verg om die visie en strategiese imperatiewe in hierdie dokument uiteengesit, in detailprogramme te omskep wat effektief geprioritiseer, beplan, geïmplementeer, gemoniteer en herevalueer moet word. Hoewel uitvoerige tydtafels vasgestel sal moet word om die verskillende elemente en fases van die programme te dek, word daar voorsien dat die Provinsiale Regering en sy vennote in die eerste jaar besondere aandag daaraan sal bestee om die strategiese inisiatiewe in hierdie dokument uiteengesit, te prioritiseer; om die detailteikens, -planne en -begrotings te bepaal en op te stel vir die implementering daarvan; om die Provinsiale Regering se begroting vir 2002/2003 te reoriënteer ter ondersteuning van die effektiewe implementering daarvan; om effektiewe moniterings- en evalueringsaanwysers en -meganismes te vestig; en om oor die institusionele argitektuur vir provinsiale ekonomiese groei en ontwikkelings wat in hierdie dokument uiteengesit is, te onderhandel en dit te implementeer.

8.3 Ten einde die effektiewe implementering en herevaluering van die strategiese inisiatiewe in hierdie dokument beskryf, op 'n goed gekoördineerde en konsulerende wyse te verseker, sal die Provinsiale Minister van Finansies, Besigheidsbevordering en Toerisme die instelling van 'n gepaste en verteenwoordigende institusionele reëling wat vir die drywing van die proses verantwoordelik sal wees, oorweeg. Die instelling van so 'n liggaam sal nie net daartoe dien om die koste-effektiewe gebruik van beskikbare institusionele hulpbronne te optimaliseer nie, maar sal ook help om verbondenheid tot en steun vir die visie en strategie te mobiliseer deur aan alle ekonomiese sleutelrolspelers in die provinsie 'n belangrike aandeel in die prosesse en uitkomst te besorg.

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN OORSIG

1.1 INLEIDING

“Lande se vermoë om die gebruik van kennis te maksimaliseer asook hul vermoë om hul burgers te bemagtig deur beter toegang tot inligting word nou as die belangrikste enkele faktor beskou wat hulle in staat stel om mededingend te wees.” Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, Witskrif oor Wetenskap en Tegnologie, November 1996, bl 8

Met die aanbreek van die nuwe millennium sal die ekonomieë van nasies, streke en stede toenemend te staan kom voor twee groot uitdagings wat met mekaar verband hou. Die *eerste* is die toenemende mededinging vanweë globalisering. Die *tweede* is die opkoms van kennis as die sleutelfaktor by produksie. In die wêreld van vandag bly geen land of streek onaangeraak deur die kragte van globalisering en die vooruitgang van die tegnologie nie. Sulke kragte bied duidelike geleenthede vir welvaartskepping en die verbetering van mense se lewensomstandighede in dié lande en streke wat goed toegerus is om voordeel daaruit te trek. Maar vir lande wat minder goed toegerus is, veral die ontwikkelende lande, kan globalisering ewe maklik ook tot al groter armoede, ongelykheid en marginalisering aanleiding gee. Die uitdaging vir lande soos Suid-Afrika, en streke soos die Wes-Kaap, is dus hoe om die kragte van globalisering te kanaliseer om armoede uit te wis en mense te bemagtig sodat hul lewens vervullend kan wees.

Die opkoms van die kennis-ekonomie bied ‘n ander uitdaging wat daarmee verband hou. In die nuwe millennium sal dit toenemend eerder mense, en die kennis waaroor hulle beskik, as kapitaal of natuurlike hulpbronne, wees wat ekonomiese geleenthede bied. Goed opgevoede gemeenskappe, geskoolde arbeidsmagte en ekonomiese stelsels wat die verwerwing van kennis vergemaklik, sal volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling moontlik maak. Hierdie ontwikkeling het verreikende gevolge vir samelewings oraloor. ‘n Streek soos die Wes-Kaap het nou die potensiaal om ‘n tuiste te bied vir kenniswerkers wat die wêreld dien. Maar lande en streke wat swak toegerus is vir die kennis-ekonomie sal agterraak en dit al moeiliker vind om in te haal.

Hierdie Witskrif bied ‘n visie en strategiese raamwerk wat sal verseker dat die Wes-Kaap goed voorbereid is op die globale kennis-ekonomie van die 21ste eeu. In die besonder trag dit om die grondslag te lê vir die provinsie as:

- ‘n Toonaangewende *kennisstreek* wat sy mense en sakeondernemings suksesvol toerus om kennis in ‘n vinnig veranderende wêreld effektief te verkry en toe te pas;
- ‘n Streek met ‘n uitwaartse blik, wat effektief met die res van Suid-Afrika, Afrika en die wêreld skakel en suksesvol in die globale kennis-ekonomie kan meeding;
- ‘n Toonaangewende sentrum vir ondernemerskap en innovering;
- ‘n *Kaap die Goeie Hoop vir Almal*, met die vermoë om volhoubare groei, billike ontwikkeling, ekonomiese bemagtiging en ‘n beter lewensgehalte vir almal te bevorder¹

¹ Groei en ontwikkeling word in hierdie dokument as twee afsonderlike, maar verwante prosesse beskou. Groei word gelyk gestel met ‘n toename in produksie en uitset, terwyl onder ontwikkeling ‘n breër sosio-ekonomiese proses verstaan word wat alle mense beter in staat stel om hul potensiaal te verwesenlik, in hul behoeftes te voorsien en hul lewensgehalte te verhoog.

1.2 WAAROM 'N WITSKRIF NODIG IS

Die Wes-Kaap is in baie opsigte beter op die uitdagings van die globale kennis-ekonomie voorberei as die meeste ander provinsies van Suid-Afrika. Dit behoort ons egter nie oorgerus te maak nie. Hoewel die provinsie een van die produktiefste gebiede in die land, en inderdaad die vasteland is, is sy uitset per kapita minder as een sesde van dié van ontwikkelde lande. Die provinsie het 'n betreklik goed ontwikkelde infrastruktuur en 'n asemnemende natuurlike omgewing, maar groot dele van die gemeenskap ervaar armoede, werkloosheid en swak gesondheid. Die provinsie is die tuiste van quik universiteite en teknikons, maar in vergelyking met ander lande en streke op 'n dergelike vlak van ekonomiese ontwikkeling vaar hy swak wat gemiddelde aantal skooljare en die gehalte van sy wiskunde- en wetenskaponderrig betref. Kortom, dinge lyk baie belowend vir die Wes-Kaap, maar die belofte bly steeds onvervuld.

Die Provinsiale Regering besef dat, as die provinsie ten volle aan die verwagtinge wil voldoen, die toekoms anders sal moet wees as die verlede. Die huidige groei in uitset en werkverskaffing sal nie 'n voldoende antwoord kan bied op die probleme van armoede en werkloosheid en die gepaardgaande maatskaplike probleme wat dié probleme onderlê nie – van bendeaktiwiteite en misdaad tot die hoë vlakke van geweld teen vroue en die toenemende voorkoms van MIV/vigs en TB. So ook sal die huidige stand van die tegnologie en van vaardighede in die provinsie hom ook nie toelaat om 'n dinamiese deelnemer aan die wêreld-ekonomie te wees nie. Die sleutelrolspelers in die Wes-Kaap – in die besonder die Provinsiale Regering, nasionale departemente, plaaslike owerhede, semi-staatsinstellings, die sakegemeenskap, tersiêre instellings, NRO's, vakbonde en gemeenskappe – sal dus 'n groter poging moet aanwend om die voor-die-hand-liggende ekonomiese en menslikehulpbronnepotensiaal van die provinsie só te gebruik dat die *dubbele uitdaging* van toenemende mededingendheid en armoedeverligting binne die konteks van die globale kennis-ekonomie van die 21ste eeu die hoof gebied kan word. Ten einde dit te bewerkstellig sal hierdie rolspelers op 'n meer gekoördineerde en geïntegreerde wyse moet saamwerk as wat dikwels in die verlede die geval was. Dit sal hulle weer verplig om 'n gemeenskaplike ekonomiese visie en breë strategiese riglyn goed te keur, ooreen te kom daarvoor en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar sodat dit hul gesamentlike pogings kan rig en verbondenheid, gemeenskaplike insig en samewerking kan verbeter.

Om hierdie rede het die Provinsiale Regering sy Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme dus getaak om 'n besprekingsdokument, wat 'n duidelike ekonomiese visie uiteensit en 'n ambisieuse maar uitvoerbare koers vir die provinsiale ekonomie oor die volgende tien jaar bepaal, op te stel. Gedurende 1999 het die Departement self navorsing gedoen asook navorsing laat doen, besoek gebring aan 'n aantal suksesvolle streekseconomieë, en sleutelbelanghebbendes in die provinsie geraadpleeg met die oog daarop om die dinamiek van die globale ekonomie te ontleed, die rol van streeksregerings beter te verstaan, en aan die hand van die realiteit wat hulle op dié manier ervaar het, te bepaal waar die Wes-Kaap hom binne hierdie globale konteks bevind. Dit het uitgeloop op die *Groenskrif oor die Gereedmaking van die Wes-Kaap vir die Kennis-ekonomie van die 21ste Eeu*, wat in Mei 2000 deur die Provinsiale Kabinet goedgekeur is. Die hoofdoel van die Groenskrif was om bespreking, kommentaar en debat oor 'n breë spektrum te verkry as insette by die opstelling van hierdie Witskrif.

1.3 KONSULTASIE

'n Uitgebreide en omvattende konsultasieproses oor die Groenskrif het tussen Mei en November 2000 plaasgevind. Gedetailleerde kommentaar en voorstelle is ontvang, onder meer van alle departemente in die Provinsiale Regering, 'n aantal nasionale departemente (insluitende die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling en Grondsake), die Kaapse Metropolitaanse Raad, 'n aantal metropolitaanse plaaslike rade en munisipaliteite, die Kaapse Kamer van Handel en Nywerheid, Wesgro, die Capricorn Innowering- en Tegnologiestigting, die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA), en 'n aantal onafhanklike akademici en konsultante.

Ten einde menings te verkry van oor 'n spektrum wat so breed as moontlik is, het die Departement van Ekonomiese Sake in samewerking met die Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR) 'n openbare konsultasieproses oor die Groenskrif met liggame uit die burgerlike samelewing, insluitende die private sektor, gefasiliteer. As 'n statutêre liggaam met verantwoordelikheid vir die koördinerende, inisiëring en fasilitering van konsensus onder belanghebbendes, was die Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR) baie geskik vir hierdie proses. Gedurende Junie en Julie 2000 het die POR die eerste fase van hierdie proses voltooi, wat in die vorm was van 'n reeks werksinkels en forums met die arbeidsfederasies (Cosatu, Nactu en Fedusa), sakeassosiasies, en NRO's, GBO's en omgewingsgroepe. Dié aktiwiteite was tot metropolitaanse Kaapstad beperk. Ten einde te verseker dat die streek en landelike gebiede ook ingesluit word, het die POR in September 2000 'n tweede ronde werksinkels met belanghebbendes uit die burgerlike samelewing in die provinsie se distrikte (Sentrale Karoo, Klein Karoo, Wynland, Suid-Kaap, Breërivier, Overberg en die Weskus) gehou. Die kommentaar, voorstelle en besprekingspunte wat hierdie verskillende werksinkels opgelewer het, is deur die POR in 'n baie omvattende en nuttige dokument ondergebring.

By die opstel van hierdie Witskrif het die Provinsiale Regering op groot skaal gebruik gemaak van die kommentaar en voorstelle van die wye verskeidenheid belanghebbendes wat by die konsultasieproses betrokke was.

1.4 DOEL EN DOELWITTE VAN DIE WITSKRIF

Die hoofdoel van die Witskrif is om 'n visie en strategiese raamwerk waarvoor saamgestem is, uiteen te sit om sodoende die openbare en private sektor en ander rolspelers in die provinsiale ekonomie oor die volgende tien jaar te rig op maniere wat die Wes-Kaap in staat sal stel om die dubbele uitdaging van toenemende mededingendheid en armoedeverligting in die globale kennis-ekonomie met welslae aan te pak. Dit sal, waar toepaslik, gepaard gaan met die indiening van uitvoerige aksieprogramme en provinsiale magtigingswetgewing om die effektiewe implementering van die nuwe visie en strategiese raamwerk te ondersteun.

Binne hierdie konteks is die hoofdoelwitte van die Witskrif:

- Om die belangrikste implikasies van die veranderende globale, binnelandse en (Suider-Afrikaanse) streekskonteks vir die provinsiale ekonomie te ontleed.
- Om, wat suksesvolle streeksontwikkeling betref, lesse uit die internasionale ervaring te leer.
- Om sterk punte en geleenthede in die provinsiale ekonomie te identifiseer sodat daarop voortgebou kan word, asook uitdagings en beperkings waarmee gehandel sal moet word om die provinsie se ekonomiese potensiaal ten volle te verwesenlik.

- Om 'n voorgestelde ekonomiese visie en strategiese sleutelimperatiewe vir die Wes-Kaap uit te stip wat die ontwikkeling van die provinsiale ekonomie oor die volgende vyf tot tien jaar sal kan rig.
- Om 'n breë strategiese raamwerk en sleuteliniatiewe te vestig waardeur die visie en strategiese imperatiewe effektief verwesenlik kan word.
- Om 'n herstrukturering van die huidige institusionele raamwerk vir ekonomiese groei en ontwikkeling aan die hand te doen wat effektief by die nuwe visie en strategiese imperatiewe inskakel.
- Om die implikasies van die totstandbrenging van die nuwe strategiese en institusionele raamwerke vir die provinsiale ekonomie sover dit sleutelhulpbronne betref, te identifiseer en onder die oë te sien.

1.5 FOKUS EN OMVANG

Dit is belangrik om te benadruk dat hierdie Witskrif dit ten doel stel om 'n breë visie en strategiese raamwerk oor die lang termyn te verskaf om die werk van *alle* provinsiale departemente (en nie net die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme nie), te beïnvloed en te rig en die effektiewe koördinerende en integrerende daarvan te fasiliteer; so ook die werk van plaaslike regering, nasionale departemente, semi-staatsinstellings en die talle ander belanghebbendes (insluitende die sakesektor, die georganiseerde arbeid en NRO's) wat by die provinsiale ekonomie betrokke is. Dit maak egter geen aanspraak daarop dat dit óf 'n omvattende groei- en ontwikkelingstrategie vir die provinsie óf 'n omvattende armoedeverligtingstrategie bied nie, alhoewel dit daarna streef om 'n belangrike bydrae in hierdie verband te lewer. Ook probeer dit nie om detailplanne vir die uitvoering van die beleidsinisiatiewe wat geskets word, uit te werk nie. Die verantwoordelikheid daarvoor rus op individuele provinsiale, nasionale en plaaslike regeringsdepartemente en –agentskappe in hul onderskeie bevoegdheidsfere en 'n wye verskeidenheid van ander agentskappe en rolspelers in die provinsiale ekonomie.

1.6 VERWANTE BELEIDSDOKUMENTE

Hierdie Witskrif is gegrond op 'n aantal belangrike beleidsdokumente van die nasionale, provinsiale en plaaslike regering, asook wetgewende intervensies, wat ekonomiese kwessies in die provinsie regstreeks en onregstreeks raak, en moet tesame daarmee gelees word. Hulle sluit in, op nasionale vlak, die *HOP-Witskrif* (1994); die *Makro-ekonomiese Strategie vir Groei; Werkskepping en Herverdeling* (GEAR 1996); die *Presidensiële Spitsberaadsooreenkoms oor Werkskepping* (1998); die *Witskrif vir Plaaslike Regering* (1998); die *Groenskrif vir Ontwikkeling en Beplanning* (1999); die Wet op die Fasilitering van Ontwikkeling van 1995; die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering se Konsepbeleidbesprekingsdokument aangaande *Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling* (2000); die *Witskrif vir 'n Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling en Bevordering van Klein Sake in Suid-Afrika*; die Inter-Ministeriële Verslag oor *Armoede en Ongelykheid in Suid-Afrika* (1998); die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se *Verslag oor die Stand van Suid-Afrika se Bevolking* (2000); die Wet op Billike Indiensneming (1998); die *Groenskrif vir 'n Vaardighedsontwikkelingstrategie vir Ekonomiese en Werkskeppingsgroei in Suid-Afrika* (1997); die Nasionale Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede (1998); en die *Witskrif vir Wetenskap en Tegnologie* (1996).

Op provinsiale en plaaslike vlak is dit onder meer die Provinsiale Regering se *Provincial Growth and Development Strategy* (1996), *Translating GEAR for the Western Cape* (1997); *An Analysis of Poverty in the Western Cape as Enumerated in the 1996 Sensus* (1999), *Draft Provincial Strategic Plan (2000) and Fiscal Policy 2001-2004* (2000); die Kaapse Metropolitaanse Raad se *Going Global, Working Local* (1999); *Poverty Reduction Framework for Local Government in the Cape Metropolitan Area* (1999b), en *Good Practice Lessons and Case Studies for the Delivery of Economic Development Services* (2000); die ekonomiese ontwikkelingstrategieë wat deur 'n aantal van die provinsie se grootste plaaslike owerhede

opgestel is; die Provinsiale Ontwikkelingsraad se *Shaping the Future*, 'n konsensus-gebaseerde strategie vir provinsiale groei en ontwikkeling; en 'n aantal Wesgro publikasies, insluitende die *Western Cape Economy on the way towards Global Competitiveness with Social Stability* (1998), *Cape Africa: Doing Business in Africa* (1999); en *Western Cape Economic Monitor November 2000: Business Prospects 2001* (2000).

In die lig van die belangrike rol van toerisme vir die groei en ontwikkeling van die provinsiale ekonomie behoort hierdie Witskrif veral saamgelees te word met die *Wes-Kaapse Witskrif vir Toerisme* wat in Mei 2001 deur die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme gepubliseer is.

1.7 SKAKELS MET DIE PROVINSIE SE OORKOPELENDE BELEIDSDOELWITTE

Die visie en strategiese raamwerk wat in hierdie dokument vervat is, weerspieël ook die *tien oorkoepelende beleidsdoelwitte* wat die Provinsiale Regering in September 1999 aanvaar het ten einde sy toekomstige werk om die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die provinsie te stimuleer, te rig. Hulle is:

- Om 'n veiliger omgewing vir al ons mense te skep;
- Om 'n bemagtigende omgewing te skep wat hom tot ekonomiese groei leen;
- Om die mense van die provinsie op die kennis-ekonomie van die 21ste eeu voor te berei;
- Om die verspreiding van MIV/vigs en TB in toom te hou;
- Om die armes van ons provinsie deur die lewering van basiese dienste te bemagtig;
- Om die gehalte en toeganklikheid van dienste wat die Provinsiale Regering lewer, te verbeter;
- Om die totale omgewing vir die optimale ontwikkeling van ons mense te beskerm, te verbeter en te bevorder;
- Om die fisiese infrastruktuur wat vir die ontwikkeling van die provinsie nodig is, in stand te hou en te verbeter;
- Om die provinsie, as die poort tot Afrika, al hoe sterker met die land en die vasteland te verbind;
- Om 'n landelike ontwikkelingstrategie te ontwikkel.

Die ontwikkeling van 'n volhoubare landelike ontwikkelingstrategie vir die provinsie sal van besondere belang wees. Die doel is om te verseker dat mense wat in die Wes-Kaap se landelike gebiede woon, waar toestande van veragtering dikwels heers, 'n gelyke geleentheid het as diegene wat in die metropolitaanse gebiede woon om baat te vind by, en by te dra tot, die provinsie se ekonomiese groei en ontwikkeling 'n Afsonderlike beleidsdokument wat met hierdie Witskrif skakel, sal dus deur die Minister van Landbou opgestel word.

Die visie en strategiese raamwerk in hierdie Witskrif is ook in ooreenstemming met die visie en doelwitte van die Provinsiale Strategiese Plan (PSP), wat in 2000 deur die Provinsiale Beplanningskomitee tesame met die Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR) geformuleer is. Die visie wat in die PSP beskryf word, is dié van "Die Wes-Kaap, 'n veilige maatskaplike en ekonomiese omgewing van wêreldgehalte met harmonie, gelyke geleentheid en toegang, groei, ontwikkeling en sekuriteit, waar die impak van armoede beperk is." Die vyf primêre doelwitte van die PSP is:

- *Welheid*: om die welheid van alle mense deur beplande maatskaplike verandering te verseker, met die nadruk op die geïdentifiseerde behoeftes van kwesbare groepe en gemeenskappe;
- *Ekonomies*: om 'n gesonde, dinamiese en volhoubare Wes-Kaapse ekonomie te koester, te bevorder en te help bewerkstellig (aan te help);

- *Veilige Provinsie*: om 'n veilige provinsie, wat so ontwikkel en bestuur word dat welsyn bevorder word, dit te verseker en te handhaaf;
- *Menslikehulpbronontwikkeling*: om lewensgehalte te verbeter deur die menslikehulpbronskapasiteit van die mense te ontwikkel vir 'n dinamiese en produktiewe samelewing, in die besef dat daar geen ontwikkeling sonder selfontwikkeling is nie;
- *Institusioneel*: om effektiewe, doeltreffende en volhoubare regering te verseker.

1.8 STRUKTUUR VAN DIE WITSKRIF

Benewens hierdie inleidende hoofstuk, is die Witskrif soos volg gestruktureer:

- *Hoofstuk 2* bespreek die veranderende globale konteks en lig die geleentheid en uitdagings uit wat die imperatiewe van globale mededinging en die opkoms van die kennis-ekonomie vir die Wes-Kaap bied.
- *Hoofstuk 3* lig die geleentheid en uitdagings uit wat die veranderende binnelandse beleidskonteks bied en plaas die Wes-Kaap in die veranderende (Suider-Afrikaanse) streekskonteks.
- *Hoofstuk 4* gee 'n bondige ekonomiese profiel van die Wes-Kaap en lig sommige van die provinsie se belangrikste sterk en swak punte uit waar die provinsie hom gereed maak vir die kennis-ekonomie van die 21ste eeu.
- *Hoofstuk 5* gee 'n uiteensetting van 'n ekonomiese visie en 'n aantal strategiese sleutelimperatiewe vir die Wes-Kaap wat met die provinsie se algemene beleidsdoelwitte ooreenstem.
- *Hoofstuk 6* stel 'n strategiese raamwerk en sleutelinisiatiewe voor waardeur die visie en imperatiewe verwesenlik kan word.
- *Hoofstuk 7* gee 'n uiteensetting van voorstelle vir 'n herstruktureerde institusionele raamwerk vir ekonomiese groei en ontwikkeling in die provinsie.
- *Hoofstuk 8* identifiseer en behandel sommige van die implikasies wat die nuwe strategiese en institusionele raamwerke vir sleutelhulpbronne inhou.

HOOFSTUK 2: DIE GLOBALE KONTEKS

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk ondersoek kortliks die dinamiek van globalisering en die opkoms van die kennis-ekonomie en bespreek sommige van die belangrikste implikasies vir ontluikende ekonomieë soos Suid-Afrika en streke soos die Wes-Kaap. Aan die hand van lesse wat uit die internasionale ervaring geleer is, fokus dit in die besonder op die groeiende belangrikheid van subnasionale streke in die wêreld ekonomie, die kenmerke van suksesvolle kennisstreke, die meganismes om 'n positiewe siklus van streeks groei en – ontwikkeling aan die gang te kry en in stand te hou, en die rol van streeksregerings. Die slotafdeling ondersoek sommige van die uitdagings en bedreigings wat die globale kennis-ekonomie inhou, en argumenteer ten gunste van 'n geïntegreerde en holistiese benadering wat toenemende globale mededingendheid kombineer met maatreëls om die sosio-ekonomiese opheffing van die armste sektore van die gemeenskap te verseker.

2.2 GLOBALISERING

Globalisering verwys na die sneller wordende pas van ekonomiese interaksie tussen mense van verskillende lande, wat lei tot 'n kwalitatiewe verskuiwing in die verhouding tussen nasies en nasionale ekonomieë. In die afgelope jare het dit die vorm aangeneem van 'n dramatiese toename in die vloeï van goedere en dienste, kapitaal, mense en kennis oor nasionale grense heen. Oor die tydperk 1985 – 1996, toe globale produksie met 'n derde toegeneem het, het die wêreldhandel in goedere verdubbel en die handel in dienste verdriedubbel. Hierdie neiging het gepaard gegaan met 'n skerp toename in kapitaalvloeï. Tussen 1990 – 96 het meer as 'n triljoen dollar aan kapitaal op 'n netto grondslag na die ontwikkelende lande gevloeï. Na 'n afname tydens die Asiese krisis van 1998 het die internasionale vloeï weer hoë vlakke bereik. Terselfdertyd beteken die uitbreiding van internasionale kommunikasie- en IT-stelsels dat inligting en kennis nou vinniger as ooit tevore regoor die wêreld versprei kan word.

Onder die talle gevolge van globalisering vir streekse ekonomieë en die maatskappye aldaar is *twee* van besondere belang:

- **Toenemende mededinging.** Die verwydering van handelsbelemmerings en die toename in handel in verhouding tot totale produksie het mededinging verskerp. Op sy beurt stel dit 'n premie op kostevoordeel en produktiwiteit, wat druk plaas op groter doeltreffendheid en 'n versnelde pas van innovering.
- **Die verspreiding van globale produksiestelsels.** 'n Wye reaksie op groter kostemededinging is dat maatskappye tot globale produksiemetodes en –stelsels oorgegaan het. In dié stelsels word verskillende fases en komponente van wat voorheen één proses was wat op één plek uitgevoer is, nou in verskillende wêrelddele uitgevoer om plaaslike kostevoordele te benut. Dit word dan alles saamgesnoer deur verbeterde kommunikasie- en vervoermiddels. Vandag is een vyfde van vervaardigingsproduksie van oor die wêreld “geïnternasionaliseer”, en dienste is besig om dieselfde rigting in te slaan. Ongeveer 30% van wêreldhandel vind ook binne maatskappye plaas eerder as tussen verskillende maatskappye.

Om in die meedoënlose mededinging van die globale mark sukses te behaal, moet streke en maatskappye fokus op watter bronne ook al voordele bied. Daar is *twee* belangrike bronne wat sulke voordele bied:

- **Laekosteierskap** Maatskappye kan daarna streef om deur superieure produksiedoeltreffendheid, laer winsmarges en/of laer insetkoste ten opsigte van arbeid, grondstowwe, vervoer, belastings en ander insetkoste laekosteiers op die mark te wees.
- **Produk differensiasie** Maatskappye kan daarna streef om deur middel van innovering, gehalte en die ontwikkeling van 'n onderskeidende merkbeeld hul produkte van dié van hul mededingers te onderskei.

Met uitsondering van toerisme, vind maatskappye in ontwikkelende lande dit moeilik om die differensiasiestrategie te volg. Differensiasie op grond van innovering en tegnologie vereis dat die maatskappy op die voorpunt van globale tegnologiese kundigheid moet wees. Die oorgrote meerderheid van maatskappye in ontwikkelende lande is dus geneig om, minstens in die vroeë stadiums, op kostegebaseerde strategieë te konsentreer. Die suksesvolstes vaar dan goed deur met verloop van tyd hul kostevoordeel tot meer waardevolle en komplekse aktiwiteite uit te brei. Die skuif na produksie van ware met 'n hoër toegevoegde waarde vereis groter vaardighede van die plaaslike bevolking, wat hoër salarisse in die hand werk. Nietemin het hoër produktiwiteitswins gemaak dat die grondslag vir kostevoordeel verander word eerder as dat dit geërodeer word.

2.3 DIE OPKOMS VAN DIE KENNIS-EKONOMIE

By die oorgang tot die 20ste eeu was die oorgrote meerderheid van werkers in selfs die mees ontwikkelde ekonomieë betrokke by laag- of halfgeskoolde arbeid in die landbou- of vervaardigingsektor. Vandag is die situasie heel anders. In die Verenigde State, byvoorbeeld, het werknemers wat hoofsaaklik met kennis werk, van 28% van die totale arbeidsmag aan die begin van die eeu tot 70% vandag gestyg. Die betreklik kennis-intensiewe dienssektor lewer meer as twee derdes van die nasionale inkomste in gevorderde ekonomieë, en 57% van Suid-Afrika se BBP. Ander sektore, soos landbou, mynbou en vervaardiging, is toenemend afhanklik van kennistoepassing om produksie te verhoog. So, byvoorbeeld, beloop uitgawes ten opsigte van inligting die helfte van die koste verbonde aan die vind en ontginning van olie.

Die kennis-omwenteling het baie belangrike gevolge vir samelewings oor die hele wêreld. Drie daarvan is van besondere belang:

- **Die oorgang van nywerheidsamelewing na kennissamelewing.** Die kennis-omwenteling is nie bloot 'n gebeurtenis binne sekere hoëtegnologiemaatskappye nie. Soos Tabel 1 hieronder aantoon, het dit belangrike breër gevolge op die vlak van die samelewing, die maatskappy en die individuele werknemer. Die kennis-ekonomie behels fundamenteel nuwe werkwyses, nuwe bestuurspraktyke, nuwe bevoegdhede by werknemers en 'n nuwe rol vir die regering en sy regulerende agentskappe.
- **Fisiese oorvloed.** Die toepassing van kennis en tegnologie het die produksie uit bepaalde fisiese hulpbronne dramaties laat toeneem. Op globale vlak het dit gelei tot 'n oorvloedige aanbod in verhouding tot die aanvraag na produkte soos voedsel, minerale, olie en vervaardigde goedere, maar die verspreiding daarvan is swak. Dit het 'n jare lange afwaartse neiging in kommoditeitspryse tot gevolg gehad. Hoewel dit goeie nuus vir verbruikers in beide die ontwikkelde en ontwikkelende lande is, het hierdie ontwikkeling ernstige negatiewe gevolge gehad vir ekonomieë wat hoofsaaklik op kommoditeitsvervaardiging gebaseer is.
- **Die groeiende gaping tussen geskoolde en ongeskoolde werkers.** Die premium wat die kennis-omwenteling op vaardighede stel, het die gaping tussen geskoolde en ongeskoolde werkers vergroot

sover dit loon en die kanse op werk betref. Die vraag na ongeskoolde werkers in die gevorderde ekonomieë het oor die afgelope twintig jaar beduidend verminder. Vanweë verskillende arbeidstelsels het dié verskynsel hom in die VSA gemanifesteer as laer lone vir ongeskoolde werkers, en in Europa as hoër werkloosheidsyfers vir ongeskooldes. In die ontwikkelende wêreld, waar die vlakke van algemene vaardighede laer is, is hierdie neigings selfs duideliker waarneembaar. In Mexico, byvoorbeeld, het werkers met laerskoolopleiding of minder ondervind dat hul inkomste met tussen 15 en 32% oor die afgelope dekade gedaal het. Dit het 'n baie sterk impak op ongeskoolde vrouewerkers. In Mexico het die persentasie vrouewerkers in die maquiladoras (monteerfabrieke) van 77% in 1982 tot 60% in 1990 gedaal. In baie ontwikkelende lande is werkloosheidsyfers vir ongeskoolde werkers ontstellend hoog en is dit aan die toeneem.

Tabel 1: Die oorgang van nywerheidsamelewing tot kennissamelewing

	Nywerheidsamelewing	Kennissamelewing
Uitwerking op die mark	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Nasionale mededinging ▪ Prysmededinging ▪ Gestandaardiseerde produkte ▪ Massaverbruik ▪ Skeiding van diens- en vervaardigingsbedrywe ▪ Afsonderlike tegnologieë 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Globale mededinging ▪ Gehaltemededinging ▪ Produkte volgens bestelling ▪ Marksegmentering ▪ Integrasie van diens- en vervaardigingsbedrywe ▪ Geïntegreerde tegnologieë
Uitwerking op produksie en organisasie	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Massaproduksie ▪ Fokus op koste ▪ Werkdifferensiasie en departementalisasie ▪ Senioriteit verleen werksekerheid ▪ Gesentraliseerde en hiërgiese bestuurstrukture ▪ Goed gevestigde roetines 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Buigsame produksie ▪ Fokus op innovering ▪ Projek- en spanwerk, en veelvuldige vaardighede ▪ Bevoegdheid verleen werksekerheid ▪ Platter en gedentraliseerde bestuurstrukture ▪ Voortdurende evolusie van nuwe roetines
Uitwerking op die manier van vervaardiging	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Vaste kapitaal as belangrikste bate ▪ Handarbeid ▪ IT as 'n ondersteunende hulpmiddel ▪ Individuele kennis ▪ Geskeie tegnologieë 	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Menslike kapitaal as belangrikste bate ▪ Kenniswerk ▪ IT as 'n produksiestelsel ▪ Gedeelde kennis ▪ Geïntegreerde tegnologieë

Ten einde met welslae in die kennis-ekonomie te deel, sal maatskappye vaardiger moet word met kennisverkryging en die toepassing daarvan as allerbelangrike bestanddeel van die deurlopende verbeteringsproses waarin hulle betrokke moet raak om voor hul mededingers te bly. Nasionale en provinsiale regerings, tesame met openbare, private en NRO-onderwys-, opleidings- en navorsingsinstellings, sal ook 'n belangrike rol te vervul hê om 'n paslik geskoolde werksmag op te bou (veral op die gebied van kognitiewe vaardighede soos wiskunde, redeneervermoë en kommunikasie) en om 'n leerkultuur te ontwikkel. Dié lande wat hul burgers en maatskappye in staat stel om kennis op 'n meer effektiewe wyse te verkry, te genereer en toe te pas, sal al hoe meer die suksesvolle lande en streke binne die globale ekonomie wees.

2.4 DIE BELANGRIKHEID VAN STREKE IN DIE GLOBALE EKONOMIE

Nasionale ekonomiese beleidsraamwerke in verskillende lande neig al hoe nader na mekaar vanweë die impak van die internasionale kapitaalmarkt, multilaterale handelsooreenkomste en, in die geval van ontwikkelende lande, die druk van internasionale finansiële instellings soos die IMF en die Wêreldbank. Namate nasionale beleidsraamwerke dus meer gelykvormig word en nasionale grense minder belangrik, word streekskenmerke (subnasionaal en transnasionaal) al hoe belangriker wanneer maatskappye oor lokaliteite moet besluit. Streke oor die wêreld heen verskil beduidend ten opsigte van die gehalte van arbeid, infrastruktuur, werketiek en vaardighedsbasis. Die toenemende belangrikheid van streke, stede en lokaliteite in die globale ekonomie is in verskeie onlangse dokumente benadruk, insluitende die jongste ontwikkelingsverslag van die Wêreldbank, *Entering the 21st Century* (World Bank, 1999), wat fokus op die twee verwante temas van globalisering en lokalisering as sleutelemente in ekonomiese groei en ontwikkeling.

Talle lande het dus reeds subnasionale streeksbenaderings tot ekonomiese groei en ontwikkeling aanvaar, of is besig om daartoe oor te gaan. Die Britse regering, byvoorbeeld, het onlangs die instelling van agt streeksontwikkelingsagentskappe gefasiliteer. Die oogmerke van sulke agentskappe is onder meer groter sakemededingendheid, die verbetering van vaardighede, stedelike en landelike vernuwing, werkskepping en die vermindering van maatskaplike eksklusiwiteit, alles binne 'n raamwerk van volhoubare ontwikkeling.

2.5 EIENSKAPPE VAN SUKSESVOLLE KENNISSTREKE

Suksesvolle streke het tipies een of 'n kombinasie van twee breë benaderings gevolg om kennis te verkry en te gebruik. Dit val saam met die strategieë vir laekosteieurskap en produktdifferensiasie wat in afdeling 2.2 hierbo geskets word. Streke wat streef na laekosteieurskap het hulle gewend tot *tegnologiese kundigheid*, waarvan 'n belangrike kenmerk is dat kennis van ander, meer gevorderde maatskappye en streke verkry word. Dié wat produktdifferensiasie nastreef, het *innovering* as hul hoof-kennisstrategie gebruik. Die hoofkenmerke van hierdie twee strategieë word hieronder uiteengesit.

Hoewel streke soos die Wes-Kaap belangrike lesse uit die ervarings van suksesvolle kennisstreke in ander wêrelddele kan leer, is daar geen absolute "goue reëls" vir sukses nie. Soos Amin (1998), die Wêreldbank (1999) en ander waarnemers van streeksontwikkeling uitgewys het, is streeksontwikkeling ook afhanklik van talle eksterne veranderlikes (insluitende die globale en nasionale makro-ekonomiese omgewing), waarvoor individuele streke min of geen beheer het.

2.5.1 Tegnologiese Kennis

Streke in ontwikkelende lande, soos die Wes-Kaap, en die maatskappye aldaar, wil wêreldmarkte suksesvol betree. Dit beteken dat hulle moet leer om meer en meer komplekse en waardevolle dinge te doen op maniere wat globaal mededingend is. Sodoende kom hulle egter voor 'n dilemma te staan. Die gevorderde kennis ten opsigte van produksie en marktoetrede wat hulle nodig het, is selde op die winkelrak beskikbaar. Pleks daarvan is dié voorreg dikwels net 'n klompie gevorderde maatskappye beskore wat hulle na aan die voorpunt van tegnologiese ontwikkeling bevind. Maatskappye in ontwikkelende lande moet derhalwe aanklop by internasionale maatskappye wat reeds oor die kennis beskik. Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat sulke internasionale maatskappye daartoe geneë sal wees om hul kennis met moontlike toekomstige mededingers te deel, tensy die kennisoordrag in omstandighede

plaasvind wat duidelike en onmiddellike voordele vir hulle inhou. Klassieke voorbeelde van sulke voordele is ontwikkelende streke (vergeleke met Europa en Noord-Amerika) wat geskoolde arbeid, komponente en produkte teen betreklik lae koste voorsien.

Deur 'n voortgesette leerproses kan kostevoordele uitgebrei word tot verwante prosesse wat meer kompleks is, om sodoende meer waarde in die streek toe te voeg en weg te beweeg van laeloonstrategieë na hoëproduktiwiteitstrategieë. Kenmerkend behels dit die volgende stadiums:

- **Stadium 1:** buitelandse regstreekse investering deur 'n internasionale maatskappy wat betreklik eenvoudige aktiwiteite (soos monterfabrieke) in laeloon- en laekostelokaliteite op die been bring.
- **Stadium 2:** die ontwikkeling van plaaslike subkontraakteurs wat die buitelandse maatskappy van 'n verskeidenheid van komponente en subprosesse voorsien (soos in Ierland die geval is, vereis dit tipies dat die regering tussenbeide kom om binnelandse koppelprogramme te bevorder).
- **Stadium 3:** die toename in grootte en sofistikasie van 'n aantal plaaslike subkontraakteermaatskappye, sodat hulle in staat gestel word om die hele produk volgens 'n lisensieringssooreenkoms met die buitelandse vennoot te vervaardig.
- **Stadium 4:** die skuif wat 'n aantal suksesvolle maatskappye in ontwikkelende lande maak (soos Samsung, Anam en Acer) om produkte volgens eie ontwerp te vervaardig. In dié stadium is die maatskappy in die ontwikkelende land se tegniese vermoëns kwalik meer te onderskei van dié van die buitelandse vennoot of kliënt, en die maatskappy kan begin om eerder onafhanklik as onder lisensie te bemark.

Vordering deur dié stadiums is egter selde spontaan. Dit is tipies dat sulke vordering gepaard gaan met die tussenkoms en steun van die regering, veral by wyse van onderwys en opleiding. Ondanks verskille in makro-ekonomiese en nywerheidsbeleid het Suid-Korea, Maleisië, Taiwan, Singapoer, Hongkong en Ierland almal dié strategieë suksesvol toegepas en die verskillende stadiums deurloop. Deur sulke strategieë te gebruik, het Maleisië die voorste globale vervaardiger van videokassetopnemers geword, Korea die voorste vervaardiger van geheuemikroskyfies, en Singapoer die voorste vervaardiger van rekenaarskyfaandrywers. Hulle het nie net kennis via hul bande met internasionale maatskappye verkry nie, maar ook ander verwante maniere gebruik om toegang tot kennis te kry, byvoorbeeld oorsese opleiding, die aanstelling van buitelandse kundiges, vennootskappe met oorsese tegnologie-institute, en aansporingsmaatreëls om gekwalifiseerde burgers wat in die buiteland werk, terug te lok.

2.5.2 Innovering

Innovering, deur die generering van nuwe kennis en die toepassing daarvan op sowel produk as prosesse, is die tweede belangrikste manier waarop maatskappye en streke kennis verkry. In die geval van baie bedrywe is die wêreld se innoverende maatskappye in enkele klein geografiese gebiede, en soms in net een, geleë. Dit geld, byvoorbeeld, vir bedrywe soos drukkerie (Wes-Sentraal-Duitsland), keramiek (Sassuolo, Italië), en mikroprosessor-ontwerp (Silicon Valley). Dié soort ruimtelike groepering van innoverende nywerhede dui daarop dat geografiese en streeksdinamiek moontlik sleutelfaktore by die innoveringsproses op die voorpunt van die tegnologie is.

Studies van sulke streke dui op 'n aantal sleutelfaktore wat geslaagde innovering fasiliteer. Dit sluit in:

- Die groepering van verskeie groot maatskappye en ‘n groot aantal kleineres wat by ‘n bepaalde bedryf inskakel - dit bevorder mededinging maar fasiliteer ook die verspreiding van nuwe kennis;
- Die konsentrasie van akademiese en toegepaste talent en ‘n gesamentlike kultuur van navorsing;
- Die teenwoordigheid van universiteite en ander onderwys- en opleidingsinstellings (openbaar en privaat) van wêreldgehalte, en die noue wisselwerking tussen sulke instellings en die sakegemeenskap;
- Die bestaan van ‘n dinamiese arbeidsmark;
- Die nabyheid van verskaffers en kliënte, wat sorg dat innovering deur erkenbare markbehoefte aangedryf en getoets, en vinnig in ooreenstemming daarmee aangepas word;
- ‘n Omgewing, insluitende die beskikbaarheid van waagkapitaal en die teenwoordigheid van ‘n menigte verskaffingsmaatskappye en –dienste van gehalte, wat nuwe ondernemings aanmoedig en die koste verbonde daaraan om van idee tot produk te beweeg, minimaliseer;
- ‘n Kultuur wat ondernemerswaagmoed na waarde skat, mislukkings vergewe, en welslae vier.


2.6 DIE POSITIEWE SIKLUS VAN STREEKSGROEI EN –ONTWIKKELING


Hoewel streke groei en kwyn, lyk dit of die ekonomiese sukses van ‘n streek oor baie dekades kan strek as daarna gekyk word. Hoe werk dié dinamiek? Een belangrike element is die skepping van ‘n omgewing waar die nabyheid van maatskappye waardevolle byvoordele vir ander maatskappye bied, sodat ‘n streek met ‘n bestaande nywerheid ‘n aantrekliker lokaliteit is as een daarsonder. Drie byvoordele is van besondere belang. Hulle is:

- **‘n Poel geskoolde arbeid met diepte en mobiliteit.** Maatskappye verkies ‘n ligging waar hulle toegang het tot ‘n goeie keuse van werkers met die spesiale vaardighede wat hulle nodig het. Dit lok meer sakeondernemings wie se werknemers die poel vergoot en verskeidenheid daaraan bied. Binne die poel word werknemers aan beste praktyk blootgestel.
- **Spesialis-insette.** Maatskappye verkies ‘n lokaliteit waar hulle toegang tot ‘n parate, gesofistikeerde en koste-effektiewe bron van spesialis-insette het. Dit stimuleer die plaaslike verskaffingsbedryf. Namate die plaaslike verskaffingsbedryf omrede van toenemende skaalopbrengste meer produktief word, skep dit die omstandighede wat lae koste in die hand werk, wat verdere investering na die streek lok.
- **Verkryging van kennis en oorloopwerking tussen maatskappye.** Maatskappye verkies ‘n lokaliteit waar hulle kennis van bestaande ondernemings kan kry (deur oornames en samesmeltings, die deel van kennis, of die aanstelling van hoogs gekwalifiseerde tegniese en professionele personeel). Op sy beurt, lok dit meer maatskappye na die streek.

Die selfversterkende dinamiek van die “positiewe siklus” word in die diagram in Venster 1 hieronder aangetoon.

Venster 1: Die Positiewe Siklus van Streeks groei en -Ontwikkeling





2.7 INSTITUSIONELE DIEPTE

Die hedendaagse mening oor die internasionale ontwikkeling van streeksektore beklemtoon die belangrikheid van 'n bykomende en verwante faktor wat suksesvolle ekonomiese streeksontwikkeling bevorder en in stand hou - samewerking tussen maatskappye, verskaffers, die regering, onderwysinstellings en ander ekonomiese rolspelers. Dit behels die versterking van die "institusionele diepte" van die omgewing waar maatskappye funksioneer deur op hul kollektiewe doeltreffendheid voort te bou (sien Amin, 1998). Met die massiewe impak van die Oos-Asiese ekonomieë en veral China word mededingendheid nie meer bloot deur faktorkoste bepaal of gedryf nie, maar deur die vermoë van sektore en groeperings om kollaboratiewe verhoudings en sinergieë te skep sodat hulle kan saamwerk en van mekaar kan leer en effektief met ander streke kan meeding. Streeksregerings vervul 'n belangrike fasiliterende rol in hierdie proses, in die besonder deur herstrukturering op maatskappyvlak te steun, samewerking en netwerkskepping tussen maatskappye aan te moedig, en tersaaklike vaardighedsopleiding en ontwikkeling te verskaf.

2.8 MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING EN EKONOMIESE BEMAGTIGING

Wanneer lesse uit die internasionale ervaring van streeksontwikkeling geleer word, is dit belangrik om te onderskei tussen die streeksdinamiek in die geval van Asië en die VSA aan die een kant, en Europa aan die ander kant. In die geval van die Asiese en VSA voorbeelde wat in hierdie hoofstuk bespreek word, het geslaagde ekonomiese innovering plaasgevind, maar dikwels sonder om die breër maatskaplike ontwikkeling van die omringende streke in ag te neem. In sommige van die Asiese voorbeelde word ekonomiese welslae geneutraliseer deur kras en ondemokratiese optrede deur die regering, soos die onderdrukking van vakbondaktiwiteite. In Europa word ekonomiese streeksontwikkeling egter tipies binne die raamwerk van breër maatskaplike doelstellings beplan en geïmplementeer.

In ontwikkelende lande soos Suid-Afrika is 'n belangrike aspek van strategieë om 'n positiewe siklus van ekonomiese streeks groei te vestig, en ontwikkeling sal derhalwe beteken dat ondernemings bevorder word en gemeenskappe wat voorheen benadeel en uitgesluit is, bemagtig word (op verskeie maniere, van KMMO-ontwikkeling tot gesamentlike ondernemings en vaardighedsopleiding en kapasiteitsbou). Dit sal verseker dat elkeen die geleentheid gebied word om te baat by, en by te dra tot, die streek se groei en ontwikkeling. Die jongste ontwikkelingsverslag van die Wêreldbank (World Bank, 1999, 20-21), lê klem daarop dat dit die ontwikkeling van kollaboratiewe inisiatiewe en vennootskappe tussen die regering, die private sektor, NRO's, bystandagentskappe en, in die besonder, die gemeenskappe self sal behels. Dit sal ook die effektiewe skakeling van strategieë vir ekonomiese groei en mededingendheid met ander

doelstellings van die breër ontwikkelingsproses behels, soos armoedeverligting, onderwys, gesondheid, die bevordering van geslagsgelykheid, en die beskerming van die omgewing.

In hierdie dokument word onder *ekonomiese bemagtiging* 'n geïntegreerde en samehangende sosio-ekonomiese proses verstaan wat gemik is op (i) die skepping van ekonomiese geleentheid vir individuele burgers, veral diegene wat voorheen benadeel is, om hul posisie en dié van hul gesinne te verbeter; (ii) die regstelling van die ongelykhede van die verlede deur die strewing om eienaarskap, bestuur en beheer van Suid-Afrika se finansiële en ekonomiese hulpbronne wesenlik en op billike wyse in die meerderheid van sy burgers te vestig; en (iii) die versekering van breër en betekenisvolle deelname aan die ekonomie deur voorheen benadeelde individue en gemeenskappe ten einde volhoubare ontwikkeling en voorspoed te verwesenlik.

Die term *voorheen benadeel* word in hierdie dokument gebruik om dié individue en gemeenskappe in te sluit wat in die verlede gemarginaliseer is en gemarginaliseer bly, en wat die kwesbaarste is vir die gevolge van armoede en maatskaplike ontbering. Hulle sluit swart mense in (Afrikane, bruin mense en Indiërs/Asiërs), vroue, jong mense, bejaardes en mense met ongeskikthede.

2.9 DIE ROL VAN DIE REGERING

Wanneer die positiewe siklus van ontwikkeling aan die gang gesit en in stand gehou word, vervul plaaslike en streeksregering 'n allerbelangrike fasiliterende rol. In medewerking met hul maatskaplike vennote het die regering in suksesvolle streke gehelp om korttermynbeperkings te bowe te kom terwyl hulle ook omgesien het na langertermynbelange soos die gehalte van die omgewing. In die proses het hulle tipies die volgende gedoen:

- ***Hulle het 'n arbeidsmag met hoëvlak kognitiewe vaardighede en die kapasiteit om baie doeltreffend aan te hou met leer, geskep.*** In 1945 was meer as 70% van Suid-Korea se bevolking ongeletterd. Teen die sewentigerjare het ongeletterdheid verdwyn. Teen die laat tagtigerjare het een uit elke vier Koreaners aan 'n kollege of universiteit gestudeer.
- ***Hulle het toestande en beleide in plek gestel om buitelandse investering en goed gekwalifiseerde uitgewekenes asook emigrante te lok.*** VSA-maatskappye, wat deur belastingaansporingsmaatreëls en betreklik lae arbeids- en ingenieurskoste gelok is, het in 1982 met die vervaardiging van rekenaarskyfaandrywers in Singapoer begin. Vandag vervaardig Singapoer meer as die helfte van die wêreld se skyfaandrywers, en die land het wegbeweeg van lae lone en lae vervaardigingskoste na mededingende kostevoordele gegrond op gevorderde vaardighede en hoë produktiwiteit. Ierland het aansporingsmaatreëls ingestel om geskoolde plaaslike werkers wat na ander lande geëmigreer het, terug te lok.
- ***Hulle het die verspreiding van kennis deur gespesialiseerde opleiding versnel.*** In Singapoer, Hongkong en Taiwan is gespesialiseerde sektorale beroepsinstellings op die been gebring om gehalte-opleiding te verskaf wat spesifiek in die behoeftes van verskillende bedrywe voorsien. Ierland, Denemarke en Nederland het almal op groot skaal in aanvraagspesifieke vaardigheidsopleiding belê.
- ***Hulle het 'n doeltreffende laekoste-omgewing en puik laekoste-infrastruktuur voorsien.*** Die doeltreffendheid en kostevoordele van Singapoer se hawefasiliteite en telekommunikasiestelsels was 'n belangrike faktor om buitelandse investering te lok.
- ***Hulle het 'n omgewing geskep wat ondernemers en nuwe ondernemings gesteun het.*** In Silicon Valley, byvoorbeeld, is 'n buigsame regulerende raamwerk en 'n gunstige omgewing vir waagkapitaal en private ekwiteitsfondse geskep; so ook 'n kultuur van ondernemerswaagmoed wat verdraagsaamheid, kreatiwiteit, harde werk en sukses verheerlik. In Ierland is waagkapitaal aan

akademici en geskoolde werknemers van transnasionale korporasies beskikbaar gestel sodat hulle hul eie ondernemings kon begin.

- **Hulle het die ontwikkeling van universiteite van wêreldgehalte met hegte bande met die sakegemeenskap, aangemoedig.** Voorbeelde sluit in die rol van Stanford Universiteit in die sukses van Silicon Valley, die rol van die India Technology Institute in die sukses van Bangalore, en die rol van die Limerick Institute of Technology in Ierland (laasgenoemde en MIT is suster-instellings).
- **Hulle het samewerking en netwerkskepping tussen maatskappye aangemoedig.** Voorbeelde sluit in die suksesvolle Bo-Oostenrykse Tegnologienetwerk.
- **Hulle het maatskaplike insluiting en die ontwikkeling van volhoubare gemeenskappe bevorder** om te verseker dat alle burgers deel in en baat by die prosesse van ekonomiese groei en ontwikkeling.² Soos reeds genoem, het regeringsbeleid in Europe veel meer hierop gekonsentreer as in Asië of die VSA. Voorbeelde is die Irish Social Accord en die ervaring van die Ierse ondernemings- en streeksontwikkelingsagentskappe, asook die streeksontwikkelingsagentskappe wat onlangs in die VK gevestig is.

2.10 KOPPELING VAN GLOBALE MEDEDINGENDHEID EN ARMOEDEVERLIGTING

Die toekoms lyk blink vir dié lande, streke en individue met die nodige onderwys, opleiding en vaardighede om in die globale kennis-ekonomie mee te ding. Vir diegene daarsonder lyk dit egter minder hoopvol. Die ondervinding het geleer dat, as daar sonder meer staatgemaak word op markkragte (binnelands sowel as globaal) om die voordele van ekonomiese groei te laat deursyfer na die armes, feitlik in geen gevalle sukses behaal is nie. In sowel die ontwikkelde as die ontwikkelende wêreld het globalisering dikwels met groter gapings tussen “dié wat het en dié wat nie het nie” gepaard gegaan, asook met toenemende ongelykheid en polarisasie tussen die twee wêreld. In die VSA, byvoorbeeld, het meer as 70% van die land se inkomstewins oor die afgelope twee dekades na die boonste 1% van gesinne gegaan, terwyl die posisie van die onderste 60% van gesinne versleg het (Danaher, 1999a).

Op globale vlak ontvang die boonste 20% van die wêreld se bevolking (hoofsaaklik in die gevorderde ekonomieë van die Weste) 83% van die wêreld se inkomste, terwyl die onderste 60% (hoofsaaklik in die ontwikkelende wêreld) minder as 6% ontvang (Danaher, 1999b). Die getal mense wat tans wêreldwyd onder die armoedegrens leef, word op 1,5 miljard geraam, wat 200 miljoen meer is as in 1993 (*Associated Press*, 3 Junie 1999). In Afrika besuide die Sahara leef nagenoeg 40% van die bevolking van minder as een VSA dollar per dag (*Cape Argus*, Verslag oor 29ste Internasionale Konferensie oor Welsyn, 25 Oktober 2000). Die internasionale handelsterme het versleg en finansiële hulpbronne het in baie ontwikkelende lande verswak, wat hul vermoë om die probleme van armoede en ongelykheid aan te pak, erg gestrem het. Dit is dus geen verrassing nie dat die Verenigde Volkere se Verslag oor Menslike Ontwikkeling van 1999 tot die gevolgtrekking kom dat die maatskaplike fragmentasie vanweë globalisering gelei het tot 'n ommekeer in baie van die vordering, wat menslike ontwikkeling betref, wat voorheen deur ontwikkelende lande gemaak is (VVOV, 1999:36).

Feite soos hierdie het aanleiding gegee tot toenemende oproepe, nie net om die vryskelding van skuld vir ontwikkelende nasies nie, maar ook om die hervorming van bestaande internasionale liggame soos die

² Volhoubare gemeenskappe word onder meer gekenmerk deur goeie behuising, winkels en ander geriewe (soos water, afvalverwydering en elektrisiteit) wat vir almal toeganklik is; doeltreffende openbare vervoer waarop staatgemaak kan word; 'n florerende plaaslike ekonomie (hoofstroom en informeel) wat plaaslike ondernemings stimuleer, werk skep en in plaaslike behoeftes voorsien; goeie onderwys- en opleidingsgeleenthede; 'n veilige en gesonde omgewing wat tot mense se fisieke, geestelike en maatskaplike welsyn bydra; doeltreffende en koste-effektiewe kragverbruik; 'n dinamiese en skeppende plaaslike kultuur, goeie regering en hoë vlakke van deelname aan besluitneming.

IMF, die Wêreldbank en die WTO) om die globale ekonomie meer effektief en regverdig te reguleer en aan die ontwikkelende wêreld 'n meer invloedryke rol in die bedryf daarvan te besorg. Hierdie besorgdhede is versterk deur die groeiende skuld van die Derde Wêreld en die Asiëse finansiële krisis van 1998, en is deur baie van die Derde Wêreld se afgevaardigdes na die gedoemde Derde Ministeriële Konferensie van die WTO in Seattle in November-Desember 1999 uitgespreek, asook op die vergadering van die Wêreld Ekonomiese Forum in Davos, Switserland in Januarie 2000, en die 29ste Internasionale Konferensie oor Maatskaplike Welsyn wat in Oktober 2000 in Kaapstad gehou is. Soos talle ander waarnemers was dié afgevaardigdes veral besorg oor die wyse waarop die magtige ontwikkelde lande hul eie produkte en produsente in die naam van vryhandel al hoe meer ten koste van uitvoerders van die Derde Wêreld beskerm.

Aangesien die mag om die huidige internasionale ekonomiese en finansiële stelsel te verander, in hoofsaak by die ontwikkelde lande berus (waarvan die meeste min of geen gevestigde belang daarby het nie), is dit natuurlik te betwyfel of sulke hervorming sal plaasvind. Wat minder te betwyfel is, is die feit dat globalisering, saam met die potensiële voordele en gevare, 'n realiteit is wat alle lande en streke onder die oë moet sien. Daar is nie sprake daarvan dat tussen globale mededingendheid of die verligting van armoede gekies moet word nie. Soos die Kaapse Metropolitaanse Raad se dokument *Going Global, Working Local* (CMC, June 1999) met reg benadruk, is die twee doelstellings so nou verbonde dat hulle saam aangepak moet word.³

Die vermindering van armoede en ongelykheid in die Wes-Kaap asook in ander dele van Suid-Afrika en die ontwikkelende wêreld sal volhoubare ekonomiese ontwikkeling en werkskepping vereis, waarvoor geslaagde deelname aan die globale kennis-ekonomie weer 'n vereiste is. Indien die vlakke van armoede hoog bly is dit onwaarskynlik dat dit sal gebeur. Armoede versterk hoë misdadervlakke, belemmer die volle ontwikkeling van 'n streek se menslike hulpbronne, en skep 'n swak sake-investeringsomgewing. Daar sal dus met geïntegreerde en komplementêre beleide en strategieë vorendag gekom moet word om die negatiewe gevolge van globalisering (soos 'n verlies aan werkgeleenthede weens tariefverlagings en die gebruik van nuwe tegnologie) tot die minimum te beperk en die maksimum positiewe impak daaruit te haal. Sulke beleide en strategieë sal in die besonder moet fokus op maniere om bemagtiging te bevorder en die armes se vaardighede te verbeter en hul ekonomiese potensiaal te verhoog, sodat gebiede soos die Wes-Kaap toenemend in die rigting van vorms van mededingende kostevoordeel, gebaseer op doeltreffendheid, produktiwiteit en innovasie eerder as lae lone, kan beweeg.

'n Belangrike uitdaging in hierdie proses sal wees om werkgeleenthede te skep, veral werkaangeleenthede van 'n beter gehalte en wat groter vaardighede vereis, en om die bevolking daarop voor te berei deur middel van verbeterde onderwys- en opleidingsgeleenthede vir almal. Strategieë vir verbeterde onderwys en opleiding sal egter geakkommodeer moet word binne 'n breër en multidimensionele benadering tot armoedeverligting en gemeenskapsbemagtiging. Soos die KMR se agtergrondnavorsing vir sy *Poverty Reduction Framework for Local Government in the Cape Metropolitan Area* aantoon, wys die internasionale ondervinding op die mislukkings van eendimensionele armoedeverminderingstrategieë wat, byvoorbeeld, alleenlik op onderwys of inkomstegenerering konsentreer (KMR, 1999b). Benewens ekonomiese groei, 'n gesonde makro-ekonomiese raamwerk, politieke stabiliteit, die afwesigheid van oorlog, en lae vlakke van politieke en administratiewe korrupsie, wat almal noodsaaklike (maar onvoldoende) voorvereistes vir effektiewe armoedeverligting is, dui die KMR se navorsing daarop dat 'n volhoubare benadering tot armoedeverligting vyf verbandhoudende aspekte van kritieke aksie moet

³ Die noodsaaklikheid dat armoedeverligting by wyse van 'n holistiese pakket van strategieë en as 'n geïntegreerde deel van die prosesse vir die verbetering van globale mededingendheid aangepak moet word, is ook benadruk op die World Bank Cities Congress wat in Mei 2000 in Washington DC gehou is.

insluit: (i) die verskaffing van 'n minimum veiligheidsnet vir die kwesbaarste lede van die gemeenskap; (ii) die verskaffing van basiese infrastruktuur en dienste; (iii) ruimtelike integrasie en omgewingsgehalte; (iv) werkskepping en ekonomiese bemagtiging; en (v) gemeenskaps- en maatskaplike ontwikkeling.

Die *Report on Poverty and Inequality in South Africa* wat deur die Kantoor van die Uitvoerende Adjunk-President en die Inter-Ministeriële Komitee vir Armoede en Ongelykheid (1998) opgestel is, stel 'n dergelike lys van intervensies voor en, daarbenewens, die noodsaaklikheid dat maatskaplike gelykheid verbeter moet word deur herverdelingsbeleide, wat belasting, markhervorming en die herprioritisering van uitgawes behels. In aansluiting by hierdie belangrike aspektee sou die Provinsiale Regering die noodsaaklikheid van doeltreffende, effektiewe, verantwoordbare en gedentraliseerde regeringsvorms wou byvoeg, wat verantwoordelikheid vir die lewering van dienste aan die laags moontlike vlak deleger, en betekenisvolle geleenthede vir die betrokkenheid van en deelname deur die burgerlike samelewing by die regeringsproses bevorder.

HOOFSTUK 3: DIE NASIONALE EN STREEKSKONTEKS

3.1 INLEIDING

Die koms van die nuwe demokratiese bestel in 1994 het die einde van Suid-Afrika se politieke en ekonomiese isolasie aangekondig en die weg gebaan vir 'n nuwe reeks globale en (Suider-Afrikaanse) streeksgeleenthede wat die nuwe regering se ambisieuse program van binnelandse heropbou en ontwikkeling sou kon steun. Soos met ander lande wat probeer om die moeilike weg tussen politieke demokratisering en maatskaplike geregtigheid aan die een kant, en ekonomiese liberalisering aan die ander kant te bewandel, het die nuwe bestel ook 'n aantal groot uitdagings en teenstrydighede opgelewer. Hierdie hoofstuk sal sommige van dié geleenthede en uitdagings, en die implikasies daarvan vir die Wes-Kaap, ondersoek deur 'n oorsig van die veranderende nasionale en Suider-Afrikaanse konteks te gee.

3.2 DIE NASIONALE KONTEKS

3.2.1 Die makro-ekonomiese konteks

Hoewel Suid-Afrika as 'n middelinkomste-nasie geklassifiseer word, het die ongelykhede van apartheid gelei tot vlakke van armoede, werkloosheid en algemene maatskaplike ontbering vir die meerderheid van die land se swart bevolking, wat eerder aan dié in laeinkomstelende herinner. Daar word bereken dat minstens 40% van die bevolking onder die armoedegrens leef, sonder die nodige hulpmiddele om in hul basiese behoeftes aan dinge soos onderwys, gesondheidsorg, voeding, skooling en water te voorsien.

Ondanks hierdie ernstige binnelandse maatskaplike en ekonomiese probleme het die Suid-Afrikaanse ekonomie verskeie grondliggende sterk punte wat hom in staat gestel het om beter as baie ander ontlukende markte met nadelige internasionale druk oor die weg te kom. Dit sluit in politieke stabiliteit, laer skuldverpligtinge in verhouding tot BBP as in die meeste ontwikkelende lande, 'n betreklik goed ontwikkelde infrastruktuur, 'n betreklik gesofistikeerde en goed gereguleerde bank- en finansiële dienstestelsel, en finansieringsbehoefte op die betalingsbalans wat binne aanvaarbare perke is.

Onderliggende sterk punte soos dié het gemaak dat die lot van intervensies deur die IMF en die Wêreldbank ten opsigte van strukturele aanpassings Suid-Afrika gespaar gebly het, en verklaar deels die aanvanklike vertroue van die nuwe demokratiese regering om 'n ambisieuse program van interne heropbou en ontwikkeling (die HOP) sonder die vrees van ernstige internasionale reperkussies aan te pak. In Junie 1996 is die nasionale regering se Groei-, Werkverskaffing- en Herverdeling-strategie (GEAR) egter bekend gestel, hoofsaaklik in reaksie op hardnekkige strukturele probleme in die ekonomie wat hulle byvoorbeeld in die dalende rand, die voortgesette wisselvalligheid van kapitaalvloeï en die teleurstellende koers van ekonomiese groei en werkskepping gemanifesteer het. Die regering het gemeen dat GEAR deur 'n kombinasie van maatreëls, waaronder fiskale strengheid, 'n strengere monetêre beleid, begrotingshervorming, finansiële en handelsliberalisering, die herstrukturering van staatsbates en arbeidsmarkhervormings daarin sou slaag om GEAR met die HOP te versoen deur tegelyk groei aan die een kant, en werkskepping en herverdeling aan die ander kant, te vermag.

GEAR-verwante beleide was gemik op 'n BBP-groeikoers van 6% per jaar en 400 000 nuwe werksgeleenthede per jaar teen die jaar 2000. Vordering om teikens te bereik was egter teleurstellend tot dusver. Dit kan aan 'n aantal faktore toegeskryf word, byvoorbeeld die impak op die binnelandse ekonomie van die globale finansiële krisis wat die wêreld ekonomie in 1998 geskud het. Groeiende

besorgdheid oor die werkloosheidsituasie het tot die Presidensiële Spitsberaad oor Werkskepping aan die einde van Oktober 1998 gelei. Die Beraad, wat deur verteenwoordigers van die regering en sy sosiale vennote (die sakegemeenskap, arbeid en die burgerlike samelewing) bygewoon is, het ingestem tot 'n pakket van nuwe werkskeppingsmaatreëls, en het die besluit van die Minister van Finansies om 'n aantal van die GEAR-teikens afwaarts te hersien, geëndosseer. In sommige sektore is daar ook groeiende kommer oor die impak van die huidige arbeidswette, wat werkverlies in die hand werk.

Die debatte en geskille rondom die HOP en GEAR onderstreep 'n fundamentele spanning tussen die behoeftes van binnelandse maatskaplike geregtigheid aan die een kant en internasionale mededingendheid en makro-ekonomiese stabiliteit aan die ander kant. Wat laasgenoemde betref, bestaan daar geen twyfel dat die ekonomie tans positiewe tekens van herstel ná die krisis van 1998 toon nie. President Thabo Mbeki het in sy staatsrede in die Nasionale Vergadering (4 Februarie 2000) gewys op positiewe ekonomiese aanwysers, soos die volgehoue daling in inflasiekoerse (van 12.5% gedurende die tydperk 1990-94 tot 6.5% tans), dalende rentekoerse (van 25.5% in 1998 tot 14.5% tans), betreklike valutastabiliteit in 'n ongestadige omgewing, die toename in buitelandse reserwes, die groei van ons uitvoer en stygende vlakke van sakevertroue en buitelandse regstreekse investering. Reële BBP het teen 'n geannualiseerde koers van 2% gedurende 1999 gegroei, vergeleke met 'n groeikoers van 0.6% vir die hele 1998. Ná 'n verlansaming tot 2% in die eerste kwartaal van 2000, het die geannualiseerde groeikoerse tot 3% en 4% onderskeidelik in die tweede en derde kwartaal van 2000 verbeter (Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaallikse Bulletin*, Desember 2000).

Aan die minder positiewe kant het die globale druk, soos nywerheidsherstrukturering met die oog op internasionale mededinging en 'n afname in die aanvraag na ongeskoolde arbeid, in die afgelope jare egter 'n negatiewe impak op armoede en werkloosheid gehad. Volgens die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se *State of South Africa's Population Report* (2000) het die nasionale regering se beleide en programme (veral op die gebiede van behuising, elektrisiteit en water) gehelp om die strafste uitwerking van armoede te versag, maar nie juis om die inkomstegaping tussen ryk en arm te vernou nie. Hoewel ongelykheid tussen bevolkingsgroepe verminder het, was daar 'n opmerklike toename in ongelykheid binne bevolkingsgroepe wat as swart geklassifiseer word. Terwyl swart mense se deel van die nasionale inkomste dus aan die styg is (van 29.9% in 1991 tot 35.7% in 1996) word die armes onder hulle steeds armer. Die inkomste van die armste 40% van swart huishoudings, waar vroue in baie gevalle aan die hoof staan, was in 1996 20% laer as in 1991. Een rede hiervoor is die hoë koers waarteen werksgeleenthede verlore gaan, veral onder ongeskoolde en halfgeskoolde werkers. In die goudmynbedryf, byvoorbeeld, wat vroeër die ruggraat van die ekonomie was, het meer as 200 000 werkers hul werk sedert 1994 verloor. Tussen 1994 en 1999 het die totale verlies aan werksgeleenthede in die formele nie-landbousektore van die ekonomie tot 'n halfmiljoen gestyg (Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 2000). Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank (2000) is 'n verdere 150 000 werksgeleenthede gedurende 2000 in die formele nie-landbousektore verloor. Nie-geaggregeerde werkloosheidstatistieke toon dat werkloosheid swart mense, vroue, landelike bewoners en jong mense besonder hard getref het. Terwyl 24,6% manlike Afrikane en 34,6% vroulike Afrikane werkloos is, is die koers vir wit mans en wit vroue onderskeidelik 3,3% en 4,4%. Sewe-en-twintig persent mense wat in landelike gebiede woon, is werkloos, vergeleke met 21,5% in stedelike gebiede. Vyf-en-dertig persent van dié wat 15 - 30 jaar oud is, is werkloos, vergeleke met 19% van dié tussen 31 en 45 en 10% van dié tussen 31 en 45 en 10% van dié tussen 46 en 65 jaar oud (Statistiek Suid-Afrika, 1998).

Met stygende werkloosheidskoerse in die formele sektore van die ekonomie word dit al moeiliker om te voorsien in die behoeftes en aspirasies van die 350 000 nuwe werksoekers wat die arbeidsmark elke jaar betree. Hoewel werkverskaffing in die informele sektor toegeneem het (van 1.1 miljoen in Oktober 1997 tot 1.3 miljoen in 1998 volgens 'n vooruitskatting in Statistiek Suid-Afrika se oorsig van huishoudings in

Oktober 1998), maak dit nie 'n betekenisvolle verskil sover dit die ernstige werkloosheidsprobleem waarmee die land steeds te kampe het, betref nie.

Sulke probleme word vererger deur GEAR-verwante pogings om die fiskale tekort te verminder (van 10.3% in 1993 tot 3.5% tans), asook die “regskaling” van die openbare sektor. Dit het aansienlike begrotingsdruk op baie nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsdepartemente geplaas, wat probleme met kapasiteit en die besnoeiing van dienste op sommige sleutelgebiede veroorsaak het. In 'n omgewing van betreklik hoë rentekoerse (in 2000 aangevuur deur stygende wêreldoliepryse en die daling in die waarde van die Rand), sterk druk vanweë arbeidskoste en felle internasionale mededinging moet die vooruitsigte op 'n ommekeer in die huidige neiging van werkverliese, eerder as 'n toename in werkskepping, nie oorskat word nie.

Aan die einde van 1999 het Suid-Afrika uitgesien na 'n sterk ekonomiese herlewing, gedryf deur die Asiese herstel, laer rentekoerse, groter uitvoere en 'n aantal ander positiewe faktore. Soos dit wou wees, het so 'n herstel nie 'n werklikheid geword nie, en wel om verskeie redes, insluitende die ongestadigheid van die wêreld-aandelebeurse en geldmarkte; die heftige styging in die wêreldmarkprys vir ruolie (wat inflasie opgestoot het), die wêreldwye oorproduksie van 'n aantal landbouprodukte (wat die Suid-Afrikaanse landbousektor gedestabiliseer het); die al groter wordende krisis van MIV/vigs; die nadelige ekonomiese impak van politieke onstabiliteit en voortdurende konflikte in Sentraal- en Suidelike Afrika; en die uitwerking van die vloedwaters in die noorde/ooste van die land in 2000 en die droogtes in die suide/weste, wat bygedra het tot die infrastrukturekening en verminderde landbou-produksie. Dit beteken natuurlik nie dat Suid-Afrika hom regmaak vir nog 'n afwaartse resessionêre golf nie. Wat dit egter wel beteken, soos Wesgro uitgewys het (2000), is dat dit belangrik vir regeringsbeleidsmakers en ander ekonomiese rolspelers op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak is om te erken dat, gegee Suid-Afrika se sterk interaksie met globale ekonomiese en klimatologiese kragte, dit veel meer kompleks is om volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling te verseker as wat talle mense besef.

3.2.2 Die Politieke en Administratiewe Konteks

Internasionaal word daar al hoe meer erken dat goeie regering en bemagtigende regulerende raamwerke 'n voorvereiste is, nie net vir politieke stabiliteit nie, maar ook vir effektiewe ekonomiese groei en ontwikkeling. Volgens die Wêreldbank se ontwikkelingsverslag van 1999/2000, byvoorbeeld, word instellings wat deur goeie regering gekenmerk word en op konsensuele, deelnemende, deursigtige en gedentraliseerde prosesse gegrond is, as kritiek vir ontwikkeling beskou, en behoort hulle voorsiening te maak vir vennootskappe tussen alle elemente van die burgerlike samelewing (Wêreldbank, 1999).

Sedert 1994 het Suid-Afrika daartoe oorgegaan om sulke prosesse deur 'n ambisieuse program van konstitusionele en administratiewe hervorming in werking te stel. Die 1996 Grondwet, byvoorbeeld, word algemeen aangeprys as een van die mees liberale en progressiewe in sy soort. Hoewel Suid-Afrika 'n eenheidstaat is, wys die Grondwet nasionale, provinsiale en plaaslike regering as afsonderlike en outonome “regeringsfere” aan. Bylaes 4 en 5 van die Grondwet spesifiseer dié gebiede waar die drie sferes eksklusiewe bevoegdheid het en dié waar hulle konkurrente bevoegdhede deel. Die ekonomiese en verwante gebiede waarop die provinsiale regerings wetgewende en uitvoerende bevoegdheid het (alhoewel grootliks konkurrent) sluit streeksbeplanning en –ontwikkeling, handel en nywerheidsbevordering, toerisme, landbou, vervoer, die omgewing, onderwys (uitgesonderd universiteite en technikon) en plaaslike regering in.

Tesame met die Oorgangswet op Plaaslike Regering (OWPR) van 1996, die *Witskrif oor Plaaslike Regering* van 1998, en onlangse wetgewing⁴ maak die Grondwet ook voorsiening vir die reorganisasie en uitbreiding van verkose plaaslike regering se rol, veral op die gebied van plaaslike ekonomiese ontwikkeling (waar plaaslike owerhede nou die hoofrol vervul om plaaslike geïntegreerde ontwikkelingsplanne te formuleer en uitvoering daaraan te gee. Die 1996-Grondwet vereis dat nasionale en provinsiale regering die kapasiteit van plaaslikeregeringsfere moet help opbou sodat hulle dié rol effektief kan vervul.

Politieke afwenteling binne die raamwerk van die eenheidstaat het gepaard gegaan met desentralisasie, waardeur groter administratiewe verantwoordelikheid nou by provinsiale departemente binne die staatsdiens berus – dit is gedoen in 'n poging om meer buigsame en responsiewe vorms van regering te bevorder. Hierdie prosesse word gesteun deur 'n aantal begrotingshervormings. Vanaf die 1997/98-boekjaar is die provinsiale toekennings wat deur die sentrale regering voorsien word, grootliks ongekonsolideerd, wat provinsies vir die eerste keer in 'n posisie stel om hul toekennings na goeddunke te prioritiseer en tussen die verskillende sektore soos gesondheid, onderwys en so meer te verdeel. Die meer effektiewe prioritisering en beplanning van provinsiale projekte en programme is ook vergemaklik deurdat die Mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) in die 1998/99-boekjaar in gebruik geneem is om die vorige stelsel van jaarlikse begrotings te vervang deur 'n begrotingsiklus wat trapsgewyse oor drie jaar strek.

Die provinsiale begrotings vir 1997/98 was ook die eerste om toegeken te word kragtens die formule wat die Finansiële en Fiskale Kommissie ontwerp en aanbeveel het met die doel om vroeëre provinsiale wanbalanse reg te stel en 'n billiker provinsiale verdeling van regeringsinkomste in die toekoms te verseker. In dié proses was provinsies soos die Wes-Kaap, wat vroeër begunstig was, aan die verloorant. Die provinsie se deel van totale provinsiale inkomste sal in die tydperk 1997/98-2002/2003 met 5% in reële terme daal.

3.2.3 Die Nasionale Sektorale Konteks

Veranderinge in die breë makro-ekonomiese, politieke en administratiewe konteks soos dié wat hierbo uiteengesit is, het gepaard gegaan met 'n vloedgolf beleidsdokumente, wetgewende intervensies en hervormings deur sektorale nasionale departemente, waarvan die meeste 'n aanmerklike impak op provinsiale en plaaslike regerings gehad het. Hoewel daar te veel is om in besonderhede te noem, is voorbeelde van die belangrikste ontwikkelings- en hervormingsinisiatiewe op ekonomiese en verwante gebiede die Suid-Afrika-Europese Unie se Handels-, Ontwikkelings- en Samewerkingsooreenkoms wat in Januarie 2000 in werking getree het; die beweging in die rigting van privatisering en die herstrukturering van staatsbates (in die besonder, deur die 1996 *Nasionale Raamwerk-ooreenkoms* tussen die regering en die georganiseerde arbeid); die ingebruikneming van nuwe strategieë vir uitvoerbemaking, nywerheidsinvestering en KMMO-ondersteuning deur die Departement van Handel en Nywerheid; die ingebruikneming van nuwe nasionale raamwerke vir vervoer en energie (deur die *Witskrif vir 'n Nasionale Vervoerbeleid* van 1996 en die *Witskrif vir Energiebeleid* van 1998); die indiening van nuwe arbeidswetgewing (vernaamlik deur die *Wet op Arbeidsverhoudinge* van 1995 en die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* van 1997); die instelling van 'n nuwe nasionale raamwerk vir die ontwikkeling van vaardighede deur die *Wet op die Ontwikkeling van Nasionale Vaardighede* van 1998), die instelling van inisiatiewe vir regstellende aksie en ekonomiese bemagtiging as korporatiewe imperatiewe (deur die *Wet*

⁴ Dit sluit die Wet op Plaaslike Strukture (1998), die Wet op Afbakening (1998) en die Wetsontwerp op Munisipale Stelsels (1999) in. Hulle maak onder meer voorsiening vir die instelling van enkel- of unistede in die

op *Arbeidsgelykheid* van 1998 en veranderings in die regering se verkrygingsbeleide); die ingebruikneming van 'n nuwe raamwerk vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning op die plaaslike vlakke (byvoorbeeld, deur die OWPR en die onlangse Konsepbeleidsdokument van die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering oor *Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling*; die herstrukturering van die onderwys- en opleidingstelsel (byvoorbeeld, deur die NKR/SAKO-raamwerk vir 'n lewenslange leerervaring); en die ontwikkeling en toepassing van wetenskap en tegnologie binne 'n nasionale stelsel van innovasie (waarvoor 'n raamwerk in die *Witskrif vir Wetenskap en Tegnologie* van 1996 voorsiening gemaak word).

3.3 Die (Suid-Afrikaanse) streekskonteks

Die einde van Suid-Afrika se ekonomiese isolasie het nie net wêreldmarkte in die algemeen toeganklik gemaak nie, maar ook dié van Afrika en Suid-Afrika in die besonder. In 1995 het Suid-Afrika by die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) aangesluit. Dié streeksblok wat tans uit veertien nasies bestaan, het betekenisvolle vordering gemaak op die lang en moeilike weg na vryhandelbewegings, geliberaliseerde arbeidsmarkte, gesamentlike investeringsbemarking, tegnologie-oordragte en verskeie ander belangrike vorms van samewerking ten opsigte van ekonomiese, maatskaplike en buitelandse beleid.

Die meeste SAOG-lande het in die afgelope jare bemoedigende groeikoerse ervaar. Die SAOG-streek het 'n potensiele mark van meer as honderdmiljoen mense en 'n gesamentlike BBP van VSA \$176 miljard, wat geensins onbelangrik is nie. Binnestreekshandel het voortdurend gegroei en maak tans 22% van die totale SAOG-handel uit. In 1996 het die SAOG-lidlande 'n protokol vir die skepping van 'n vryhandelsgebied onderteken, met Januarie 2000 as die spertyd vir inwerkingtreding. Probleme om dit bekragtig te kry het gemaak dat hierdie spertyd nie gehaal kon word nie. Wanneer die ooreenkoms in werking tree, sal die binnestreekshandel na verwagting egter vinnig toeneem tot ongeveer 35% van die totale handel.

Die belangrikheid van die SAOG-streek vir Suid-Afrika blyk daaruit dat Suid-Afrikaanse uitvoere na die streek vanaf VSA \$1.8 miljard in 1994 tot VSA \$3.4 miljard in 1998⁵ gestyg het (IMF, *Direction of Trade Statistics Yearbook* 1998 en *Quarterly Trade Statistics*, Junie 1999). Hoewel die Wes-Kaap, vergeleke met provinsies soos Gauteng geografies swak daaraan toe is wat toegang tot SAOG-markte betref (met uitsondering van Namibië), het sy uitvoerhandel met die streek in die afgelope jare ook noemenswaardig gegroei. Tussen 1996 en 1997, byvoorbeeld, het uitvoer na Mosambiek met 33.5% gestyg (van R539.8 miljoen tot R720.4 miljoen) en na Zimbabwe met 42.7% (van R312.1 miljoen tot R445.5 miljoen). In 1998 het die provinsie se totale uitvoere na SAOG (uitgesonderd die vier SADG-lande) R2.1 miljard bedra. Dit het 17% van die provinsie se totale uitvoere uitgemaak. Sleuteluitvoerprodukte was onder meer bereide voedselsoorte (insluitende wyn en drank), brandstof en olie, chemiese produkte, tekstielware en meganiese en elektriese masjinerie en toerusting. In 1997 het die Wes-Kaapse uitvoere na Afrika as geheel R2.7 miljard beloop en 23.1% van sy totale uitvoere uitgemaak (Wesgro, *Cape Africa*, 1999). In 1998 en 1999 was daar egter 'n betekenisvolle vermindering in die provinsie se uitvoere na die res van Afrika (van R2.7 miljard in 1997 tot R2.14 miljard in 1999, wat die onderliggende ongestadigheid in so 'n handelsvloei aandui (Wesgro, 2000).

metropolitaanse gebiede, die amalgamasie van die kleiner munisipaliteite, en die afbakening van nuwe munisipale grense.

⁵ Hierdie syfers, en dié daaronder vir die Wes-Kaap, sluit nie die vier lande in wat saam met Suid-Afrika die Suid-Afrikaanse Doeanegebied (SADG) uitmaak nie – Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland. Vanweë die feit dat hulle almal lede van dieselfde doeanegebied is, is dit moeilik om akkurate afsonderlike uitvoer- en invoersyfers te bepaal.

Witskrif

Hoewel die handel steeds een van die belangrikste ekonomiese skakels tussen die Wes-Kaap, die SAOG en die res van die vasteland sal bly, word ander vorms van skakeling met aansienlike moontlikhede vir verdere uitbreiding tans ontwikkel. Van besondere belang is die beplande konstruksie van die pyplyn wat die Weskus en Kaapstad met die Kudu aardgasvelde in Namibië sal verbind. Ander vorms van skakeling is die uitbreiding van toerisme (inwaarts en uitwaarts), lugverbindings, die soek na olie, vissery, vervoerinfrastruktuur, energievoorsiening, tegnologie-oordrag, gesamentlike waagvennootskappe, finansiële dienste, onderwys en gesondheidsdienste, en media, film en televisie. Meer moontlikhede sal egter met 'n aantal uitdagings gepaard gaan. Sodra die SAOG-vryhandelsooreenkoms in werking tree, sal die Wes-Kaap byvoorbeeld heel moontlik met meer mededinging van streeksprodusente te make hê, veral op gebiede soos tekstielware. Die groeiende politieke onstabieleit in die streek het ook kwellende ekonomiese implikasies vir Suid-Afrika in die algemeen en die Wes-Kaap in die besonder.

3.4 IMPLIKASIES VIR DIE WES-KAAP

Die veranderende binnelandse konteks het verskeie belangrike implikasies, gunstig sowel as minder gunstig, vir provinsies soos die Wes-Kaap. Enkele van die belangrikste daarvan word hieronder opgesom:

3.4.1 Gunstige Implikasies

- Die verwesenliking van betreklike makro-ekonomiese stabiliteit wat Suid-Afrika meer weerbaar teen ongestadige wêreldmarkte maak as baie ander ontluikende ekonomieë;
- Die aanvaarding van 'n Grondwet wat internasionaal bewonder word, die konsolidasie van demokrasie en die instelling van 'n raamwerk vir effektiewe en samewerkende regering (wat deur instellings soos die Wêreldbank en die internasionale sakegemeenskap as voorvereistes vir effektiewe ekonomiese groei en ontwikkeling beskou word);
- Stappe ten opsigte van groter ekonomiese liberalisering en privatisering wat gaandeweg gedoen word;
- Groeiende internasionale sake- en investeringsvertroue in Suid-Afrika vanweë betreklik gesonde fiskale en monetêre beleid, effektiewe begrotingsbestuur, die bestaan van 'n moderne finansiële en fisiese infrastruktuur, en politieke stabiliteit;
- Suid-Afrika wat al hoe meer deur buitelandse sakeondernemings as 'n belangrike poort tot Suider-Afrika en die vasteland as geheel beskou word;
- Die SA-EU- en SAOG-handelsooreenkoms wat Suid-Afrikaanse sakeondernemings verdere geleenthede sal bied;
- Die instelling van 'n nasionale raamwerk van aansporingsmaatreëls en steun vir sakeondernemings, innovering en kleinsakeontwikkeling;
- Die instelling van 'n nuwe raamwerk vir onderwys en die ontwikkeling van vaardighede;
- Politieke afwenteling en administratiewe desentralisasie wat aan die provinsies 'n sleutelrol in die bestuur van hul eie ekonomiese sake bied;
- Die reorganisasie van plaaslike regering, wat 'n sleutelrol in plaaslike ekonomiese ontwikkeling te vervul het.

3.4.2 Minder Gunstige Implikasies

- Die sensitiwiteit van ontluikende ekonomieë soos Suid-Afrika vir ongestadigheid in wêreldaandelemarkte, geldmarkte en handelspatrone, asook vir die polariserende gevolge van globalisering sover dit toenemende inkomsteongelykhede en werkloosheid betref;

- Die blootstelling van provinsiale maatskappye aan groter oorsese en streeksmededinging vanweë handelsliberalisering (veral deur die WTO en die SA-EU- en SAOG-handelsooreenkomste);
- Begrotingsbesnoeiings (as gevolg van die toepassing van GEAR se fiskale tekortteikens en die FFK-gelykstellingsraamwerk) en die gebrek aan 'n samehangende nasionale beleid vir die “regskaling” van die staatsdiens, wat 'n negatiewe uitwerking op dienslewering, institusionele kapasiteit en die verskaffing van infrastruktuur het;
- Die arbeidsmark se vermeende gebrek aan buigsaamheid (wat deels na die nasionale regering se arbeidswetgewing teruggevoer kan word) en die implikasies daarvan vir die sakektor se mededingendheid in 'n ontluikende ekonomie soos dié van Suid-Afrika;
- Die stadige pas waarteen sommige aspekte van die nasionale regering se privatiseringsprogram tot 'n punt kom, wat tot onsekerheid in die sakegemeenskap lei;
- Die gaping tussen beleidsdoelstellings en –doelwitte aan die een kant en die uitvoering daarvan aan die ander kant, wat gemaak het dat prestasie op sleutelbeleidsgebiede soos die onderwys, gesondheid, en veiligheid en sekuriteit teleurstellend is;
- Die hoë misdaadsyfers wat maar net nie wil daal nie en ernstige maatskaplike implikasies vir alle inwoners inhou, en wat inhiberend inwerk op die ontwikkeling van plaaslike sakeondernemings, toerisme en buitelandse investering tot hul volle potensiaal;
- Politieke onrus en onstabieleit in die SAOG-streek wat die streekse ekonomie asook die Suid-Afrikaanse ekonomie reeds benadeel.

HOOFTUK 4: DIE WES-KAAP IN DIE GLOBALE EKONOMIE

4.1 INLEIDING

Die ekonomie van die Wes-Kaap is nou verweef met die globale ekonomie. Feitlik twee derdes van die private sektor se produksie is tans aan internasionale mededinging blootgestel, en die provinsie se afhanklikheid van sukses op globale markte is oor die hele spektrum aan die toeneem. In die afgelope jare word aktiwiteite wat vroeër teen internasionale mededinging beskerm is, soos landbou, vervaardiging en finansies, al hoe meer aan buitelandse mededinging blootgestel. Terselfdertyd is groei in die sogenaamde “nie-verhandelde” sektore wat nie aan regstreekse buitelandse mededinging blootgestel is nie – soos konstruksie, elektrisiteit en vervoer – al hoe meer afhanklik van die suksesvolle uitbreiding van dié sektore wat wel daaraan blootgestel is. Verder is globale mededinging ‘n kritieke faktor in dié sektore waar die provinsie hoop om werkseleenthede vir werkloses en laergeskooldes te vind, soos landbou, toerisme en vervaardiging.

Met die oog op die toenemende blootstelling van die Wes-Kaap aan internasionale mededinging, gee hierdie hoofstuk ‘n oorsig van die provinsie se huidige gereedheidstand vir geslaagde deelname aan die globale kennis-ekonomie. Na ‘n kort oorsig van sommige van die hoofkenmerke en neigings en die ontwikkelingsdinamiek van die provinsiale ekonomie, fokus dit veral op die provinsie se huidige stand in die lig van die hoofkenmerke van suksesvolle streekseconomieë wat in Hoofstuk 2 hierbo uiteengesit is. Die oorsig toon dat die Wes-Kaap, wat beter as die meeste ander provinsies in Suid-Afrika toegerus is, nogtans nog ver moet gaan om gunstig te kan vergelyk, en met welslae te kan meeding, met baie van die ander lande en streke wat in dieselfde hoëmiddelklas-inkomstekategorie as die provinsie ingedeel is.

4.2 DIE WES-KAAPSE EKONOMIE: ONTWIKKELINGSDINAMIEK

4.2.1 Produksie en Groei

Die Wes-Kaap se bevolking maak 10% van Suid-Afrika se bevolking uit, maar lewer 14.1% van die land se BBP. Die provinsie het ‘n produksie van nagenoeg VSA \$4 500 per kapita, wat die tweede hoogste in die land is (Gauteng VSA \$6 312), en sy produksie is beduidend hoër as dié van die land as geheel (VSA \$3 323). Die provinsie se bruto streeksprodukt (BSP) het gemiddeld ook vinniger gestyg as die nasionale BBP. Volgens die provinsiale Departement van Finansies (2000) was die gemiddelde groei in BSP oor die afgelope vyf jaar sowat 3.8%, vergeleke met ‘n koers van ongeveer 2.1% vir die land as geheel. Dit kan in die besonder toegeskryf word aan die geleenthede wat Suid-Afrika se verbeterde internasionale status in die provinsie geskep het, en wat gehelp het om uitvoere te stimuleer (veral van die belangrike landbousektor in die Wes-Kaap) en die aantreklikheid van nywerheidsgebiede naby die hawens te verhoog, en wat gelei het tot ‘n toeristeoplewing, wat die Wes-Kaap sterk bevoordeel het.

Ander faktore wat tot ‘n bogemiddelde groeikoers bygedra het, is onder meer die provinsie se aantreklike werk- en woonomgewing, sy vaardigheidsbasis, wat relatief vinniger as dié van ander gebiede uitgebrei het; die daling in kommunikasie- en vervoerkostevlakke, wat beteken dat die afstand tussen die Kaap en Gauteng minder belemmerend vir binnelandse handel geword het; en die teenwoordigheid van die Parlement, asook die uitbreiding van nasionale regeringsdepartemente en semi-staatsinstellings in die provinsie, wat investering in die provinsie aangehelp het.

Nogtans word die Wes-Kaap, wat produksie per kapita betref, geplaas in die onderste helfte van die hoë-middelklas-inkomstelande, soos omskryf deur die Wêreldbank, en moet hy nog ver gaan voordat hy leiers in die hoë-middelklas-inkomstelande, soos Argentinië en Griekeland, sal kan inhaal. Daarbenewens het die provinsie se groeikoers ook, in ooreenstemming met die nasionale neiging, in die afgelope twee jaar verlangsaam. Vergeleke met die 1.6% reële groei in 1999 en die verwagte groeikoers van 3.8% wat in Wesgro se *Business Prospects for the Year 2000* voorsien is (Wesgro, 1999), word die hersiene totale reële BSP vir 2000 nou op slegs 2.9% gestel, wat na aan die nasionale koers is. Dit is heelwat laer as die groeikoers van 6% wat volgens GEAR se raming nodig is om as volhoubare basis vir effektiewe werkskepping en armoedeverligting te dien (wat nog te sê van 'n selfs hoër koers wat nodig sou wees om die huidige ongelykhede ten opsigte van inkomste en hulpbronverdeling reg te stel).

4.2.2 Werkskepping

Tabel 2 toon aan dat van die provinsie se arbeidsmag van 1.77 miljoen, 66.4% formeel in diens is, 14.9% aktief in die informele sektor is, en 18.7% werkloos is. Hoewel die gemiddelde werkloosheidsyfer in die Wes-Kaap beduidend laer is as die nasionale gemiddelde (30.6%), is dit nog steeds baie hoog en versteek dit belangrike wanbalanse sover dit ras en geslag betref. Terwyl slegs 7% wit mense werkloos is, is die persentasiesyfers vir bruin mense en Afrikane 18% en 31% onderskeidelik (Genesis Analytics, 1999). Die werkloosheidsyfer vir vroue (21.5%) is ook beduidend hoër as die syfer vir mans (14.3%). Ten einde die probleme van werkloosheid te verhelp en aan die verwagtinge van die nuwe jaarlikse toetreders tot die arbeidsmark te voldoen, het Wesgro 'n minimum jaarlikse werkskeppingsteiken van 54 000 gestel (Wesgro, 2000). Dit beteken dat werkskepping jaarliks met omtrent 3% sal moet groei. As die nasionale werkskeppingselastisiteit van ongeveer 0.42 toegepas word (d.i. dat elke 1% groei in die ekonomie lei tot 0.42% groei in werkskepping), sou 'n groeikoers in die ekonomie van meer as 7% nodig wees, tensy die arbeidsintensiteit van groei in die ekonomie toeneem.

Tabel 2: Raming van Arbeid en Indiensneming in die Wes-Kaap, 1999

	Getal	%
Ekonomies aktiewe ouderdomsgroepe (15-64 jaar)	2 967 000	
Arbeidsmag	1 768 000	100.00
Formeel in diens	1 172 200	66.4
Aktief in die informele sektor	263 400	14.9
Werkloos	332 400	18.7

4.2.3 Sektorale Samestelling en Groei

Soos Tabel 3 aantoon, het die Wes-Kaap 'n gedifferensieerde ekonomie, met 'n diensesektor wat al hoe belangriker word. Wat groei betref, was die hoof sektorale bydraes tot die provinsie se groter uitset oor die afgelope paar jaar afkomstig van toerisme, finansiële dienste en landbou. Volgens SATOER, het die Wes-Kaap onlangs Gauteng verbygesteek as die land se voorste toeristestreek, en het buitelandse en binnelandse toeriste meer as R15 miljard jaarliks ingebring (sowat 30% van nasionale bruto toeriste-uitgawe) en bied dit werk aan meer as 150 000 mense. Die getal toeriste wat die Wes-Kaap besoek, het vanaf 7.3 miljoen in 1997 tot 8.3 miljoen in 2000 gestyg. In 1999 was 83% toeriste uit Suid-Afrika, 5% uit Afrika en 12% uit die buiteland. Aangesien die toerismesektor na verwagting 'n hoofkatalisator vir ekonomiese groei, werkskepping, en die ontwikkeling van vaardighede en van nuwe ondernemings in die provinsie sal wees, is dit belangrik om te verseker dat die toerismeproduk, -prys en -diensvlakke nasionaal en internasionaal mededingend is.

Landbou en agribesigheid was ook belangrike groeisektore, en besorg aan die Wes-Kaap 'n jaarlikse uitset van sowat R7 miljard en werk vir 200 000 mense, van wie 'n groot aantal laer geskoold is. Landbou, insluitende visserij, dra digby 60% tot die provinsie se uitvoerverdienste by en maak tussen een vyfde en een kwart van die nasionale landbou-uitset uit. Nogtans is dit so dat landbouproduseerders in die provinsie 'n aantal ernstige uitdagings in die gesig staar, insluitende oorverskaffing op wêreldmarkte, laer pryse, sterker mededinging, oneffektiewe veelkanaalbemarking en skuldoproeping. In die afgelope jare is hierdie probleme vererger deur uiterste klimaatstoestande (hoofsaaklik droogte), wat uitset verminder het en risiko- en kostevlakke verhoog het. Ondanks dié uitdagings het landbou in die Wes-Kaap steeds 'n betekenisvolle kort- en langtermynpotensiaal as 'n sektor wat waarde toevoeg en werk skep. Ten einde hierdie potensiaal egter te verwesenlik, is daar 'n behoefte aan doelbewuste en goed gekoördineerde gesamentlike inisiatiewe van die openbare en private sektor om dié uitdagings effektief die hoof te bied.

Die finansiële dienste-sektor, wat ongeveer R13 miljard tot die Kaapse ekonomie bydra en werk aan meer as 100 000 mense bied, het ook betekenisvolle groei getoon. Die provinsie se mediese fasiliteite en dienste lewer ook 'n aansienlike bydrae tot die kennis-ekonomie van die Wes-Kaap. Die provinsie spog met twee puik mediese en tandheelkundige fakulteite en drie opleidings- en navorsingshospitale van wêreldgehalte (Groote Schuur, Tygerberg en die Rooikruishospitaal vir Kinders). Op gebiede soos molekulêre biologie en mediese elektronika is die Wes-Kaap 'n wêreldleier.

Tabel 3: Sektorale Samestelling van Bruto Streeksproduk (BSP) in die Wes-Kaap

Primêre Sektor	% BSP	Sekondêre Sektor	% BSP	Tersiêre Sektor	%BSP
Landbou	6.2	Vervaardiging	23.5	Handel	12.1
Mynbou	0.2	Elektrisiteit	2.8	Toerisme	8.9
Subtotaal	6.4	Konstruksie	3.7	Vervoer	8.3
		Subtotaal	30.0	Finansies	16.4
				Gemeenskap	3.9
				Regering	14.0
				Subtotaal	63.6

Bron: Wesgro, *Business Prospects 2000* (1999)

Die provinsie is ook besig om 'n leier in die media- en kommunikasiebedryf te word. Die filmbedryf is besig om al hoe belangriker te word. Twee van Suid-Afrika se drie grootste Internet diensverskaffers, Iafrika.com en M-Web, bevind hulle in die provinsie en daar is meer as 50-oproepsentrums in die .groter Kaapstad Gebied. Een van die suksesvolste integreerders van tradisionele media- en Internet vermoëns, Naspers, wat sterk internasionale aktiwiteite op hierdie terrein het, het sy tuiste in die Wes-Kaap. Van die 1.0 – 1.5 miljoen Internet gebruikers in Suid-Afrika is ongeveer 300 000 na raming in die Wes-Kaap. Saam met die sterk akademiese en navorsingshulpbronne, beskik die provinsie oor die potensiaal om E-handel vinnig uit te brei. 'n Wes-Kaapse E-handelsforum is onlangs op die been gebring om hierdie proses te help aandryf. E-handel is besig om 'n menigte tradisionele bedrywe, soos die kleinhandel, finansies, die media en die verkryging van 'n groot verskeidenheid van intermediaêre goedere en vermaak, te verander. Dit bied ook nuwe werkseleenthede vir sowel hoog- as laergeskooldes. Komplementêre aktiwiteite van E-handel, soos oproepsentrums en katalogisering, en dié van die pakhuisbedryf, kan werk bied aan arbeiders wat betreklik laag geskoold is.

Vervaardiging maak die grootste komponent van provinsiale uitset uit en, alhoewel dit minder arbeidsintensief as landbou is, maak sy grootte dit 'n groot werkverskaffer. Die klerasie-/tekstielbedryf en die voedselverwerking-/drankbedryf vervul 'n sleutelrol, aangesien die helfte van die totale vervaardigingswerkverskaffing in hierdie twee subsektore gekonsentreer is. Die Saldanha Staal projek (veral ná die 1998/99-ineenstorting van die wêreldstaalprys) en die uitbreiding van hoëtegnologiebedrywe sal die provinsie se bedryfskern waarskynlik verbreed.

4.2.4 Sektorale Ontwikkeling en Steun

Ten einde die soort positiewe siklus van provinsiale groei en ontwikkeling wat vroeër in hierdie dokument geskets is, aan die gang te kry, sal dit belangrik wees om sektore met 'n mededingingsvoorsprong en groei- en werkverskaffingspotensiaal te teiken. Die wye verskeidenheid van sektore en nywerheidsnise waarop die provinsiale ekonomie rus, kan in vyf breë kategorieë verdeel word, wat huidige en toekomstige groeipotensiaal betref. Hulle is:

- **Sektore met 'n hoë groeipotensiaal** (soos toerisme; inligtings- en kommunikasietegnologie; vervaardigde metaalprodukte, wat veral met die Saldanha Staal projek skakel; en drank, voedsel en agribesigheid).
- **Nissektore met beduidende potensiaal** (soos die filmbedryf; mediese toerusting; skeepsbou; marikultuur, en juweliersware)
- **Sektore met toekomstige potensiaal**, maar wat tans klein of onbeduidend is (soos e-handel; nywerhede wat van gas afhanklik is; ontwerpersmeubels, en koolstaal).
- **Volwasse sektore** wat na verwagting bestendig sal groei (soos die plastiekbedryf; uitgewerye en drukkers; die verpakkingsbedryf, en finansiële en professionele dienste).
- **Sektore wat onder druk verkeer**, maar nogtans belangrik is, veral met die oog op werkverskaffing (soos klerasie en tekstielware; skoeisel; vissery; pluimvee, en die inmaakbedryf).

Sover dit prakties en finansiël moontlik is, sal provinsiale regeringsteun gerig wees op sektore met 'n hoë groeipotensiaal, asook kleiner nissektore met 'n sterk groeirekord en ontluikende sektore met toekomstige groeipotensiaal. Regeringsteun sal egter ook 'n rol te vervul het in 'n aantal sektore wat tans onder druk verkeer of groot strukturele veranderings ondergaan. Hoewel baie van hulle 'n lae groeirekord het en tans herstruktureer word en werkers afdank, is hulle in baie gevalle baie arbeidsintensief, met 'n kritieke rol in die plaaslike ekonomie. Die Provinsiale Regering is dus van mening dat die regering 'n rol te vervul het om sulke sektore te steun en om hulle meer mededingend in die globale ekonomie te maak.

In die onmiddellike toekoms sal die steun van die provinsiale regering in die besonder gerig wees op toerisme, agribesigheid, vlekvrystaal, die ontwikkeling van die hoëtegnologie-sektor (insluitende e-handel), en die vestiging van die Wes-Kaap as 'n belangrike internasionale film-, voedsel- en wysensentrum.

4.2.5 Groeperingsinisiatiewe

Samewerkende sektorontwikkeling kan ook bevorder word deur die aanmoediging van groeperingsinisiatiewe. Waaroor dit hier gaan, is groepe maatskappye in verskillende sektore wat van 'n verskeidenheid van soortgelyke gespesialiseerde dienste en insette afhanklik is. In die regte

omstandighede was strategieë van samewerkende groeperings se impak op streeks groei en –ontwikkeling al dikwels belangrik.⁶ Soms het groeperingstrategieë egter ook al misluk, dikwels vanweë swak teikens, die nywerheid se versuim om toepaslik in te koop daarin, of onvoldoende politieke steun.

In die Wes-Kaap het die Kaapse Inligtingstechnologie-inisiatief (KITI) ‘n mate van welslae met die mobilisering van ‘n groep maatskappye en ander ekonomiese spelers in die IT-sektor behaal. Pogings deur die inmaakbedryf om ‘n streeks groepering te mobiliseer, was egter minder geslaagd, grotendeels omdat globale marktoestande ongunstig was. Die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme steun tans groeperings op die gebiede van agriprosessering en vlekvyr staal, wat albei in hul kinderskoene is. Voorbeelde van ander gebiede wat wel ook die grondslag vir effektiewe vorms van groepering sou kon wees, is die konferensiebedryf, agriprosessering, skeepsherstelwerk en skeepsbou; film-, video- en TV-produksie; mediese toerusting en dienste; gehalte-klerasie en handwerkprodukte⁷.

4.2.6 Megaprojekte

Die ontwikkeling van groot samewerkende en multidimensionele projekte is nog ‘n manier waarop die provinsie se ekonomiese groei en globale mededingendheid verbeter kan word. Sulke projekte bied ook die geleentheid om sommige van die provinsie se ander ontwikkelingsdoelstellings te bereik, soos ekonomiese bemagtiging, meer sakeskakels, werkskepping en subkontraktering met KMMO’s. Voorbeelde sluit in die Tyger Waterfront, die V&A Waterfront-uitbreiding, die Konvensiesentrum, die uitbreiding van Kaapstad Internasionale Lughawe, die Khayelitsha Sakesentrum; die Nywerheidsontwikkelingsone (NOS) in Saldanhabaai; ‘n effektiewe openbare vervoerstelsel, insluitende die herontwikkeling van die Kaapstad stasie; die vernuwing van die Kaapstad SSG; ‘n gaspyplyn van Namibië en ‘n gaskragstasie.

4.2.7 Gebiedsontwikkeling

Die Wes-Kaap is naas Gauteng die mees verstedelike provinsie in Suid-Afrika, met 87% van die bevolking wat in stedelike of buitestedelike gebiede woon (vergeleke met die nasionale gemiddelde van 65.5%). Kaapstad, met ongeveer 75% van die Wes-Kaap se bevolking en BBP, is in baie opsigte die dryfkrag agter provinsiale ontwikkeling. Die koms van die unistad sal die grondslag skep vir meer effektiewe en regverdige vorms van beplanning en die aanwending van hulpbronne op ‘n metropolitaanse grondslag. Die uitdaging sal egter wees om sulke voordele te benut sonder om die huidige geleenthede vir plaaslike deelname en onder-na-bo-beplanning te verloor.

Hoewel die hoofenjins van provinsiale ontwikkeling hoofsaaklik Kaapstad en sy periferie sal wees, sal ‘n gebalanseerde en regverdige benadering tot gebiedsontwikkeling oral in die provinsie aangemoedig moet word. Dit sal aangehelp word deur die feit dat, alhoewel die kloof tussen platteland en stad duidelik aanwesig is (sien afdeling 4.6 hieronder), dit nie so erg in die Wes-Kaap is as in baie ander dele van die land nie. Daarbenewens baat die Suid-Kaap by toerisme, ‘n gediversifiseerde landbousektor en die Mossgas projek as belangrike groeikragte, en die Weskus-Investeringsinisiatief (WCII), waarby die Saldanha Staal projek ingesluit is, bring nuwe werks- en investeringsgeleenthede na die betreklik onontwikkelde Noordwes-gebied van die provinsie. Die Boland/Wynland gebied trek voordeel uit die nuwe en uitgebreide geleenthede vir toerisme en agriprosessering. Ander afgeleë substreke trek voordeel uit uitgebreide geleenthede vir toerisme, en verskeie dorpieë het gebaat by die uitbreiding van dienste

⁶ Internasionale voorbeelde is Nieu-Mexiko (elektronika), Nieu-Seeland (skeepsbou), en Arizona (veseloptika) asook Silicon Valley.

(van motorhawens en "ultra-stede" tot gastehuisse) om in die behoeftes van die toenemende padverkeer op die N1, N2 en N7 te voorsien, asook op nuwe toeristeroetes soos die R62 deur die Klein Karoo en die Sending- en Voëlroetes.

Sulke ontwikkelings het egter met 'n aantal uitdagings gepaard gegaan. In die Boland/Wynland strook, byvoorbeeld, het die sterker buitelandse mededinging op landbougebied en die uitfasering van enkelkanaalbemarking gemaak dat groter samewerking tussen produsente, verspreiders en ander belanghebbendes van die uiterste belang is. In hierdie en ander landelike gebiede sal dit 'n sleuteluitdaging wees om produkte wat in 'n krisis is, effektief te vervang deur meer winsgewende en volhoubare produkte en dienste. Die toename in vrugmotorverkeer op die N1, N2 en N7 het ook die koste van padinstandhouding verhoog en probleme met verkeersbeheer en padveiligheid, asook die voorkoms van MIV/vigs, laat toeneem. Op 'n meer algemene vlak is daar ook die uitdaging om party van die klein plaaslike owerhede in staat te stel om hul nuwe verantwoordelikhede vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling na te kom, en in die besonder om die ongelykhede en tekortkominge ten opsigte van basiese maatskaplike infrastruktuurdienste in talle landelike gebiede en geïsoleerde townships reg te stel.

4.2.8 Invoer en uitvoer

As gevolg van Suid-Afrika se handelsliberaliseringsproses het die Wes-Kaap se invoer oor die afgelope paar jaar vinnig toegeneem. Hoewel dit 'n aantal byvoordele gehad het, veral vir die kleinhandelsektor en verbruikers, was die impak daarvan op plaaslike vervaardigers en werkers in sektore soos klerasie, leerware en elektroniese produkte nadelig. Die groei in onwettige invoer bedreig ook werkverskaffing in dié sektore. Die toename in invoer het egter gepaard gegaan met 'n betekenisvolle groei in uitvoer uit die Wes-Kaap (van ongeveer R10.7 miljard in 1996 tot 14.5 miljard in 1999). Nietemin, hoewel die Wes-Kaap in die algemeen as 'n "oop ekonomie" beskou word, met 'n sterk handelsvloei deur sy hawens, was uitvoer as 'n persentasie van die Wes-Kaap se BSP betreklik laag teen 12.6% in 1999 vergeleke met sowat 20% vir die RSA as geheel. Daarbenewens was die algemene groei in uitvoere in die afgelope jare gekenmerk deur skerp skommelings (uitvoere na die res van Afrika het byvoorbeeld van R2.7 miljard in 1997 tot R2.1 miljard in 1999 gedaal). Wat meer is, die groei was beperk tot 'n redelik klein, hoewel in die jongste tye groeiende, verskeidenheid van sektore en produkte, soos wyn en vrugte, vrugtesap, wol, vleis, landbou-nisprodukte (soos rooibostee), klerasie en tekstielware, visseryprodukte, houtprodukte, kuns en handwerk, en minerale (insluitende uitvoer vanuit Saldanha).

Die provinsie se afhanklikheid van 'n betreklik klein verskeidenheid van oorheersend landbouverwante produkte maak hom kwesbaar vir toenemende buitelandse mededinging, veral met die oog op die uitfasering van die nasionale regering se Algemene Uitvoeraansporingskema (AUAS), die verwydering van handelsbelemmerings deur die WTO, en die SA-EU- en SAOG-vryhandelsooreenkomste. Hoewel hierdie ooreenkomste ook nuwe geleenthede sal bied, is daar 'n behoefte aan groter diversifikasie en waardetoevoeging in die provinsie se uitvoer⁸. Dit sal onder meer die ontwikkeling van 'n veel meer effektiewe stelsel van streeksuitvoersteun en bevordering vereis. So 'n stelsel sal stedelike sowel as landelike gebiede, en klein- sowel as grootskaaluitvoerders moet dek,

4.2.9 Buitelandse Regstreekse Investerings

⁷ Die Kaapse Handwerkinstituut, in samewerking met die Kaapse Technikon, gaan later in 2001 van stapel gestuur word.

⁸ Volgens Wesgro se *Business Prospects 2001* (2000) was daar oor die afgelope twee jaar bemoedigende bewyse van dié soort diversifikasie, veral in sektore soos suiwelprodukte, leerprodukte, chemikalieë, verf, papier, gedrukte boeke, meubels en, in die besonder, masjinerie en toerusting wat 'n groei van 61.4% in die tydperk 1998 tot 1999 beleef het.

Een manier om ekonomiese groei en die verkryging van meer tegnologiese kennis asook innovering te stimuleer, is deur meer buitelandse maatskappye te kry om in die provinsie te investeer. In 1999 het buitelandse nie-portefeulje-investering in die provinsie sowat R1,75 miljard bedra, 'n toename vanaf R1.4 miljard in 1998 (Wesgro, 2000). Dit was 11.4% van die provinsie se totale vaste investering van R15.3 miljard. Hoewel dit persentasiegewys betreklik laag was, was dit nogtans 'n reële prestasie in vergelyking met die voorafgaande dekades, veral in die lig daarvan dat buitelandse beleggers steeds traag is om te investeer vanweë Suid-Afrika se besigheidsklimaat en kommer oor die misdaadsituasie. Die meeste buitelandse investering is oor 'n wye verskeidenheid van sektore versprei. Die investeerders is betreklik klein tot middelgroot buitelandse maatskappye, en baie van hulle is gretig om met plaaslike ondernemings saam te werk.

Die styging in die vlakke van buitelandse regstreekse investering het in die afgelope jare verwagtinge gewek vanweë die stimulerende rol van die stel nasionale investeringsmaatreëls wat deur die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) in gebruik geneem is. Tot dusver was die reaksie op sulke skemas, insluitende die belastingvakansieskema (wat nou uitgefaseer is), egter teleurstellend. 'n Alternatief sou wees die ontwikkeling van 'n meer proaktiewe en spesifiek gerigte benadering tot investeringsbevordering deur sowel Wesgro as die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme, insluitende verbeterde aansporingspakkette om die eiesoortige kwaliteite van die Wes-Kaap te weerspieël.

Terselfdertyd, as ons eie firmas in die Wes-Kaap aangemoedig kon word om meer vertrou en optimisme aangaande hul eie investeringspatrone aan die dag te lê, sou dit ook nuwevoordele vir inwaartse investering hê. 'n Meer doelbewuste gesamentlike poging om die probleme van misdaad en MIV/vigs in die provinsie die hoof te bied sou ook 'n belangrike bydrae wees. 'n Verwante inisiatief op nasionale vlak waaraan daar 'n dringende behoefte bestaan, is om die rompslomp wat in die Departement van Binnelandse Sake hoogty vier, te verminder. Tot op hede was dit eerder 'n afskrikmiddel as 'n aanmoediging vir potensiële buitelandse beleggers en gekwalifiseerde uitgewekenes wat sakeondernemings in Suid-Afrika wil vestig. Die voorstelle in die nuwe Wetsontwerp op Immigrasie dat beperkings op kapitaalkragtige en geskoolde immigrante verslap moet word, is 'n welkome stap in hierdie rigting⁹.

4.3 ONDERWYS, OPLEIDING EN NAVORSING

4.3.1 Primêre en Sekondêre Onderwys

'n Opgevoede burgers wat toegerus is met soliede kognitiewe vaardighede en in staat is tot 'n voortgesette leerproses is 'n voorvereiste vir die kennis-ekonomie. Ontwikkelende lande met 'n hoë prestasievlak wat die beste vaar met tegnologiese kennisverkryging het bevolkings wat tipies gemiddeld 11-12 skooljare het. Vergeleke met sulke lande is die huidige Suid-Afrikaanse arbeidsmag betreklik swak geskoold met gemiddeld 8 skooljare. In hierdie opsig is die Wes-Kaap net effens beter daaraan toe as die nasionale gemiddelde. Die invoering van nege jaar verpligte onderwys deur die post-1994-regering behoort te help om hierdie probleem aan te pak. Algemene opvoedkundige standaarde behoort ook mettertyd te verbeter as gevolg van ander onderwyservormings, soos die ingebruikneming van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) om 'n lewenslange leerproses te bevorder, die invoer van 'n meer praktiese en uitkomstgebaseerde benadering tot onderwys (deur die hervorming van Kurrikulum

⁹In hierdie konteks moet kennis geneem word van die proaktiewe houding wat ander lande inneem. Duitsland, byvoorbeeld, het onlangs sy immigrasiewette gewysig om Indiër sagteware-ingenieurs toe te laat om sy markte te betree, waardeur sy IT-bedryf 'n betekenisvolle hupstoot gegee is.

2005), en die aansluiting van Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (ABET) en beroepsopleiding by die formele skoolgebaseerde stelsel.

Oor die afgelope vyf jaar het die Wes-Kaap die hoogste matrikulasieslaagsyfer van al nege provinsies gehad. In 1999 het die provinsie 'n slaagsyfer van 78.7% in die senior sertifikaateksamen gehad, vergeleke met die nasionale slaagsyfer van 48.9%. In 2000 het die Wes-Kaap 'n slaagsyfer van 80.6% behaal, vergeleke met die nasionale slaagsyfer van 57%. Vergeleke met ander lande op dieselfde vlak van ekonomiese ontwikkeling vaar die Wes-Kaap egter nog heel swak, veral in wiskunde en wetenskap. So, byvoorbeeld, is leerlinge van 13 jaar, wat deel was van die Derde Internasionale Wiskunde- en Wetenskapopname van skole in meer as 50 lande, dieselfde gestandaardiseerde wiskunde- en wetenskaptoetse gegee om te doen. Suid-Afrikaanse leerlinge is oortref deur leerlinge in die lande waar die opname gedoen is, met 'n puntetelling van 'n derde benede die gemiddelde puntetelling. Wes-Kaapse leerlinge het beter as die Suid-Afrikaanse gemiddelde gevaar, maar swak in vergelyking met die ander lande. Hoewel dit lyk of daar op skoolvlak weinig verskil tussen seuns en dogters se prestasie in wiskunde en wetenskap is, is daar op post-matriekvlak bepaald 'n verlies aan vroulike studente op dié terrein.¹⁰

Een van die grootste uitdagings, wat skoolopleiding betref, waarvoor die provinsie te staan kom, is die ongelyke gehalte en voorsiening van onderwysfasiliteite wat steeds tussen die verskillende bevolkingsgroepe bestaan. Op die belangrike gebied van IT, byvoorbeeld, het 'n onlangse studie deur die Onderwysbeleidseenheid van die Universiteit van Wes-Kaapland die voortgesette ongelykhede in die verspreiding van rekenaars en IT-onderrikkapasiteit in die verskillende skole toegelig. Die meeste van die hulpbronne is steeds in die voormalige wit skole in die groot stedelike gebiede gekonsentreer. Hoewel die Provinsiale Regering daartoe verbind is om hierdie ongelykhede reg te stel, veral deur die opgradering van fasiliteite en verbeterde onderwyseropleiding, sal begrotingsbeperkings noodwendig 'n belangrike perk stel op wat oor die kort tot medium termyn bereik sal kan word.

4.3.2 Voortgesette Onderwys en Opleiding

Internasionaal word daar algemeen erken dat belegging in tegniese en beroepsonderwys en opleiding deur buigsame vorms van lewenslange leeraktiwiteite en skeppende vennootskappe tussen die openbare en die private sektor, 'n belangrike sleutel tot mededingendheid in die kennis-ekonomie is: "Having the right mix of education and training (E & T) institutions and facilities to meet the growth sector-specific E & T needs in an efficient, learner-adapted way within a region, is the essence of the skills challenge" (Wesgro, 2000). Tot onlangs het Suid-Afrika nie 'n samehangende en behoeftegebaseerde raamwerk vir die opleiding en voortgesette opgradering van sy arbeidsmag gehad wat gepas is vir die veranderende behoeftes van die ekonomie nie.

Gedurende die afgelope paar jaar is verskeie nasionale inisiatiewe egter geloods om hierdie probleme aan te pak, bv die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding (WVOO) en die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede (WOV), wat albei in 1998 afgekondig is. WVOO stel 'n ambisieuse agenda vir 'n meer koste-effektiewe en doeltreffende FET-stelsel voor, met verbeterde skakeling en vennootskappe tussen FET-instellings, werkgewers en die breër gemeenskap. Die WOV en verwante wetgewing sorg vir die totstandkoming van nuwe instellings, fondse en benaderings wat bestem is om die land se

¹⁰Sien, byvoorbeeld die onlangse opname wat gefokus het op graad sewe tot nege leerlinge, onderneem deur Professor Meshack Ogunniyi verbonde aan die Universiteit van die Wes-Kaap. Ook Minister Ben Ngubane se artikel met betrekking tot "Creating a Science-Literate Nation" soos gepubliseer in die "*Weekly Mail and Guardian*" van 18 Februarie 2000.

vaardigheidsvlakke te verhoog. 'n Nuwe Nasionale Vaardigheidsowerheid is belas met die taak om 'n nasionale vaardigheidsplan en prioriteite ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling op te stel. Sowat 27 Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETA's) word nou ingestel om verantwoordelikheid te aanvaar vir die opstel van sektorplanne, die bevordering van standarde en opleiding binne die NKR, die ontwerp en implementering van 'n nuwe tipe vakleerlingskap (genoem *leerlingskappe*), en vir verskaffers en programme wat gehalte sal verseker. Die meerderheid werkgewers sal 'n opleidingsheffing moet betaal en werkgebaseerde vaardigheidsplanne moet opstel. Op hul beurt sal hulle die koste verbonde aan opleiding kan terugeis.

Voortgesette onderwys en opleiding in die Wes-Kaap omvat 'n wye verskeidenheid wat verskaf gaan word en verskeie verskaffers. Hulle is die provinsie se 15 tegniese kolleges, 22 vaardigheidsopleiding-sentrums, verskeie tegniese skole, private verskaffers, werkgewers, NRO's en gemeenskapsorganisasies. Besorgdheid is egter uitgespreek oor die mate waarin hierdie instellings mekaar dupliseer eerder as om mekaar te komplimenteer, asook oor die mate waarin hulle ingestel is om effektief in die behoeftes van verskillende sektore te voorsien. In Oktober 1999 het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement 'n konferensie georganiseer om FET-verskaffing in die provinsie in oënskou te neem. Daar is ooreengekom oor 'n wye verskeidenheid van aanbevelings oor die rasionalisering en herstrukturering van die kollegesektor, en oor die instelling van 'n meer samehangende netwerk van instellings in die provinsie wat in staat is tot noue samewerking met mekaar en met private en ander verskaffers om 'n FET-stelsel te verseker wat doeltreffend en koste-effektief is en in die ekonomiese en maatskaplike behoeftes van die provinsie voorsien. 'n Sleuteluitdaging sal wees om die effektiwiteit van vaardigheidsoordragprosesse te verhoog deur 'n gekoördineerde kombinasie van onder meer formele kursusse, kort werkswinkels, internetopleiding, leerlingskappe, indiensprogramme, selfstudie, internskappe en korrespondensiekursusse.

4.3.3 Hoër Onderwys

Met drie universiteite, twee teknikons en 'n verskeidenheid van private korrespondensiekolleges is die Wes-Kaap, wat hoër onderwys betref, veel beter daaraan toe as die meeste ander provinsies in die land. Die provinsie lewer tans sowat 22% van gegradueerdes in Suid-Afrika, en na verhouding lewer die provinsie se universiteite meer meesters- en doktorsgrade as Suid-Afrika se ander universiteite. Daar was ook 'n dramatiese toename in die persentasie gegradueerdes met grade op gebiede soos die wetenskap, ingenieurswese, handel en geneeskunde. In 1997 was 52% van alle grade op hierdie gebiede. Die provinsie se hoogste opvoedkundige instellings is ook belangrike verskaffers van gegradueerdes aan die res van Suid-Afrika. Nagenoeg 34% van gegradueerdes verlaat die provinsie wanneer hulle afgestudeer is. Hoewel dit 'n belangrike bydrae tot die vaardigheidsvlak in die res van die land is (en, wat kommerwekkend vir Suid-Afrika is, ook in die res van die wêreld vanweë die brein-erosie), behoort pogings aangewend te word om 'n groter persentasie van gegradueerdes, en veral swart en vroulike gegradueerdes, in die provinsie te behou.

Hoewel die meeste van die provinsie se tersiêre onderwysinstellings besig is om hul skakels met die sakesektor te verbeter en hul programme te herstrukturer ten einde meer ter sake te wees vir die maatskaplike en ekonomiese behoeftes van die land en die provinsie, is daar ruimte vir verbetering in hierdie rigting. Dit geld ook vir samewerking tussen instellings. Hoewel daar reeds 'n mate van nuttige samewerking tussen die drie universiteite en twee teknikons is – hoofsaaklik om hul biblioteke en ander hoëkostefasiliteite beter te benut en te deel – is daar ook ruimte vir meer gesamentlike inisiatiewe tussen dié instellings en hul private eweknieë sodat meer effektiewe maniere beplan en gekoördineer kan word om in die behoeftes van die groeiende Wes-Kaapse ekonomie te voorsien. In die proses moet die huidige

inisiatiewe deur onderwys- en opleidingsverskaffers om dienste aan studente uit ander dele van Suid(er)-Afrika en verder te verskaf, uitgebrei en ontwikkel word.

4.3.4 Navorsing en Ontwikkeling

‘n Kultuur van tegnologiese kennisverkryging en innovering vereis dat voldoende hulpmiddele aan navorsing en ontwikkeling (N&O) gewy moet word. In verhouding tot die res van die land, is die Wes-Kaap goed bedeel op hierdie gebied, want 20% van die land se N&O-personeel bevind hulle in die provinsie. Wat universiteitsnavorsing betref, staan die provinsie besonder sterk op die gebied van die wetenskap, ingenieurswese en geneeskunde, en is hy op verskeie ander sleutelgebiede die leier in Suid-Afrika. Baie van die land se navorsingsrade¹¹ het streekskantore in die provinsie. Volgens die Nasionale Navorsingstigting (NNS) is meer as die helfte van die land se wetenskaplikes met ‘n A-aanslag in die Wes-Kaap (Internasionaal word hulle as leiers op hul onderskeie gebiede beskou), en die Universiteit Kaapstad het meer wetenskaplikes met ‘n A-aanslag as enige ander universiteit in die land. Wat mediese dienste en navorsing betref, is die Wes-Kaap die tuiste vir ‘n groepering van wêreldgehalte. Vyf-en-dertig persent van alle projekte wat deur die Mediese Navorsingsraad befonds word, is in die provinsie.

Ten opsigte van hoëtegnologie-inisiatiewe is Gauteng tans ongetwyfeld verreweg die grootste sentrum¹². Nietemin het die Wes-Kaap ‘n goeie kans om belangrike segmente van hoëtegnologie-verwante navorsings- en produksieaktiwiteite in te palm. Positiewe prestasies in hierdie rigting was die instelling van die Kaapse Inligtingstechnologie-inisiatief (KITI), die Wes-Kaapse Tegnologieforum en die loots van die Capricorn Tegnologie- en Nywerheidspark. Maar weer eens kan daar min twyfel bestaan dat meer gedoen kan word, veral deur die private sektor (wat skynbaar bewus is van die noodsaaklikheid om meer aan N&O te bestee, maar beweer dat lae winsvlakke in die verlede dit moeilik maak.) Nasionale aansporingskemas soos BPTMH (die Bedryfsprogram vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne) behoort strategiese vennootskappe tussen die sakesektor, navorsing en onderwysinstellings en die regering op die terrein van N&O te help aanmoedig.

4.4 INFRASTRUKTUUR EN DIE OMGEWING

4.4.1 Fisiese Infrastruktuur en Omgewing

Die fisiese infrastruktuur omvat vervoerdienste (bus, spoorweg, lughawens en hawens en skeepsvaart), kommunikasie (pos, telefoon, faks, e-pos en Internet), en watertoevoer en energie. Die beskikbaarheid van hoëgehalte-infrastruktuur in ‘n streek is ‘n sleutelfaktor om nuwe sakeondernemings en investering te trek, asook om uitvoerbevordering te verbeter. In die algemeen is die Wes-Kaap betreklik goed daaraan toe wat die verskeidenheid en gehalte van sy fisiese infrastruktuur betref. Dit word bevestig deur die positiewe aanslag wat die provinsie in die *World Competitive Reports* en dergelike studies gekry het. Pogings word tans aangewend om hierdie infrastruktuur te ontwikkel en te verbeter, byvoorbeeld deur die uitbreiding van Kaapstad Internasionale Lughawe, in die besonder om meer regstreekse vlugte na en van

¹¹ Sulke rade is onder meer die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Nasionale Navorsingsraad (NNR), die Mediese Navorsingsraad (MNR), die Landbounavorsingsraad (LNR), die Raad vir Geowetenskappe (RGO) en die Raad vir Mineraaltegnologie (Minteg).

¹² In 1994 was die Pretoria-Witwatersrand streek verantwoordelik vir 71% van die totale nasionale indiensnemingsyfer ten opsigte van hoëtegnologievervaardiging teenoor metropolitaanse Kaapstad se skrale 5% (Rogerson, 1998). Vir ‘n detailoorsig van die hoëtegnologiepotensiaal van die Wes-Kaap, sien Hodge en Driver, *Understanding the High Tech Sector in the Cape Metropolitan Region* (Ontwikkelingsbeleid-navorsingseenheid, Universiteit Kaapstad, 1999).

groot wêreldstede te fasiliteer, en die opgradering van die pendelaarspoorstelsel. Die verspreiding van aardgas deur 'n langafstandpyplyn van die Namibiese en Weskus gasvelde na Saldanha en Kaapstad behoort ook tot belangrike stroomop- en stroomaf-nywerhede aanleiding te gee en die energietoevoerbasis in die provinsie op 'n veilige en omgewingsvriendelike wyse te verbreed. Na verwagting sal die konstruksiefase wat met hierdie ontwikkelings in verband staan, meer as 11 000 nuwe werksgeleenthede in die Wes- en Noord-Kaap skep, veral onder voorheen benadeelde vissersgemeenskappe. Oor die langer termyn sal nog 7 000 nuwe werksgeleenthede geskep word. Nogtans is daar ruimte vir verbetering op 'n aantal gebiede, soos die verskaffing van beter toegang tot, en beter vervoerfasiliteite in, die binnestad van Kaapstad; padverkeersveiligheid (veral met betrekking tot die veiligheid van die taxibedryf en voetgangers); die opgradering en uitbreiding van spoorinfrastruktuur, die seinstelsel en rollende materiaal; die veiligheid van passasiers op treine; en die ontwikkeling, opgradering en instandhouding van infrastruktuur in baie van die voormalige townships vir Afrikane en bruin woongebiede en die landelike gebiede.

Die provinsie se asemrowende natuurlike omgewing en ryk biodiversiteit is 'n belangrike attraksie, nie net vir toeriste en plaaslike inwoners nie, maar ook vir sake-investeerders vir wie lewensgehalte belangrik is. Die Provinsiale Regering het 'n Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad ingestel om as sleutelrolspeler te help verseker dat die provinsie se belangrikste natuurbates effektief bestuur en bewaar word, en dat hul ekonomiese potensiaal ontwikkel word op 'n manier wat verantwoordelik is en tot voordeel van al die gemeenskappe van die Wes-Kaap is. Daar is nietemin ruimte vir verbetering, veral wat die integrasie en koördinasie van omgewingsbewaring en -bestuur tussen die verskillende regeringsfere betref. Die wetgewende raamwerk wat beplanning en omgewingsbestuur rig en reguleer, behoort ook tot 'n geïntegreerde benadering tot omgewingsensitiewe beplanning oor te gaan. Verder, soos uit die onlangse verwoestende brande geblyk het, moet meer werk op die gebied van rampvoorkoming en -bestuur gedoen word.

4.4.2 Maatskaplike Infrastruktuur en Omgewing

Maatskaplike infrastruktuur en die omgewing sluit in residensiële infrastruktuur; gesondheid, onderwys en maatskaplike dienste; veiligheid en sekuriteit; biblioteek- en gemeenskapsinligtingsdienste; en munisipale parke en ander ontspanningsfasiliteite. Terwyl die meer gegoede en tradisioneel wit residensiële gebiede betreklik goed bedeel is met dié soort infrastruktuur, is dit lank nie die geval in baie van die townships vir Afrikane en bruin woongebiede nie. Die huidige pogings om hierdie ongelykhede uit die weg te ruim, moet klaarblyklik versnel word, veral op terreine soos die verskaffing van laekostebehuising, verbeterde ontspanningsfasiliteite, meer effektiewe gemeenskapspolisiëring, en die meer effektiewe integrering van sulke gemeenskappe met dié met goeie dienste deur die verskaffing van beter vervoer en die ontwikkeling van hoëaktiwiteit-ruggraatgebiede.

4.4.3 Politieke en Administratiewe Infrastruktuur

Internasionaal word al hoe meer erken dat goeie regering en bemagtigende regulerende raamwerke voorvereistes is, nie net vir politieke stabiliteit nie maar ook vir effektiewe ekonomiese groei en ontwikkeling (sien, byvoorbeeld, die Ontwikkelingsverslae van die Wêreldbank vir 1997/98 en 1999/2000). Vergeleke met sommige van die ander provinsies, het die Wes-Kaap 'n betreklik doeltreffende administratiewe struktuur geërf en het die oorgang van die pre-1994 geopolitieke situasie na die nuwe bestel betreklik glad verloop. Geen "tuislande" moes geïnkorporeer word nie, en stede en dorpe het wesenlik dieselfde administratiewe stelsels behou. Baie van die plaaslikeregeringstrukture, veral in die landelike gebiede, sal egter deur die Provinsiale Regering ondersteun moet word.

In ooreenstemming met die nuwe transformasiebeleide en fiskale imperatiewe van die nasionale regering is die provinsiale- en plaaslikeregeringstrukture verplig om te verander en te rasionaliseer om hulle meer responsief en verteenwoordigend te maak en in staat te stel om groter koste-effektiwiteit met nuwe dienslewingsverantwoordelikhede en –vereistes te kombineer (insluitende, in die geval van plaaslike owerhede, die verantwoordelikheid vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling en geïntegreerde beplanning). Soos uit die DSA se 1997 *Provincial Review Report* en die 1998-verslag van die Presidensiële Hersieningkommissie blyk, was sulke hervormingsprosesse alles behalwe ‘n volslae sukses, veral nie wat koördinasie en samewerking binne en tussen die verskillende regeringsfere, menslikehulpbron-kapasiteitsbou en die verteenwoordiging van voorheen benadeelde groepe in die hoër bestuurskaders betref nie. Die sluiting van ‘n aantal plaaslike kantore van regeringsdepartemente as deel van die rasionaliserings- en begrotingsbesparingsproses het ook sommige van die meer afgeleë gebiede van die provinsie beroof van wat as ‘n waardevolle ontwikkelingstimulant beskou is.

Nietemin is die transformasieproses ook gekenmerk deur ‘n aantal positiewe prestasies. Voorbeelde is die instelling van die Kaapse Administratiewe Akademie deur die Provinsiale Regering met die doel om die menslikehulpbronkapasiteit van die provinsiale administrasie te versterk, en die invoering van die Provinsiale Uitvoerende Program (PUP) wat bedoel is om belowende administrators uit voorheen benadeelde groepe (swart mense, vroue, en mense met ongeskikthede) te ontwikkel en vinnig te bevorder. Kaapstad se metropolitaanse regering het ook 'n internasionale AA-aanslag gekry. Die feit dat die Provinsiale Regering daarin geslaag het om die begroting te laat kloep ten spyte van strawwe besnoeiings deur die nasionale regering, is nog ‘n ooglopende prestasie. So ook die toenemende blyke van beter samewerking tussen die verskillende regeringsfere, soos die onlangse samewerking tussen die Provinsiale Regering, die voormalige Kaapse Metropolitaanse Raad en die Kaapstadse Stadsraad in verband met die ontwikkeling van die Kaapstadse Konvensiesentrum.

Die politieke en administratiewe infrastruktuur van die provinsie sal bepaald geaffekteer word deur die oorgangsproses ten opsigte van plaaslike regering wat plaasgevind het sedert die Parlement die Munisipale Strukturewet en die Afbakeningswet in 1998 afgekondig het. Die instelling van Kaapstad as 'n Unistad is van besondere belang. Dit is noodsaaklik dat die Unistad se ekonomiese ontwikkelingsdienste effektief met inisiatiewe van die provinsiale regering gekoördineer moet word, veral dié wat in hierdie dokument uiteengesit word.

4.5 ONDERNEMERSKAP

‘n Kenmerkende aspek van die meeste suksesvolle streekseconomieë is dat hulle daarin geslaag het om ‘n vriendelike omgewing vir ondernemerskap en nuwe sakeondernemings te bied. Hoewel die beskikbare bewyse verouderd is, wil dit voorkom of die Wes-Kaap in vergelyking met ander provinsies betreklik goed vaar in hierdie opsig. Die 1993 Vervaardigingsensus toon, byvoorbeeld, dat wat vervaardiging betref, die provinsie meer ondernemers (omskryf as “werkende eienaars”) per duisend werkers het as enige ander provinsie, en ‘n derde meer as Gauteng. Volgens Wesgro (1998) is die plaaslike poel van ervare, toepaslik opgeleide ondernemers en bestuurders tans egter onvoldoende om die 6.7% groei koers wat nodig is om werkskeppingsontwikkeling in ‘n toenemend mededingende streekseconomie te bevorder, te dryf. Klaarblyklik moet daar meer gedoen word, veral ten opsigte van die verskaffing van private ekwiteit en waagkapitaal, die instelling van meer effektiewe aansporingsmaatreëls en ‘n buigsamer regulerende raamwerk om ondernemers en gesamentlike ondernemingsvennote van ander dele van Suid-Afrika en oorsee te lok, en die skepping van ‘n meer ondersteunende omgewing vir KMMO-ontwikkeling en die ekonomiese bemagtiging van voorheen benadeelde groepe.

Wat KMMO-ontwikkeling betref, is daar byvoorbeeld gehoop dat die nuwe institusionele raamwerk en steunagentskappe wat deur die *Witskrif vir 'n Nasionale Strategie vir die Ontwikkeling en Bevordering van Klein Sakeondernemings* van 1995 ingestel is, werklik tot voordeel van talle klein en mikro-ondernemings orals in die land sou wees. Tot dusver was die uitslag in die verskillende streke asook nasionaal egter teleurstellend. Beperkings op KMMO-ontwikkeling is byvoorbeeld veroorsaak deur probleme met toegang tot markte, finansies en sakepersele (teen bekostigbare huur), die verwerwing van vaardighede en bestuurskundigheid, toegang tot geskikte tegnologie, die swak gehalte van die sake-infrastruktuur in armoedige gebiede, en die belastinglas. Sulke beperkings het ondernemers in landelike gebiede en vroue besonder swaar getref. 'n Besondere probleem was dié van toegang tot finansies, wat hoofsaaklik veroorsaak is deurdat banke en ander verskaffers van private ekwiteit en waagkapitaal in Suid-Afrika traag is (in teenstelling met baie ander dele van die wêreld) om in die klein tot middelgroot sakektor te investeer, veral wanneer swart sakeondernemings ter sprake is. Dit het 'n ernstige "ekwiteitsgapings" geskep, wat talle klein tot middelgroot swart sakeondernemings verhoed om so effektief aan die ekonomiese groeiproses deel te neem as wat anders die geval sou kon gewees het.

Gegewe hierdie probleme, is daar 'n duidelike behoefte daaraan om op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak opnuut te besin oor wat die mees effektiewe maniere sal wees om KMMO's te ondersteun. Soos Wesgro in sy *Business Prospects 2001* (2000) uitwys, is 'n belangrike element in hierdie proses dat daar 'n groeiende besef moet wees dat klein, medium en mikro-ondernemings nie saamgegroeper behoort te word wanneer beleide ontwerp of behoeftes geïdentifiseer word nie. In hierdie prosesse behoort minstens drie kategorieë onderskei te word: (i) 'n groot mikro- of oorlewingsektor; (ii) 'n breë middelgroep van klein en mediumgroot ondernemings waar beter toegang vir voorheen benadeelde ondernemers die grootste uitdaging is; en (iii) 'n kleiner groep gesofistikeerde klein en mediumgroot ondernemings in die hoëtegniek-, hoëvaardigheds- of professionele sektore wat wêreldmededingers is, en wat ondersteuning nodig het wat hulle sal help om hul mededingende potensiaal te ontplooi. Elk van hierdie drie kategorieë sou ook verder volgens sektor van mekaar geskei moet word.

4.6 MENSLIKE ONTWIKKELING

Vergeleke met Suid-Afrika se ander provinsies sou die Wes-Kaap in die versoeking kon kom om tevrede te wees met sy vlakke van menslike ontwikkeling. Volgens die VN se menslikeontwikkeling-indeks (wat lande volgens lewensverwagting, onderwys en basiese koopkrag gradeer), het die Wes-Kaap die hoogste telling van al die provinsies, met 0.83 vergeleke met Suid-Afrika se gemiddelde aanslag van 0.67. Soos Tabel 4 aantoon, vergelyk die Wes-Kaap ook gunstig met die meeste van die ander provinsies in die land wat aanwysers soos armoede, werkloosheid en geletterdheid onder volwassenes betref. Wat kindersterfte betref, is hy die ander provinsies ver voor.

Daar is egter min rede om gerus te wees. *Eerstens* vaar die Wes-Kaap baie swakker vergeleke met sy internasionale eweknieë (ander bo-middeltipe lande met soortgelyke produksievlakke per kapita). Die provinsie is in die onderste persentiel van sulke lande ten opsigte van, byvoorbeeld, lewensverwagting, kindersterfte, ongeletterdheid onder volwassenes en gemiddelde getal skooljare. Die Wes-Kaap het ook met ernstige probleme soos vroue- en kindermishandeling, alkoholisme en fetale alkoholsindroom, bendeaktiwiteite en misdaad te kampe.

Tabel 4: Provinsiale Ontwikkelingsaanwysers

	% VAN SA BEVOLKING	% IN ARMOEDE	ONGELET- TERDHEID (VOLWAS-	WERKLOOS- HEID %	KINDER- STERFTE (PER 1000)

			SENES) %		
Oos-Kaap	15.6	62	61	41.4	57
Vrystaat	6.6	45	62	26.1	45
Gauteng	19.0	21	83	20.9	33
KwaZulu-Natal	20.4	49	60	33.1	-
Mpumalanga	6.9	43	57	33.4	40
Noordwes	7.9	41	57	32.8	41
Noord-Kaap	1.9	46	67	27.2	30
Noordelike Provinsie	10.8	68	55	41.0	55
Wes-Kaap	10.9	18	76	18.7	25
RSA	100.0	43	65	30.6	42

Bron: Wesgro (1998), gebaseer op 1995-96 inligting van die OBSA, RGN en SSD

Tweedens is die vergelyking tussen die Wes-Kaap en ander provinsies ietwat misleidend, omdat baie van die armste huishoudings in ander provinsies toegang het tot grond wat hulle selfversorgend maak. Die meeste van die arm en kwesbare huishoudings in die Wes-Kaap het nie sulke toegang tot grond nie (Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste, 1999).

Derdens versteek die gemiddelde statistiek vir menslike ontwikkeling en lewensgehalte in die Wes-Kaap belangrike verskille en ongelykhede ten opsigte van ras, geslag en geografiese ligging. Hoewel die provinsie betreklik welvarend is vergeleke met ander dele van die land, is sy welvarendheid baie ongelyk tussen die verskillende bevolkingsgroepe verdeel. Volgens die *Analysis of Poverty in the Western Cape as Enumerated in the 1966 Census*, wat deur die Provinsiale Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste onderneem is (November 1999), het minder as 50% swart huishoudings 'n jaarlikse inkomste van meer as R12 000, terwyl meer as 50% wit huishoudings 'n jaarlikse inkomste van meer as R54 000 het. Meer as 85% van swart huishoudings verdien minder as die armste 25% van wit huishoudings. As 'n inkomste van R1 500 per huishouding per maand as die armoedegrens beskou word, bereken die Provinsiale Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste dat 41.8% van huishoudings in die provinsie onder die armoedegrens leef, 'n syfer wat veel hoër is as dié wat in Tabel 4 voorkom. Soos Tabel 5 aantoon, is die syfers vir die huishoudings van Afrikane, bruin mense, Indiërs/Asiërs en wit mense 73.4%, 44.8%, 24.5% en 15.5% onderskeidelik. Ander aanwysers van ongelykhede en wanbalanse tussen die verskillende bevolkingsgroepe op individuele en huishoudingsvlak word ook in Tabel 5 aangetoon.

Daar is ook belangrike geslagswanbalanse. Volgens die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste se *Analysis of Poverty in the Western Cape*, het digby 50% van huishoudings met 'n man aan die hoof daarvan 'n jaarlikse inkomste van R30 000 of meer, terwyl slegs 30% van huishoudings met 'n vrou aan die hoof 'n dergelike jaarlikse inkomste het. Twee-en-vyftig persent van huishoudings met 'n vrou aan die hoof (wat 27.5% van alle huishoudings in die provinsie uitmaak) het 'n jaarlikse inkomste van minder as R18 000, terwyl 37% van huishoudings met 'n man aan die hoof in hierdie kategorie ingedeel word. Die syfer vir vrouens wat werkloos is (21.5%), is ook beduidend hoër as dié vir mans (14.3%). Weens die "Kleurling-voorkeurbeleid" in die Wes-Kaap is die werkloosheidsyfer onder vroulike Afrikane histories baie hoog. Vroue, en veral swart vroue, in laag besoldigde werk (byvoorbeeld as huiswerkers, plaaswerkers of as laagbesoldigdes in die tekstielbedryf) is ook buite verhouding hoog. Ongeletterdheidsvlakke onder vroue is ook beduidend hoër as onder mans.

Tabel 5: Geselekteerde Menslikeontwikkelingsaanwysers per bevolkingsgroep

AANWYSER	WES-KAAP GEMID- DELDE	AFRIKANE	BRUIN MENSE	INDIËRS	WIT MENSE
Inkomste per huishouding onder R1500 per maand	41.8%	73.4%	44.8%	24.5%	15.5%
Werkloosheid	18.7%	31.0%	18.0%	-	7.0%
Mediese dienste binne 15 minute	59.1%	37.6%	51.3	44.4%	82.2%
Formele woning op afsonderlike perseel	70.3%	35.1%	72.6%	66.7%	87.9%
Spoeltoilet in woning	70.8%	29.6%	68.2%	94.5%	97.6%
Elektrisiteit in woning	79.9%	53.9%	78.9%	91.8%	96.8%
Lopende kraanwater in woning	76.6%	36.9%	76.7%	100.0%	98.9%

Bron: Genesis Analytics, *An Economic Vision for the Western Cape* (1999); Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste, , 1999.

Armoede in die Wes-Kaap het ook bepaald 'n plattelandse neiging. Die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste se ontleding toon, byvoorbeeld, dat digby 50% van landelike huishoudings (wat 11.8% van alle huishoudings in die provinsie uitmaak) minder as R12 000 per jaar verdien, terwyl amper 50% van stedelike huishoudings meer as R30 000 per jaar verdien. Landelike huishoudings in die noordweste van die provinsie en in die Karoo en Klein Karoo is veral kwesbaar.

Die regstelling van sulke ongelykhede en die verligting van die hoë vlakke van armoede en werkloosheid, en die gebrek aan behuising en basiese geriewe wat onder Afrikane en in seksies van die bruin bevolking voorkom, is nie net 'n belangrike politieke, maatskaplike en morele imperatief nie. Dit is ook goeie sakevernuf. Armoede, ongelykheid en werkloosheid versterk die hoë vlak van misdaad, inhibeer die volle ontwikkeling van 'n streek se menslikehulpbronnepotensiaal, en skep 'n swak sake-investeringsomgewing. Beleide en programme wat armoede, ongelykheid en misdaad verminder, en indiensneming en ekonomiese bemagtiging verhoog, sal die provinsie se mededingendheid verbeter deur plaaslike koopkrag op te stoot, die plaaslike vraag na gehaltegoedere en -dienste en dié met 'n hoë toegevoegde waarde laat groei en die gehalte en aantreklikheid van die omgewing verbeter. In die omgewing van die globale kennis-ekonomie is die ontwikkeling van effektiewe lewenslange onderwys- en opleidingsgeleenthede, insluitende die uitbreiding van ABET-voorsiening, 'n sleutelaspek van sulke programme. Dit sal veral gerig moet wees op maniere om die vaardighede en mededingende potensiaal van die armes te verbeter, sodat die provinsie eerder toenemend kan beweeg na vorms van mededingende kostevoordele wat op doeltreffendheid en produktiwiteit gebaseer is as op laeloonvoordele.

Een van die grootste uitdagings waarvoor die provinsie, en trouens Suid-Afrika, te staan kom sover dit maatskaplike en menslike ontwikkeling betref, is die groeiende voorkoms van MIV/vigs en TB. Nasionaal is daar na raming meer as 4 miljoen mense wat reeds MIV positief is. As die huidige neiging voortgaan, sal die gemiddelde lewensverwagting van 68 jaar tans maklik tot 48 teen die jaar 2010 kan daal. Hoewel die Wes-Kaap 'n laer voorkomssyfer as baie van die ander provinsies het, verdubbel die MIV-infeksiesyfer in die provinsie elke dertien maande (volgens inligting van die Provinsiale Departement van Gesondheid). Teen hierdie koers sou die provinsie oor die volgende dekade een uit elke

vyf van sy bevolking weens vigs-verwante siektes kon verloor. Terselfdertyd is daar ten opsigte van die TB-epidemie in Suid-Afrika (wat deur die voorkoms van MIV/vigs aangeblaas word) gedokumenteer dat dit een van die ergste ter wêreld is. Duisende Suid-Afrikaners sterf maandeliks aan 'n siekte wat 100% geneesbaar is.

Afgesien van die verskriklike menslike koste wat MIV/vigs en TB vir slagoffers, hul gesinne en hul gemeenskappe inhou, is die potensiële koste vir die ekonomie ook ontsaglik, nie net deur die verlies van vaardighede en ondervinding nie, maar ook deur kwynende arbeidsproduktiwiteit weens die toenemende afwesigheid en siekte van werkers, en stygende arbeidskoste per eenheid, aangesien maatskappye meer vir mediese hulp en groeplewens- en ongeskiktheidsdekking betaal. Om dié rede het die Provinsiale Regering (binne sy breë beleide vir die verbetering van gesondheidsvoorsiening in die provinsie) die stuiting van MIV/vigs en TB as een van sy tien sleutelbeleidsdoelwitte uitgelig.

Die Wes-Kaap het ook ernstige probleme van alkoholmisbruik, veral op plase en rondom die sjebiens in die informele nedersettings en die voormalige townships. Dit het bygedra tot ander maatskaplike probleme, soos die hoë voorkoms van fetale alkoholsindroom, vroue- en kindermisbruik, en geweld, misdaad en padongelukke, Dwelmmisbruik, tesame met die impak daarvan op misdaad en geweld, is ook 'n baie belangrike kwessie.

HOOFTUK 5: VISIE EN STRATEGIESE IMPERATIEWE

5.1 INLEIDING

Die visie en strategiese imperatiewe wat hieronder geskets word, het ten doel om die belofte wat die Wes-Kaap inhou, te verwesenlik. Die belofte is een van ‘n welvarende ekonomie wat Suid-Afrika en Afrika - en wêreldmarkte dien; van ‘n samelewing waar elke kind onderwys van wêreldgehalte ontvang, en elke werker kognitiewe vaardighede het wat gelykstaan met dié van die bes-opgeleide arbeidsmagte ter wêreld; van ‘n middelpunt van aktiwiteite wat die provinsie deur ‘n puik infrastruktuur en sakeomgewing heg verbind met die wêreld; en van ‘n samelewing waar die meeste van vandag se armes teen die jaar 2010 uit hul armoede opgehef sal wees.

Die visie en strategiese imperatiewe is gebaseer op die Provinsiale Regering se ontleding en begrip van die vereistes vir ekonomiese provinsiale sukses in die nuwe globale kennis-ekonomie, wat in Hoofstuk 2 hierbo saamgevat is. Hulle stem ook ooreen met die Provinsie se tien oorkoepelende beleidsdoelwitte (in Hoofstuk 1 uiteengesit), asook tersaaklike nasionale beleidsinisiatiewe (in Hoofstuk 3 uiteengesit). In die besonder is hulle bedoel om op die huidige sterk punte voort te bou en aandag te skenk aan die uitdagings waarvoor die provinsiale ekonomie te staan kom, soos in Hoofstuk 4 uitgelig.

5.2 VISIE VIR DIE WES-KAAPSE EKONOMIE

Dit is ons visie om die Wes-Kaap die suksesvolste, innoverendste en mededingendste ekonomiese streek in Suider-Afrika te maak, met 'n beter lewensgehalte vir al sy mense

5.3 DIE VIER STEUNPILARE

Die ekonomiese visie vir die Wes-Kaap rus op vier steun- en verwante pilare. Hulle is:

- **Die Kaap wat Leer:** om die Wes-Kaap die leidende kennisstreek in Suider-Afrika te maak.
- **Die Internasionale Kaap:** om ekonomiese groei, ontwikkeling en mededingendheid te versterk deur die Wes-Kaap effektief met die res van Afrika en die wêreld te verbind.
- **Die ondernemende Kaap:** om die Wes-Kaap as Suid-Afrika se voorste sentrum vir ondernemerskap en innovering te vestig.
- **Die Kaap die Goeie Hoop vir Almal:** om regverdigte ontwikkeling regoor die provinsie te bewerkstellig deur die lewensgehalte vir almal te verbeter en die ekonomiese geleenthede van die armste gemeenskappe uit te brei.

5.4 STRATEGIESE IMPERATIEWE

Ten einde hierdie visie en die vier steunpilare waarop dit rus, te verwesenlik, sal die Provinsiale Regering die volgende strategiese imperatiewe (soos in Tabel 6 hieronder uiteengesit) in hegte vennootskap met alle tersaaklike rolspelers (openbaar, privaat en nieregering) op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak toepas. Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie imperatiewe nie volgens prioriteit gelys is nie. Hulle is almal ewe belangrik en sal op ‘n holistiese en geïntegreerde wyse geïmplementeer moet word. Dit geld veral vir dié imperatiewe wat meer spesifiek om die versterking van die provinsie se mededingendheid in die globale kennis-ekonomie gaan, en dié wat meer spesifiek om armoedeverligting en werkskepping gaan. Hoewel hulle vir die doeleindes van analise geskei word, moet die twee stelle

imperatiewe deeglik gekoppel word as ons die visie wat in hierdie dokument uiteengesit word, 'n werklikheid wil maak. Daardie strategiese imperatiewe en inisiatiewe wat bedoel is om toenemende ekonomiese mededingendheid te verwesenlik, moet derhalwe rekening hou daarmee dat aandag geskenk moet word aan kwessies soos armoede, werkskepping en gemeenskapsbemaagtiging. Terselfdertyd moet dié wat bedoel is om meer spesifiek die kwessies van armoede en werkgeleenthede aan te pak, ook rekening hou met die ekonomiese mededingendheid en prestasie van die provinsie te verbeter.

Tabel 6: Steunpilare en Strategiese Imperatiewe vir die Wes-Kaapse Ekonomie

STEUNPILARE	STRATEGIESE IMPERATIEWE
Die Kaap wat Leer	<ol style="list-style-type: none"> 1. Vestiging van primêre en sekondêre onderwys van wêreldgehalte om die Kaapse arbeidsmag van voortreflike kognitiewe vaardighede te voorsien. 2. Verhoging van die vaardigheids- en bevoegdheidsvlak van die bevolking en arbeidsmag deur voortreflike stelsels van voortgesette onderwys, opleiding en lewenslange leergeleenthede (insluitende ABET). 3. Bevordering van bedryfsverwante onderwys en navorsing aan universiteite, teknikons en ander tersiêre instellings.
Die Internasionale Kaap	<ol style="list-style-type: none"> 4. Vestiging van 'n infrastruktuur en omgewing van wêreldgehalte vir die sakesektor in die Wes-Kaap. 5. Plasing van die Wes-Kaap op die snelbaan van die inligting- en kommunikasie-supersnelweg. 6. Verandering van die Kaap in een van die aantreklikste plekke vir investeerders en toeriste in die Suidelike Halfrond. 7. Ontwikkeling van 'n samehangende en proaktiewe strategie vir die bevordering van uitvoer. 8. Gehaltebemarking – vestiging van die Kaap as een van die wêreld se beroemdste handelsmerke vir gehalte-ontwerp en omgewingsvriendelike produksie
Die Ondernemende Kaap	<ol style="list-style-type: none"> 9. Ontwikkeling van die Wes-Kaap as 'n sentrum vir N&O en innovering. 10. Die bou van sterk private ekwiteit en waagkapitaal in die Wes-Kaap. 11. Bevordering van ondernemerskap en ekonomiese bemaagtiging, veral in benadeelde gemeenskappe. 12. Ontwikkeling van 'n strategiese en kollaboratiewe benadering tot sektorgroei en ontwikkeling.
Die Kaap die Goeie Hoop vir Almal	<ol style="list-style-type: none"> 13. Verbetering van almal se lewensgehalte, en veral dié van die armste burgers. 14. Werkskepping, veral vir laergeskoolde werkers.

Nog 'n belangrike punt wat benadruk moet word, is dat die pogings om die ekonomiese sukses en globale mededingendheid van die provinse te bevorder, nie ten koste van ander dele van Suid-Afrika of die Suider-Afrika- streek as 'n geheel moet geskied nie. As ander provinsies, en veral buurprovinsies, in die proses gemarginaliseer word, sou dit in elk geval teenproduktief vir die provinsie wees, veral met die oog op die uitdagings wat verband hou met die reeds hoë voorkoms van inwaartse migrasie¹³. As een van Suid-Afrika se mees welvarende provinsies sal die Wes-Kaap dus steeds 'n proaktiewe rol vervul om sy

¹³ Sedert die afwesigheid van instromingsbeheer, byvoorbeeld, het die getal Afrikane in die Wes-Kaap verdriedubbel om tans op net minder as 'n miljoen te staan.


die lesse en ervarings van beste praktyk wat suksesvol bewys is, na ander provinsies te versprei, asook om hulle te help met kapasiteitsbou. Die Provinsiale Regering sal daarna streef om 'n belangrike rol in hierdie opsig te vervul, in die besonder deur die verskillende interregeringsforums.

5.5 KRITIEKE SUKSEFAKTORE

Die verwesenliking van die visie en strategiese imperatiewe wat hierbo uiteengesit word, sal afhang van 'n aantal belangrike voorvereistes of kritieke suksesfaktore. Sommige daarvan is buite die onmiddellike beheer van die Provinsiale Regering, byvoorbeeld die stabiliteit of ongestadigheid van wêreldmarkte en kapitaalvloei; vrede en politieke bestendigheid in die Suider-Afrikaanse streek; die voorwaardes van internasionale en streekhandelsooreenkomste; die binnelandse makro-ekonomiese, fiskale, belastings-, monetêre en arbeidsverhoudingsraamwerke, wat deur die nasionale regering en organisasies soos die Reserwebank bepaal word; die beleide en aktiwiteite van plaaslike regering, nasionale departemente en semi-staatsinstellings; die aktiwiteite en investeringsbesluite van transnasionale en binnelandse korporasies en sakeondernemings; en die beleide en aktiwiteite van ander outonome organisasies (soos NRO's en die vakbonde) wat 'n belangrike rol in die provinsiale ekonomie speel. Die Provinsiale Regering kan sulke kwessies, beleide en aktiwiteite weliswaar nie regstreeks vorm of beïnvloed nie, maar kan en moet hegte kollaboratiewe verhoudings met nasionale en plaaslike regering, en met ander organisasies wat dit wel kan doen, ontwikkel.

'n Aantal kritieke suksesfaktore kan egter wel deur provinsiale beleidsmakers beïnvloed word. Hulle is onder meer:

- Die fasilitering van 'n effektiewe bemagtigende omgewing en infrastruktuur vir investering, ondernemerskap, innovering, armoedeverligting, werkskepping, ekonomiese bemagtiging en misdaadvoorkoming (op gebiede waar die Provinsiale Regering die grondwetlike bevoegdheid het), om groei en ontwikkeling te maksimaliseer;
- Die bevordering van meer doeltreffende, verantwoordbare, buigsame en responsiewe vorms van regering binne die Provinsiale Administrasie, tesame met 'n ondersteunende regulerende omgewing;
- Noue wisselwerking met ander provinsies, eerder in die gees van samewerking as mededinging;
- Die versekering van verbeterde vorms van koördinasie en samewerking tussen die verskillende provinsiale departemente om die ekonomiese visie en strategiese prioriteite te ondersteun;
- Die mobilisering van steun vir die provinsie se visie en strategiese prioriteite deur plaaslike regering, nasionale departemente wat in die provinsie werksaam is, semi-staatsinstellings, die private sektor, tersiêre instellings, NRO's en gemeenskappe;
- Die vestiging van 'n geskikte institusionele raamwerk, asook effektiewe inligting- en kommunikasiestelsels, om te verseker dat die aktiwiteite van die verskillende ekonomiese rolspelers effektief gekoördineer is met, en inskakel by, die visie en strategiese prioriteite in hierdie Witskrif uiteengesit;
- Die verskaffing van veral 'n effektiewe strategiese en institusionele raamwerk vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO) regdeur die provinsie, waardeur die beleide en aktiwiteite van nasionale, provinsiale en plaaslike regering met welslae geïntegreer kan word op plaaslike vlak;
- Die uitbouing van bestaande agentskappe vir die lewering van ekonomiese dienste, en die instelling van nuwe agentskappe, waar nodig;

- Aanmoediging om vennootskappe (openbaar/openbaar, openbaar/privaat en openbaar/gemeenskap) te ontwikkel;
 - Die volg van proaktiewe beleide om die ekonomiese bemagtiging van voorheen benadeelde mense (veral vroue, jong mense en diegene met ongeskikthede), asook die ontwikkeling van KMMO's te ondersteun;
 - Die vervulling van 'n proaktiewe rol waar voorspraak by die nasionale regering gedoen word om te probeer verseker dat nasionale beleide so ontwikkel en aangepas word dat hulle effektiewe provinsiale ontwikkeling eerder steun as inhibeer;
 - Die herpriorisering van begrotings en geldmiddele in ooreenstemming met die ekonomiese visie en strategiese prioriteite in hierdie dokument uiteengesit;
 - Die monitering van vordering op 'n deurlopende grondslag, en die nodige aanpassing van beleid.
- 

HOOFSTUK 6: DAARSTELLING VAN 'N STRATEGIESE RAAMWERK VIR PROVINSIALE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om 'n breë strategiese raamwerk oor 'n tydperk van tien jaar te verskaf wat die beleide en implementeringsplanne van provinsialeregeringsdepartemente, asook dié van plaaslike owerhede, nasionale departemente en ander ekonomiese rolspelers in die provinsie sal rig en sodat hulle in staat gestel sal word om effektief in te skakel by die visie, steunpilare en imperatiewe wat in die vorige hoofstuk uiteengesit is. Dit word gedoen deur onder elk van die veertien strategiese imperatiewe (in Tabel 6 hierbo gelys) die hoofbeleidsdoelwitte, saam met 'n aantal strategiese sleuteliniatiewe waardeur dit verwesenlik kan word, uit te lig. By die formulering van hierdie iniatiewe is deeglik kennis geneem van die omvattende kommentaar van belanghebbendes op die oorspronklike Groenskrif waarop hierdie dokument gebaseer is. Hoewel 'n hele aantal nuut is, is sommige van hulle bedoel om voort te bou op bestaande iniatiewe en hulle te versterk. Die iniatiewe is geensins volledig uitgewerk nie en sal deur die provinsiale departemente en al die rolspelers wat by die implementeringsfase betrokke is, verfyn moet word. Aangesien hulle algemeen van aard is, sal hulle ook aangepas moet word by die spesifieke behoeftes en ontwikkelingsuitdagings en -geleenthede van die verskillende ekonomiese sektore en die verskillende gebiede (metropolitaans, stedelik en landelik) in die provinsie

Die strategiese imperatiewe en iniatiewe wat hieronder uiteengesit word, sal ook ingepas moet word in die breër strategie en sakeplanne van die verskillende agentskappe (openbaar, privaat en nieregering) op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. Gedurende die proses sal dit belangrik wees om ooreen te kom en kollaboratiewe raamwerk in te stel om konsulerend oor kort-, medium- en langtermynprioriteite, meetbare teikens, uitkomste en tydskaal; die finansiële en menslikehulpbron-implikasies; die verantwoordelikhede van die sleutelrolspelers, en geskikte meganismes vir koördinerende, monitering en evaluering.

Aangesien hierdie dokument 'n dokument van die Provinsiale Regering is, sal die doelwitte en iniatiewe wat hieronder uiteengesit word, spesifiek van toepassing wees op die verskillende departemente waaruit die provinsiale administrasie bestaan, met die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme in 'n leidende koördinerende rol. Volle samewerking tussen regeringstrukture op provinsiale, nasionale en plaaslike vlak, asook tussen dié openbare liggame en die talle semi-staatsinstellings en private en nieregeringsorganisasies wat by die streekseconomie betrokke is, sal egter noodsaaklik wees.

Steunpilaar 1: Die Kaap wat Leer

6.2 PRIMÊRE EN SEKONDÊRE ONDERWYS VAN WÊRELDGEHALTE

6.2.1 Beleidsdoelwitte

Ten einde die grondslag vir 'n onderwysstelsel van wêreldgehalte te lê wat in staat is om :

- 'n Veilige en bemagtigende omgewing te skep wat alle leerders aanmoedig om hul volle potensiaal te ontwikkel;
- Die huidige wanbalanse te oorkom en toegang tot gehalteonderwys vir almal, insluitende diegene met ongeskiktheid ten opsigte van hul spesifieke behoeftes, te verskaf;

- Die provinsie se huidige en toekomstige arbeidsmag van voortreflike kognitiewe vaardighede te voorsien, veral wat wiskunde, wetenskap, tegnologie, tale en kommunikasie betref;
- Lede van die arbeidsmag in die geleentheid te stel om nuwe kennis regdeur hul loopbane effektief te verwerf en toe te pas;
- Vir die Wes-Kaap naam te maak as voorste kennisstreek, met individue, onderwysers en werkgewers wat kennis na waarde ag en 'n arbeidsmag wat onder die aanpasbaarste, gemotiveerdste, vernuftigste en produktiefste in Suider-Afrika is;
- Die provinsie 'n voorsprong op sy mededingers te gee deur die maniere waarop hy kennis verwerf, toepas en benut.
- 'n "Leerkultuur" in die provinsie te skep met geletterdheid, dinkvaardighede en lewenslange onderwys wat nie net die sleutel tot ekonomiese groei en werkskepping is nie, maar wat ook sal lei tot die skepping van 'n beter lewensgehalte vir almal.

6.2.2 Strategiese inisiatiewe

Die Provinsiale Regering, in samewerking met sy maatskaplike vennote, sal veral deur sy Departement van Onderwys die volgende inisiatiewe bevorder, steun en aanmoedig:

- Die optimale benutting van onderwys- en leertyd regdeur die stelsel, tesame met die voortydige verskaffing van geskikte middele om dit te verwesenlik;
- Die invoering van nuwe en innoverende vorms van leer, soos afstandsonderrig en tegnologie-ondersteunde leermoontlikhede vir alle leerders, maar veral vir dié in die meer afgeleë en onderwys-benadeelde dele van die provinsie (in vennootskap met die private sektor en die hoofverskaffers van fisiese en IKT-infrastruktuur);
- Die vestiging van effektiewe, toeganklike en doeltreffende mediums van onderrig, taal en tegnologiese steun om in die opvoedkundige behoeftes van diegene met ongeskikthede te voorsien.
- Die uitbreiding van vroeëkindontwikkeling (VKO) as 'n noodsaaklike basis vir effektiewe vorms van lewenslange leeraktiwiteite;
- Verbeterde vorms van onderwysopleiding (sowel vóórdiens as indiens), veral in wiskunde, wetenskap, tegnologie, (insluitende IT), en sakestudie, asook in nuwe onderrig- en leermetodologieë (studies van suksesvolle kennisstreek het aangetoon dat dit 'n sleutelfaktor vir die verbetering van opvoedkundige prestasie is);
- Die instelling van 'n program om wiskunde, wetenskap, tegniese onderrig en sakestudie regdeur die provinsie, veral vir vroulike leerders, en veral ook in daardie gebiede wat voorheen benadeel is, te verbeter;
- Die uitbreiding van praktiese projekte in wetenskap, tegnologie en ondernemerskap om toegepaste asook teoretiese vaardighede te ontwikkel;
- Die ontwikkeling van vaardigheid in Engels (as 'n globale taal) in alle skole, óf as eerste óf as tweede taal;
- Die ontwikkeling van lewensvaardighede as 'n geïntegreerde deel van die skoolkurrikulum;
- Die uitbreiding van moedertaalonderwys, veral vir tegniese vakke;
- Die instelling van onderwys-sakeskakels en –vennootskappe tussen individuele skole en sakeondernemings (of skoolgroeperings en sakeondernemings) om verdere belangstelling, betrokkenheid en steun van die kant van die private sektor te bevorder, en om leerlinge (deur skoolbesoeke, projekte en werkplasing) meer oor die praktyk te leer;
- Die verdere uitbreiding van die Wes-Kaapse Skolenetwerk (wat Internet-dienste aan primêre en sekondêre skole bied), veral vir die meer benadeelde skole van die provinsie;

- Die instelling van ‘n “Learning in the Cape” webruimte om inligting aan skole en oor skole te verskaf;
- Die aanpak van probleme van vandalisme en misdaad as 'n belangrike voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n effektiewe leerkultuur in die provinsie se skole.

6.3 VOORTGESETTE ONDERWYS EN OPLEIDING

6.3.1 Beleidsdoelwitte

In ooreenstemming met die nasionale strategieë vir voortgesette onderwys en opleiding (FET), lewenslange leeraktiwiteite en die ontwikkeling van vaardighede sal die provinsiale doelwitte soos volg wees:

- Om die hoeveelheid, gehalte, relevansie en koördinasie van FET-voorsiening in hierdie provinsie te verbeter;
- Om hoër vaardigheids- en bevoegdheidsvlakke onder die bevolking en werksmag te bevorder, en daardeur die provinsie as mededinger se voorsprong as die voorste kennisstreek te verbeter;
- Om ‘n kultuur van deurlopende, lewenslange opgradering van kennis en vaardighede onder individue en werkgewers (binne die NKR en SAKO) te bevorder;
- Om werkers en werkloses, in die besonder dié uit benadeelde groepe¹⁴, se toegang tot FET, en veral ABET, te vergroot;
- Om die verspreiding en eiemaak van nuwe kennis en tegnieke binne bedrywe te versnel deur sektorale opleidingsinstellings te skep en aan te moedig (veral ten opsigte van sektore met ‘n sterk groeipotensiaal).

6.3.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met sy maatskaplike vennote sal die Provinsiale Regering die volgende inisiatiewe bevorder, steun en aanmoedig:

- Die deurlopende hersiening en opgradering van die kurrikulum in FET-instellings om te verseker dat hulle behoeftegedrewe, prakties gerig (met meer geleenthede vir werkplasing) en relevant vir die veranderende sektorale behoeftes van die ekonomie is;
- Toenemende klem op onderwyseropleiding, en die uitwerk en ingebruikneming van nuwe onderrig- en leermetodologieë (soos afstandsonderrig en tegnologie-ondersteunde leer);
- Die ontwikkeling van programme (insluitende oorbruggingsprogramme) en die toenemende erkenning van vroeëre leer-ervaring (EVL) om groter toegang tot universiteits- en technikononderrig vir benadeelde groepe te bevorder;
- Die skepping van effektiewe meganismes en ondersteuningstelsels om in die onderwysbehoefte van mense met ongeskikthede te voorsien;
- Noue samewerking met die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETA’s), om sektorale beroepsopleidingsinisiatiewe te bevorder (soos die moontlikheid om nuwe sektorale beroepsinstellings op die patroon van die suksesvolle Singapoer instellings te skep);

¹⁴ Die insluiting van ABET onder Voortgesette Onderwys en Opleiding in hierdie dokument beteken nie dat diegene wat min of geen basiese opvoeding en opleiding het, van ABET-voorsiening uitgesluit sal word nie. Die teendeel sal dikwels eerder waar wees.

- Die versterking van skakels en netwerke tussen die tegniese kolleges en hoër-onderwysinstellings, en tussen openbare, private en NRO-opleidingsverskaffers;
- Noue samewerking met die NRO-sektor om te verseker dat fasiliteite vir Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (ABET) aan almal, veral in landelike gebiede, verskaf word;
- Die verbetering van inligting oor FET-kursusse en -programme asook oor die NKR, SAKO en SETA's deur die *Learning in the Cape*-webruimte;
- Die instelling van beter stelsels en strukture vir die verkryging en verspreiding (aan opleidingsverskaffers en werkgewers) van die nuutste arbeidsmarkinligting. (SETA's behoort 'n belangrike rol in hierdie verband te vervul);
- Aanmoediging dat daar meer wisselwerking moet wees tussen kolleges en die sakesektor (gegrond, byvoorbeeld, op die Silicon Valley ervaring waar plaaslike maatskappye help met die opstel van kursusse, die verskaffing van deelydse onderrigpersoneel en die skenking van tegniese toerusting);
- Die invoering van nuwe en verbeterde vorms van loopbaanvoorligting en –berading;
- Die aanmoediging van navorsing om die Wes-Kaap in voeling te hou met internasionale beste praktyk op die terrein van beroepsonderrig en –opleiding;
- Die ontwikkeling van programme vir die heropleiding van werkers wat hul werk verloor het of wat moontlik oortollig verklaar kan word in sektore wat herstruktureer gaan word of aan die agteruitgaan is, asook vir vroue wat weer wil begin werk nadat hulle hul kinders grootgemaak het;
- Die ontwikkeling van verbeterde en meer toeganklike opleidingsprogramme, insluitende ABET-programme) vir werkers in die KMMO-sektor, plaaswerkers, werkloos (veral jeugdige wat werkloos is), vroue, en mense met ongeskikthede.
- Die ontwikkeling van onderwys en opleiding (en menslikehulpbronontwikkeling in die algemeen) as 'n uitvoerder en skepper van welvaart, veral deur die versterking en uitbreiding van huidige inisiatiewe deur die provinsie se verskaffers van onderwys en opleiding om dienste te verskaf aan studente van ander dele van Suid-/Suider-Afrika en verder.

6.4 NYWERHEIDSGERIGTE ONDERWYS EN NAVORSING

6.4.1 Beleidsdoelwitte

Om universiteite, teknikons, ander navorsingsliggame in die Wes-Kaap en firmas en industrieassosiasies bymekaar te bring om sodoende 'n wêreldklasbenadering tot industriegekoppelde onderwys en navorsing te bevorder.

6.4.2 Strategiese Inisiatiewe

Hoewel hoër onderwys (universiteite en teknikons) eerder 'n nasionale as 'n provinsiale bevoegdheid is, sal die Provinsiale Regering 'n proaktiewe fasiliterende rol vervul, in die besonder deur die volgende aan te moedig en te steun:

- Die handhawing en uitbreiding van voortreflikheid op gebiede (soos mediese onderrig, opleiding en navorsing), waar die Wes-Kaap reeds 'n betreklike voorsprong het)
- Die optimale rasionalisasie en deel van fasiliteite tussen die provinsie se vyf hoër onderwys- (HO-) instellings, om die fasiliteite en praktyke van wêreldgehalte wat reeds in die provinsie bestaan, in stand te hou en te ontwikkel;

- Groter samewerking en deel van inligting tussen industriegebaseerde N&O-personeel, universiteits- en tekniknavorsers en staatsondersteunde navorsingsrade;
- Meer gereelde vorms van wisselwerking tussen firmas en HO-instellings.¹⁵
- Groter befondsing van navorsing deur korporasies, asook borgskappe vir internasionale uitruilings en konferensies;
- Die ontwikkeling van nuwe, langer en innoverende vorms van werkplasing en internskappe om studente relevante praktiese ondervinding te gee wat hul vooruitsigte op indiensneming verbeter.

Steunpilaar 2: Die Internasionale Kaap

6.5 INFRASTRUKTUUR EN DIE OMGEWING

6.5.1 Beleidsdoelwitte

- Om 'n geïntegreerde en kollaboratiewe benadering tot infrastruktuurontwikkeling en omgewingsbewaring te bevorder op maniere wat positief bydra tot globale mededingendheid sowel as armoedeverligting;
- Om die uitbreiding van die Wes-Kaapse ekonomiese infrastruktuur tot wêreldstandaarde te versnel, as 'n sleutelkomponent om die provinsie se aantreklikheid, mededingendheid en groeipotensiaal in die globale ekonomie te verbeter;
- Om die volhoubare gebruik en ontwikkeling van die provinsie se natuurlike omgewing as 'n belangrike ekonomiese bate te bevorder;
- Om nog groter naam vir die Wes-Kaap te maak as 'n omgewingsbewuste ekonomie, en hom daardeur 'n voorsprong op sy mededingers te gee.¹⁶
- Om die Wes-Kaap met die res van die wêreld te verbind.

6.5.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met alle sleutelrolspelers sal die Provinsiale Regering die volgende inisiatiewe bevorder, steun en aanmoedig:

Algemeen

- Die ontwikkeling van 'n geïntegreerde, samewerkende en omgewings sensitiewe raamwerk vir die beplanning en implementering van die provinsie se infrastruktuur;
- Die effektiewe koppeling van hierdie raamwerk met die beleide en planne van provinsiale en nasionale departemente, semi-staatsinstellings, plaaslike owerhede en ander sleutelbelanghebbendes;
- Die gebruik van openbare investering in infrastruktuur en die omgewing om bykomende hefboomfinansiering en –middele van die private sektor te verkry (byvoorbeeld deur openbare/private vennootskappe);

¹⁵ Byvoorbeeld, deur navolging van die rol wat Stanford Universiteit in Silicon Valley vervul het met programme soos die *Honours Co-operative Programme* (wat ingenieurs en ander professionele in staat gestel het om graadkursusse te volg deur middel van 'n toekring-TV-netwerk waartoe hulle toegang by die werk het).

¹⁶In die lig van onlangse WTO-debate sal dit al hoe belangriker vir Suid-Afrika en die Wes-Kaap word om bewys te kan lewer van produksie en energietoevoer wat skoon en veilig vir die omgewing is, sodat hy as produsent en uitvoerder 'n globale mededinger kan word en ook kan help om die provinsie se toekoms as 'n toeristebestemming vir omgewingsbewuste toeriste wat van ver kom, te verseker.

- Die bou van 'n konvensiesentrum van wêreldgehalte;
- Die bevordering van die instelling van 'n nywerheidsontwikkelingsone in Saldanhaabaai.

Vervoer

- Die effektiewe toepassing van die beginsels en beleide wat in die *Witskrif vir 'n Wes-Kaapse Provinsiale Vervoerbeleid* van 1997 uiteengesit is vir 'n geïntegreerde, toeganklike en goed bestuurde vervoerstelsel wat die provinsie se breër ontwikkelingsoogmerke en –mikpunte bevorder;
- Die opgradering van veral die internasionale lughawe, hawe, spoornetwerke en verkeerstoegangstelsel na die binnestad van Kaapstad, asook die hawens van Saldanhaabaai en Mosselbaai;
- Verbeterings aan die openbare vervoerstelsel in Kaapstad om die huidige probleme van padverkeeroepenhopings te verlig, en om in die mobiliteitsbehoefte van alle pendelaars, insluitende toeriste, te voorsien;
- Die opgradering van die vervoerinfrastruktuur (veral deur die meer effektiewe integrering van pad- en spoornetwerke) in die meer veragterde townships en landelike gebiede in ooreenstemming met die ruimtelike integrerings- en ontwikkelingsprioriteite van die provinsie en as 'n belangrike stimulant vir ekonomiese ontwikkeling in daardie gebiede;
- Die effektiewe integrering van taxi's in die vervoerstelsel;
- Die verbetering van pad- en spoorverkeersveiligheid (byvoorbeeld deur meer personeel en die gebruik van sekuriteitskameras) en, in die besonder, voetgangerveiligheid;
- Beploeiing daarvan dat die nasionale regering die huidige subsidiëringstelsels hersien om die reg van keuse ten opsigte van verskillende maniere van vervoer aan te moedig;
- Aanmoediging van die gebruik van daardie vorms van vervoer wat minder besoedeling veroorsaak (byvoorbeeld Metrorail);
- Die effektiewe koördinerings- en integrering van vervoerplanne met die planne van ander funksionelegebiede (sodat skole, byvoorbeeld, nie aan die ander kant van hoëvolume-deurpaaie geleë is nie);
- Die bevordering van regstreekse vlugte tussen Kaapstad en soveel moontlike wêreldstede.

Telekommunikasie

- Die uitvoering van 'n streeksontleding van plaaslike toestande vir die ontwikkeling en benutting van telekommunikasiedienste in die provinsie op maniere wat die groei en ontwikkelingsgeleentheid van alle gemeenskappe, en veral dié wat benadeel is, maksimaliseer sonder om die omgewing te beskadig;
- Die ontwikkeling van 'n provinsiale aksieprogram vir die verdere uitbreiding van die telekommunikasie-infrastruktuur in vennootskap met verskaffers, ten einde te verseker dat alle dele van die provinsie effektief gedek word;
- Die toepassing van internasionale maatstawwe ten opsigte van dienste en gelde met die oog op bekostigbaarheid;
- Die skepping van **elektroniese distrikte** in die Kaapstadse sentrale sakegebied (SSG) en ander sakesentrums (sien Afdeling 6.6.2 hieronder), met telefoonlynbeskikbaarheid van wêreldstandaard, breëbanddienste (soos die Internet, hoëspoed-dataoordrag en videokonferensiefasiliteite), en diensvlakke wat gebaseer is op die gebruik van veseloptiese netwerke.

- Die ontwikkeling (in ooreenstemming met die nasionale regering se 1998-*Witskrif vir 'n Energiebeleid vir die Republiek van Suid-Afrika*) van 'n koste-effektiewe, volhoubare en omgewingsvriendelike energiebeleid vir die provinsie, wat in staat is om :
 - Toegang tot bekostigbare energie vir alle individue, sakeondernemings en gemeenskappe te verseker;
 - Veral te verseker dat bekostigbare krag aan stroomaf- en sekondêre bedrywe verskaf word eerder as om toe te laat dat alle verdiskonteerde voordele na groot primêre verbruikers gaan;
 - Energiedoeltreffendheid en hernieubare kraghulpbronne te bevorder en besoedeling te verminder;
 - Die globale profiel en mededingende voorsprong van die Wes-Kaap as 'n skoon en veilige omgewing om in te woon en te werk en te besoek, te verbeter;
- Die Wes-Kaap se potensiaal om alternatiewe kragbronne, soos son- en windkrag¹⁷ te ontwikkel, en om dié bronne te gebruik om die huidige elektrifiseringsproses in die provinsie veral na voorheen ontoeganklike plekke uit te brei, te ondersoek;
- Veral die ekonomiese en omgewingsgeleenthede wat die verspreiding van aardgas deur die voorgestelde langafstandpyplyn vanaf die Namibiese Kudu gasvelde bied om die energiebasis van die Wes-Kaap van steenkoolgebaseerde krag en kernkrag na termies doeltreffende en skoon gaskrag te verander, te ondersteun en die volle voordeel daaruit te trek.¹⁸ Wanneer die pyplyn gelê word, sal sorg gedra word dat dit nie 'n nadelige impak op die natuurlike omgewing en op mense se woon-omgewings en lewensbestaan het nie.

Die natuurlike omgewing

- Die formulering en toepassing van 'n geïntegreerde en volhoubare omgewingsbestuursbeleid en implementeringsplan vir die provinsie wat in ooreenstemming is met die raamwerk wat in die Departement van Omgewingsake se *Witskrif vir 'n Omgewingsbestuursbeleid* van 1997 en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (WNOB) van 1998 uiteengesit is.
- Versekering dat hierdie beleid omgewingsbewing sal bewerkstellig terwyl dit terselfdertyd die groei- en ontwikkelingspotensiaal van die provinsie maksimaliseer (insluitende die kwessie van voedselveiligheid, veral deur die ontwikkeling van volhoubare en omgewingsvriendelike vorms van voedselproduksie);
- Die in-plek-stel van 'n geïntegreerde raamwerk van wette, prosedures en aksieplanne om die effektiewe bewaring, bestuur en gebruik van die provinsie se natuurlike bates moontlik te maak en te reguleer;
- Die ontwikkeling van die ekonomiese potensiaal van die natuurlike omgewing op 'n verantwoordelike manier, veral ten opsigte van toerisme (en veral ekotoerisme);
- Die ondersteuning van die onlangs ingestelde Wes-Kaapse Raad op Natuurbewaring se werk;
- Die instaatstelling van plaaslike gemeenskappe, veral dié wat benadeel is, om aktief te deel in, en te baat by, die ekonomiese geleenthede wat deur omgewingsbewaring en –bestuur gebied word;

¹⁷ Volgens 'n voorlegging van die Suid-Afrikaanse Windkragassosiasie word die potensiaal van windkrag byvoorbeeld bevestig deur 'n nuwe studie wat aantoon dat dit teen die jaar 2010 1.7 miljoen werksgeleenthede kan skep. Wind skep tussen 15 en 20 werksgeleenthede vir elke megawatt wat geïnstalleer word, in vergelyking met steenkool, wt 5 werksgeleenthede skep. Windenergie is ook skoon en die koste daarvan is aan die daal.

¹⁸ Die vooruitsigte van 'n groot aardgasveld aan die Weskus van die Noord-Kaap sou, indien dit 'n werklikheid word, die moontlikhede van skoner en meer doeltreffende aardgaskragstasies in Suid-Afrika in die algemeen, en die Wes-Kaap in die besonder, verder verhoog.

- Die inwerkingstelling van 'n effektiewe omgewingsopvoedingsprogram oral in die provinsie ten einde die Wes-Kaap se reputasie as 'n omgewingsbewuste ekonomie te versterk.

6.6 DIE WES-KAAP OP DIE SNELBAAN VAN DIE INLIGTING- EN KOMMUNIKASIE - SUPERSNELWEG

6.6.1 Beleidsdoelwitte

Binne die konteks van die nasionale strategie aangaande inligtings- en kommunikasietegnologie van 1997 (Info-Com 2025), wat deur die nasionale Departement van Kommunikasie (DvK) bevorder word, is die hoofdoelwitte:

- Om die publiek en die sakesektor meer bewus te maak van die allerbelangrike rol wat inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) kan vervul om mededingendheid te verbeter en streeks groei en –ontwikkeling te bevorder;
- Om die huidige IKT-infrastruktuur in die provinsie tot wêreldstandaarde te ontwikkel en uit te brei;
- Om die globale IKT-omwenteling te gebruik sodat elkeen in die streek – regering, die sakesektor, arbeid, onderwys- en opleidingsverskaffers, NRO's en vroue en mans (insluitende diegene met ongeskikthede) - toegang kan hê tot, en tot hul maksimum voordeel gebruik kan maak van, inligting en kennis, en sodat sake- en ander transaksies meer doeltreffend, koste-effektief en bekostigbaar uitgevoer kan word;
- Om IKT te gebruik sodat die regering inligting en dienste meer doeltreffend en effektief aan individue, sakeondernemings en gemeenskappe kan lewer;
- Om samewerking ten opsigte van die ontwikkeling en bedryf van IKT tussen die regering, die sakesektor, die nieregeringsektor en buitelandse vennote te bevorder.

6.6.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met die sakesektor, onderwys- en opleidingsverskaffers en ander rolspelers sal die Provinsiale Regering die volgende inisiatiewe bevorder, steun en aanmoedig:

- Die vestiging van 'n **elektroniese distrik** in Kaapstad se sentrale sakedistrik (SSD) en daarna die uitbreiding daarvan na ander sakesentrums in die provinsie om hoëspoedtoegang tot Internet, dataoordrag, videokonferensiefasiliteite en ander breëbanddienste te verskaf;
- Die vestiging en bedryf van die **Cape Gateway**, wat in November 2000 deur die Provinsiale Regering geloods is, as 'n enkele toegangspunt (eenstopsentrum) vir die algemene publiek, sakeondernemings, potensiële ontwikkelaars en beleggers, en ander belanghebbende partye tot 'n geïntegreerde netwerk van spesialis-inligting, hulpbronne en dienste¹⁹ wat deur die verskillende provinsiale departemente verskaf word;

¹⁹ Sulke dienste sal toegang tot die nasionale, provinsiale en plaaslike regering se wetgewing, regulasies, beleide, programme en projekte insluit. Gebruikers van die fasiliteit sal ook deur netwerkbenutting met die betrokke departemente (via rekenaar) vinniger dienslewering verseker (soos soneringsaansoeke, lisensies en permitte), asook inligting en advies oor hoe om wisselwerking met potensiële vennote in die private sektor te verkry. Die Cape Gateway, wat deur die Provinsiale Regering befonds word, is gehuisves in 'n toegewyde gebou wat toegerus is met die jongste IKT-toerusting en tegnologie (onder meer die nuutste oproepsentrum-tegnologie) en voorsien is van goed opgeleide en toegewyde personeel. Die Departement van Ekonomiese Sake, onder beskerming van 'n kollaboratiewe netwerk wat deur die Provinsiale Regering se inter-departementele Komitee vir Ekonomiese Beplanning verskaf is, is die hoof-implementeringsagentskap.

- Die gebruik van die Internet om ‘n **Cape-on-Line**-netwerk te skep (om die skepping van ‘n “virtuele Kaap” te fasiliteer). Benewens die *Learning in the Cape* webruimte (sien afdeling 6.2.2 hierbo) en die fasiliteite wat deur die voorgestelde Cape Gateway gebied sal word, sou ander verwante webruimtes die volgende kon insluit:
 - ‘n Werkverskaffingsplek, waar diegene wat werk in die provinsie soek, verwys sal kan word na werkgewers wat vir vaardighede op die uitkyk is;
 - ‘n Sakefinansieringsplek, waar ondernemers verwys sal word na verskaffers van private ekwiteit en waagkapitaal;
 - ‘n Handelswebruimte om te help met handel, bemaking en die bevordering van uitvoer;
- Die integrering van sulke webruimtes met bestaande webruimtes (insluitende dié van Wesgro en Kaap Toerisme, asook die databasis wat deur KITI ingestel is;
- Die gebruik van bogenoemde inisiatiewe as ‘n katalisator om die vinnige ontwikkeling van die Internet, e-handel, kommunikasietoerusting- en spesialis-elektronikabedrywe in die provinsie ‘n hupstoot te gee;
- Aanmoediging van en steun vir die ontwikkeling van ‘n streekgroepering van IKT, nuwe media en verwante bedrywe, as dryfkrag vir die Wes-Kaapse kennis-ekonomie en ‘n stimulant vir toenemende vlakke van inwaartse belegging;
- Die versterking van die rol van hoër en voortgesette onderwys as ontwikkelingsinstellings vir firmas wat op die nuwe tegnologie gebaseer is, en as ‘n bron van kundigheid en tegnologie vir KMMO’s;
- Die bevordering van IKT-geletterdheid in skole, kolleges, die werkplek en die nieregeringsektor om te verseker dat nuwe tegnologieë effektief ingang vind;
- Die uitbreiding van IKT-toegang vir meer benadeelde gemeenskappe en afgeleë gebiede in die provinsie, veral deur die verskaffing van meer persoonlike rekenaars aan skole, biblioteke en ander openbare fasiliteite (wat, waar gepas, aangepas is by die behoeftes van mense met ongeskikthede), langer toegangsure, die elektrifisering van sulke fasiliteite (waar dit tans nog nie gedoen is nie), en die ontwikkeling van 'n interaktiewe en multimedienadering om in die behoeftes van mense met geletterdheidsprobleme te voorsien.

6.7 DIE WES-KAAP AS DIE AANTREKLIKSTE GEBIED VIR INWAARTSE INVESTEERDERS

6.7.1 Beleidsdoelwitte

- Om ‘n positiewe klimaat en omgewing vir inwaartse belegging (uit die res van Suid-Afrika en oorsee) te skep, asook om plaaslike investering in stand te hou en uit te brei;
- Om in vennootskap met die DHN ‘n meer proaktiewe en spesifiek gerigte strategie vir die bevordering van investering te skep, wat geskik sal wees vir die spesifieke behoeftes van die provinsie en oor die vermoë sal beskik om die vlak van inwaartse investering te laat toeneem en die impak daarvan op ekonomiese groei, mededingendheid, werkskepping en armoedeverligting te maksimaliseer;
- In die besonder, om vorms van inwaartse investering wat betekenisvolle potensiaal vir die oordrag van tegnologie en vaardighede, werkskepping, gesamentlike ondernemings en waagvennootskappe en die ekonomiese bemagtiging van voorheen benadeelde individue, sakeondernemings en gemeenskappe inhou, aan te moedig.

6.7.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met plaaslike regering en ander belanghebbendes sal die Provinsiale Regering (in die besonder deur die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme en sy agentskappe) die volgende inisiatiewe bevorder, steun en aanmoedig:

- Die ingebruikneming van 'n spesifiek gerigte proaktiewe strategie vir investeringsbevordering, gegrond op:
 - Die ontwikkeling en verpakking van konkrete investeringsgeleenthede binne spesifieke sektore, gegrond op gedetailleerde en uitvoerbare sakeplanne;
 - Die evaluering van potensiele investeringsprojekte op die grondslag van hul potensiele bydrae tot die oordrag van tegnologie en vaardighede, werkskepping, gesamentlike ondernemings en vennootskappe en ekonomiese bemagtiging;
 - Die identifisering van die geskikste maatskappye, streke en lande waar inwaartse investering gesoek moet word, gegrond op die sakeplanne en 'n ontleding van sektorale behoeftes;
 - 'n Proaktiewe benadering tot bemarking, insluitende blinde werwing van dié maatskappye, met 'n uitnodiging om persele in die Wes-Kaap te besoek;
- Die ontwikkeling en bemarking van die provinsie se sterk logistiese infrastruktuur (insluitende hawens, lughawe, pakhuis en padvragvervoer), asook sy vaardigheidsbasis en natuurlike omgewing, as 'n belangrike attraksie vir inwaartse investeerders;
- Die aanmoediging van investeerders om gesamentlike ondernemings of vennootskappe met plaaslike maatskappye aan te pak om sodoende die langtermynvoordeel vir die provinsie te maksimaliseer;
- Die uitoefening van druk op die nasionale regering om prosedures en wetlike vereistes wat meer doeltreffend en eenvoudiger en vinniger is, in gebruik te neem, veral met betrekking tot die stigting en bedryf van maatskappye;
- Die verskaffing van effektiewe inligting, advies en bystand aan investeerders oor kwessies soos belastingregulasies en –toegewings; lisensiëringsregulasies en -prosedures; geskikte vestigingsplekke; die werwing van arbeid asook arbeidswette en –regulasies, en toegang tot relevante aansporing- en ondersteuningskemas;
- Die vestiging van 'n positiewe deurlopende verhouding met investeerders, veral deur die verlening van goeie nasorgdienste en ondersteuning, om hulle aan te moedig om aan te hou met investeer, te herinvesteer en hul sakebelange uit te brei;
- Die uitbreiding van huidige "afpaar"-ooreenkomste (byvoorbeeld die verklaring van susterstede) tussen die Wes-Kaap en ander streke wat oor die potensiaal beskik om ons ekonomiese ontwikkelingsstrategie te komplementeer en daartoe by te dra;
- Gebruikmaking van nasionale aansporingsmaatreëls en –skemas en onderhandeling met die oog op gepaste pakkette om investering deur teikenondernemings aan te trek.
- Aanmoediging van die ingebruikneming van strategieë en aansporingsmaatreëls om inwaartse investeerders daartoe te bring om tot armoedeverligting by te dra (byvoorbeeld deur beplanningsvoordele, waar beplanningsverlof in winsgewende gebiede gekoppel is met investering in verarmde gebiede).

6.8 BEVORDERING VAN UITVOER

6.8.1 Beleidsdoelwitte

- Om 'n meer samehangende strategie en institusionele raamwerk vir die bevordering van die provinsie se produkte en dienste internasionaal te ontwikkel;

- Om veral die uitvoerpotensiaal van KMMO's te ontwikkel met die oog daarop om ekonomiese bemagtiging en werkverskaffing te versterk;
- Om produkverbetering en -diversifikasie in die provinsie se uitvoerprodukte aan te moedig;
- Om nuwe markgeleenthede in Afrika en oorsee te identifiseer;
- Om 'n groter uitvoerbewustheid en –kultuur in die Wes-Kaap se sakegemeenskap aan te wakker;
- Om 'n groter bewustheid van die implikasies van onlangse handelsooreenkomste aan te wakker sodat uitvoerders hulle behoorlik kan posisioneer om voordeel te trek uit die gevolglike veranderings in Suid-Afrika se buitelandse handelsbetrekkings.

6.8.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met die Unistad, die sakesektor, Handel en Investerings Suid-Afrika (HISA) en ander rolspelers sal die Provinsiale Regering (deur die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme en sy agentskappe) die volgende inisiatiewe bevorder, steun en aanmoedig:

- Die ontwikkeling van 'n samehangende provinsiale uitvoerbevorderingstrategie;
- Die instelling van 'n nuwe ***Uitvoerontwikkelingsprogram*** om steun te verleen aan opkomende uitvoerders²⁰. Die program sal hom veral toespits op:
 - Die verskaffing van gespesialiseerde bemarkings- en –ontwikkelingsdienste op toetredevlak aan potensiële uitvoerders;
 - Die uitbou van opkomende KMMO's se uitvoerpotensiaal vir die doel van werkskepping en ekonomiese bemagtiging;
 - Die bevordering van uitvoer deur teikensektore, soos verskillende soorte handwerk;
 - Bystand aan opkomende uitvoerders in die provinsie om toegang tot die dienste, skemas en programme van ander instellings en agentskappe op provinsiale en nasionale vlak te verkry, soos die DHN se Uitvoerbemarkings- en Investeringsbystandskema (UBIB);
- Die bevordering van bewustheidsprogramme en ondersteuningskemas binne die provinsie se uitvoergemeenskap met betrekking tot die algemene handelsomgewing en, meer spesifiek, tot die uitdagings en geleenthede wat deur die SA-EU- en SAOG-handelsooreenkomste asook die Wet op die Groei van en Geleenthede vir Afrika (WGGA) teweeggebring is;
- Die ingebruikneming van verbeterde meganismes in die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme vir die monitering en opsporing van ontwikkelings op grond van dié ooreenkomste en die algemene handelsomgewing, in samewerking met die DHN.
- Steun vir die ontwikkeling van voetsoolvlakstrukture om KMMO's in te lig oor die implikasies van handelsooreenkomste en om te verseker dat hulle voordeel daaruit kan trek.

6.9 BEMARKING VAN DIE KAAP AS 'N GEHALTE-HANDELSMERK

6.9.1 Beleidsdoelwitte

- Om die provinsie se strategiese imperatiewe vir ekonomiese groei en ontwikkeling te steun deur die ontwikkeling van 'n geïntegreerde en kollaboratiewe bemarkingsstrategie wat al die eienskappe van die verskillende streke van die Wes-Kaap reflekteer:

²⁰ Die Uitvoer-ontwikkelingsprogram sal 'n kollaboratiewe openbare/private vennootskap tussen die Provinsiale Regering, die Unistad, die DHN, Wesgro en die sakekamerbeweging wees, met insette van ander rolspelers.

- In die besonder, om ‘n positiewe binnelandse en internasionale beeld van die provinsie as ‘n welvarende sentrum vir omgewingsvriendelike produksie, as ‘n voorste liggingsmoontlikheid vir investering, sakedoeleindes en ontspanning, en as die poort tot Afrika te bevorder;
- Om effektiewe strategiese kommunikasie oor die provinsie en sy mense en ekonomie te verseker as ‘n sleutelmetode om groei binne die globale ekonomie te maksimaliseer;
- Om die “Kaap” as ‘n eiesoortige en gehalte-handelsmerk te vestig deur gebruik te maak van die geslaagde "Kaapstad" handelsmerk (as 'n belangrike internasionale toeristebestemming) en internasionaal bekende produkte soos “Kaapse vrugte” en “Kaapse wyn”;
- Om deur effektiewe markwaarneming en –ontleding te verseker dat die provinsie so geposisioneer is dat hy positief kan reageer op veranderende behoeftes en neigings in die globale ekonomie;
- Om deur effektiewe plekbemaking te verseker dat alle dele van die provinsie ekonomiese voordeel uit die verbeterde bemakingstrategie trek;
- Om te verseker dat bemakingstrategieë vir die Wes-Kaap tuisgebring word binne, en steun verleen aan, breër nasionale strategieë vir die bemaking van 'n sterk Suid-Afrikaanse handelsmerk.

6.9.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met plaaslike regering en ander rolspelers sal die Provinsiale Regering die volgende inisiatiewe bevorder, ondersteun en aanmoedig:

- Die skepping van ‘n raamwerk om ‘n verbetering van standaarde vir die produksie van goedere en die lewering van dienste in sleutelsektore van die provinsiale ekonomie te fasiliteer;
- Die ontwikkeling van ‘n gekoördineerde en samewerkende bemakingstrategie vir die provinsie;
- Die ontwikkeling van ‘n samewerkende institusionele raamwerk (insluitende netwerke en webruimtes wat verbind is) om plaaslike, provinsiale en nasionale agentskappe in staat te stel om hierdie strategie op ‘n samehangende en goed gekoördineerde manier in werking te stel;
- Die vestiging en bedryf van Cape Gateway, wat ‘n belangrike rol in die fasilitering van hierdie prosesse sal speel;
- Die effektiewe rig van bemakingstrategieë op die spesifieke behoeftes van hoëprioriteitsektore en -projekte;
- Die kweek van ‘n kultuur waardeur die effektiewe kommunikasie van die “Kaap” handelsmerk eerder die verantwoordelikheid van alle ekonomiese rolspelers as van bemakingspesialiste word;
- Die verhoging van bewustheid en bemakingsopleiding om alle ekonomiese rolspelers aan te moedig en in staat te stel om elke geleentheid te benut om die “Kaap” asook hul eie produkte en dienste te bemark;
- Die innoverende gebruik van toerisme, groot sport- en ander gebeure, en bywoning van binnelandse en internasionale handelskoue en sakekonvensies om produkte en attraksies van die Wes-Kaap bekend te stel en nuwe bemakingsgeleenthede te benut;
- Die uitbreiding van huidige afpaar-reëlins (byvoorbeeld die verklaring van stede tot susterstede) tussen die provinsie en buitelandse state en streke;
- Die vestiging van ‘n meer effektiewe samewerkingsraamwerk (wat die regering, semi-staatsinstellings en die private en NRO-sektor betrek) om marknavorsing en –ontleding te doen en inligting daarvoor te versprei.

Steunpilaar 3: Die Ondernemende Kaap

6.10 DIE WES-KAAP AS 'N TOONAANGEWENDE SENTRUM VIR N&O EN INNOVASIE

6.10.1 Beleidsdoelwitte

In ooreenstemming met die raamwerk uiteengesit in die nasionale regering se *Witskrif vir Wetenskap en Tegnologie* van 1996 is die hoofdoelwitte:

- Om alle mense se bewustheid van die kritieke belang van innovasie en N&O vir die ekonomie van die Wes-Kaap te verhoog, en inligting daarvoor te versprei;
- Om 'n bemagtigende leerkultuur te skep wat kreatiwiteit, ondernemingsgees en eksperimentering hoogskat;
- Om 'n gunstige omgewing te skep sodat nuwe kennis en tegnologie toenemend van navorsing na die handel en nywerheid oorgedra kan word om sleutelgroei-sektore te help, maar ook om volwasse arbeidsintensiewe sektore wat aan die agteruitgaan is, te koester;
- Om die ontwikkeling van netwerke en vennootskappe aan te moedig ten einde die oordrag van kennis en tegnologie tussen firmas te fasiliteer;
- Om die provinsie se posisie as 'n belangrike innoveringsentrum te verbeter, en sodoende by te dra tot sy ekonomiese aantreklikheid en mededingende voorsprong.
- Om met ander belanghebbendes saam te werk ten einde die impak van N&O en innovasie te monitor met die oog daarop om te verseker dat die impak op netto werkskepping in die provinsie eerder positief as negatief is.

6.10.2 Strategiese Inisiatiewe

Die Provinsiale Regering sal die volgende inisiatiewe bevorder, ondersteun en aanmoedig:

- Die ontwikkeling van 'n provinsiale strategie vir innovasie en N&O, wat veral gemik is op dié sektore wat as sektore met 'n hoë groei- en/of werkskeppingspotensiaal geïdentifiseer is (sien Afdeling 6.13 hieronder);
- Die versterking van bande tussen die sake-sektor, onderwys en opleiding en navorsingsinstellings, en die nieregeringsektor;
- Aanmoediging van die uitbreiding van die huidige inisiatiewe (soos KITI, die Wes-Kaapse Tegnologieforum en die Kaapse Handwerkinstituut) tot 'n volwaardige tegnologiese netwerk (wat byvoorbeeld ooreenkom met die innoverende en suksesvolle Bo-Oostenrykse Tegnologiese netwerk);
- Aanmoediging van groter samewerking tussen en groepering van maatskappye wat innovasie en tegnologie-oordrag betref, waardeur koste en risiko's wat met N&O verband hou, verlaag sal word;
- Aanmoediging van veral groter samewerking, skakeling en inligtingsuitruiling tussen groot maatskappye en KMMO's (veral sakeondernemings waar regstellende aksie toegepas kan word);
- Die gebruik van effektiewe bemerking en beskikbare aansporingsmaatreëls om al hoe meer gesamentlike ondernemings tussen provinsiale en buitelandse firmas aan te moedig as een van die mees effektiewe maniere om gevorderde tegnologiese kundigheid te verwerf, asook gesamentlike ondernemings met KMMO's;

- Die verspreiding van inligting oor, en die verhoging van 'n bewustheid onder werkgewers van, regeringsaansporingskemas om firmas aan te moedig om hul belegging in N&O te vermeerder;
- Die versterking van die arbeidsmag se kapasiteit om nuwe kennis en tegnologieë te bemeester en toe te pas deur die tipes onderwys- en opleidingsinisiatiewe wat in Afdelings 6.2 en 6.3 hierbo uiteengesit word;
- Samewerking met ander belanghebbendes vir die verskaffing van praktiese vaardighede, wat verband hou met ondernemerskap, as 'n bydrae tot werkskepping en ekonomiese groei.

6.11 PRIVATE EKWITEIT EN WAAGKAPITAAL

6.11.1 Beleidsdoelwitte

- Om met alle relevante belanghebbendes saam te werk om 'n positiewe omgewing te skep vir die toenemende verskaffing van private ekwiteit en waagkapitaal ((PE&WK)²¹ in die Wes-Kaap, as 'n sleutelement in die provinsie se toekomstige ekonomiese sukses in die globale ekonomie;
- Om die vestiging van verbeterde strukture en stelsels wat die verskaffers van kapitaal meer effektief by produktiewe gebruikers van kapitaal sal uitbring, aan te moedig.
- Om die verskaffing van PE&WK, te rig op ondernemings en in die begin- en uitbreidingsfase in die KMMO-sektor, insluitende proaktiewe intervensie deur die Provinsiale Regering om KMMO's te help om toegang tot finansiering te kry;
- Om die groei in PE&WK te gebruik om die provinsie se verbondenheid tot 'n toename in ondernemings in en bemagtiging van voorheen benadeelde gemeenskappe en individue (insluitende diegene met ongeskikthede) te ondersteun.

6.11.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met belanghebbendes soos die kamers van handel en nywerheid, die DHN, Khula Enterprise Finance en belanghebbendes in die POR sal die Provinsiale Regering die volgende inisiatiewe bevorder, ondersteun en aanmoedig:

- Die verhoging van 'n bewustheid van en die verspreiding van inligting oor die kritieke belang van PE&WK vir ekonomiese groei en KMMO-ontwikkeling in die provinsie;
- Ondersteuning van die nasionale regering se aanmoediging van en steun vir die verskaffing van PE&WK (veral vir KMMO's en vir die doel van bemagtiging), deur inisiatiewe soos:
 - Die invoering van regeringstoekennings en belastingtoegewings;
 - Hefboombefondsing (byvoorbeeld deur openbare/private vennootskappe);
 - Die verskaffing van risikowaarborge om die blootstelling van beleggers te beperk;
 - Die verslapping van bestaande wetgewing om pensioen- en versekeringsfondse toe te laat om 'n klein persentasie van hul portefeuljies na klein, ongenoteerde maatskappye te kanaliseer;
- Die vestiging van 'n Wes-Kaapse PE&WK-forum (met middele vir 'n klein sekretariaat wat, byvoorbeeld, deur die Kaapse Kamer van Handel en Nywerheid of die voorgestelde Cape Enterprise-agentskap bedryf kan word). Dit sal alle PE&WK-rolspelers saambring om meer

²¹ Private ekwiteit verwys tipies na 'n investering in 'n gevestigde sakeonderneming (byvoorbeeld om die onderneming te help herkapitaliseer of verdere uitbreiding te finansier). Waagkapitaal verwys na investering in aanvangsakeondernemings of ondernemings wat nog in die beginfase van ontwikkeling is.

- effektiewe koördinerings en die uitruil van inligting te bevorder, asook 'n toegangspunt te skep waar mense op soek na kapitaal inligting en advies kan kry;
- Die ooreenstemmende vestiging en bedryf van 'n elektroniese databasis van geregistreerde PE&WK-instellings en ander inligting met betrekking tot PE&WK, insluitende 'n lys van ervare sakelui, NRO's en ander agentskappe wat bereid is om as mentors vir klein firmas op te tree. Wesgro het onlangs 'n waagkapitaalindeks gepubliseer (Wesgro, 2001);
 - Die ontwikkeling van kollaboratiewe steunstrukture om die kapasiteit van voorheen benadeelde gemeenskappe en individue te bou sodat hulle met groter welslae toegang tot PE&WK kan kry;
 - Die instelling van veral 'n adviesdiens vir KMMO's wat kapitaal verlang. Die voorgestelde Cape Gateway sou 'n belangrike rol in hierdie opsig kon vervul; so ook Plaaslike Ondersteuningsentrums vir KMMO's;
 - Samewerking met ander instellings, byvoorbeeld Khula Enterprise Finance, in verband met hul planne om streeksekwiteitsfondse in te stel met die doel om die ontwikkeling van die KMMO-sektor te steun;
 - Wisselwerking met die handelsbanksektor om in hul bedrywighede 'n kultuur te kweek wat bevordelik is vir die befondsing van hoërisiko-ondernemings.
 - Aanmoediging om dié plaas-ekwiteitskemas in die Wes-Kaap wat deur die nasionale Departement van Grondsake ondersteun is, uit te brei. Sulke skemas het plaaswerkers in staat gestel om 'n aandeel te kry in ondernemings wat grondgebaseer is en 'n hoë waarde het en het sulke werkers bemagtig om in die bestuur van agribesighede deel te neem;
 - Die instelling deur FET- en HO- instellings van 'n groter verskeidenheid van kort kursusse oor die praktiese aspekte van hoe om 'n onderneming op die been te bring en toegang tot kapitaal te kry. Dié kursusse sal gerig wees op huidige en voornemende KMMO-ondernemers, en na-uurs aangebied word.

6.12 ONDERNEMERSKAP EN BEMAGTIGING

6.12.1 Beleidsdoelwitte

- Om 'n kultuur van ondernemerskap en effektiewe sakebestuur in die Wes-Kaap te kweek en te ontwikkel;
- Om 'n meer bemagtigende omgewing te skep vir KMMO's²² as een van die hoofelemente vir groei en werkverskaffing in die provinsie.
- Om sulke ondernemings te help om hulle op die uitdagings van 'n internasionaal mededingende ekonomie voor te berei, en om hulle terselfdertyd aan te moedig om arbeidstandaarde en -wette na te kom (veral ten opsigte van kinderarbeid en die beskerming van werkers se regte)
- Om KMMO-ontwikkeling te steun, veral sover dit voorheen benadeelde individue en gemeenskappe betref, deur die fasilitering van steun vir ondernemers en toegang tot kapitaal; skakels en gesamentlike ondernemings met gevestigde sakeondernemings; opleiding en mentorskap; en steun met bemerking; die verskaffing van infrastruktuur; en regstellende verkrygingsbeleide.

6.12.2 Strategiese Inisiatiewe

²² Die Provinsiale Regering sal sy regstreekse steun vir KMMO's veral rig op die gebied van klein tot medium-ondernemings (KMO's). Steun vir mikro-ondernemings sal grotendeels die verantwoordelikheid van plaaslike

In samewerking met plaaslike regering en ander rolspelers sal die Provinsiale Regering die volgende inisiatiewe bevorder, steun en aanmoedig:

- Die verskaffing van advies en hulp om KMMO's toegang tot finansies van provinsiale, nasionale en internasionale agentskappe²³ te help kry, asook om toegang tot private ekwiteit en waagkapitaal te kry (sien afdeling 6.11.2 hierbo);
- Die verskaffing van steun aan KMMO's, met die fokus veral op mentorskap, professionele ondersteuning, sakebestuur, bemarkings- en uitvoerbevordering en die strukturering van gesamentlike ondernemings;
- Die verskaffing van beter toegang tot inligting (insluitende Web-verspreiding van inligting), byvoorbeeld deur die Cape Gateway Internet-portaal, deur die versterking van Plaaslike Ondersteuningsentrums vir KMMO's, en deur die meer effektiewe en beter gekoördineerde gebruik van universiteite, teknikons, tegniese kolleges, munisipale biblioteke, professionele organisasies en NRO's as verspreidingspunte;
- Die rig van KMMO-ondersteuningsprogramme op benadeelde gemeenskappe en individue, en veral op jong mense, vroue en mense met ongeskikthede;
- Die gebruik van provinsiale verkrygingsbeleide en -praktyke:
 - Om KMMO-ontwikkeling te steun (insluitende die verskaffing van advies met die tenderproses en die opstel van sakeplanne);
 - Om groter, gevestigde maatskappye aan te moedig om gesamentlike ondernemings en ewkriteitsvennootskappe met opkomende swart kontrakteurs en ondernemings te vorm;
- Die hersiening en herstrukturering van die bedrywighede van tenderrade om te verseker dat tenderprosedures KMMO's meer bevoordeel as in die verlede, en op maniere wat werkskepping en die bemagtiging van benadeelde gemeenskappe en individue bevorder;
- Aanmoediging van die uitbreiding van opleidingsprogramme ten opsigte van ondernemerskap en sakebestuur deur die provinsie se tersiêre instellings, asook deur private en NRO-verskaffers (byvoorbeeld deur die verskaffing van teentoeënnings);
- Aanmoediging van die instelling van provinsiale ontwikkelingsentrums om tegniese bystand en opleiding aan klein opkomende sakeondernemings ter plaatse te verskaf;
- Meer effektiewe samewerking met nasionale agentskappe, plaaslike owerhede, NRO's en GBO's, semi-staatsinstellings en plaaslike en provinsiale organisasies en assosiasies wat sakeondernemings en bemagtiging²⁴ steun, om KMMO-ontwikkeling te bevorder en te stimuleer;
- Die rig van KMMO-ondersteuningsprogramme op gebiede en sektore met belowende groeipotensiaal (insluitende agribesighede, nuwe of opkomende boerdery- en visseryondernemings; bou en kontraktering; vervoer, kleinskaalse toerismebedrywighede; klein hoëtegnologie-ondernemings; en kleinskaalse vervaardiging op gebiede soos klerasie, meubels en kuns en handwerk;

owerhede wees. Die Provinsiale Regering sal egter hierdie proses fasiliteer deur te help om sulke owerhede (veral die kleineres) se kapasiteit te bou sodat hulle die nodige vlakke van steun aan mikro-ondernemings kan verleen.

²³ Organisasies soos die DHN en Khula Enterprise Finance, byvoorbeeld. Organisasies soos die Landbank, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) en die Onafhanklike Ontwikkelingstrust (OOT) verskaf ook finansies en steun aan klein ondernemings.

²⁴ Voorbeelde is die Swart Bestuursforum (Wes-Kaap), die Kaaps-Maleise Sakekamer; die Helderberg Swart Sakekamer, die Mitchells Plein Kleinsakeforum, die Nasionale Swart Kontrakteurs en Verwante Handelsforum (Wes-Kaap), Nafcoc (Wes-Kaap), die Wes-Kaapse Informele Sakeforum, en die Wes-Kaapse Sakegeleentheidsforum.

- Die instelling in vennootskap met ander rolspelers, insluitende die DHN, WNNR en Unistad, van 'n Kaapse Vervaardigingsadviessentrum om tegniese steun en advies aan klein en medium-vervaardigers op gebiede soos tegnologie-ontwikkeling en kwaliteitbeheer te verskaf met die oog daarop om die globale mededingendheid van plaaslike nywerhede te verhoog;
- Versekering dat nasionale, provinsiale en plaaslike regering se infrastruktuurprojekte in die provinsie, asook megaprojekontwikkelings, geleenthede vir KMMO's insluit;
- Die instelling van effektiewe stelsels vir die monitering en nakoming van internasionale maatstawwe vir KMMO-ontwikkeling
- Die ontwikkeling deur die Provinsiale Regering en plaaslike regering van 'n meer samehangende benadering tot informelesektor-ontwikkeling, insluitende gepaste veranderings aan die besigheidslisensierings- en straathandelregulasies, en die ontwikkeling van informele markte.

6.13 SEKTORALE GROEI EN ONTWIKKELING²⁵

6.13.1 Beleidsdoelwitte

- Om 'n samehangende en kollaboratiewe benadering tot sektorale ontwikkeling, wat deur belanghebbendes gedryf word, in die provinsie te ontwikkel;
- Om te verseker dat so 'n benadering gegrond word op effektiewe navorsing oor en ontleding van die groei- en werkskeppingsvooruitsigte en -potensiaal van verskillende sektore;
- Om geteikende vorms van sektorale ontwikkeling te gebruik ten einde sektore en sektorgroeperings se vermoë om kollaboratiewe verhoudings en sinergieë te skep, te versterk sodat hulle kan saamwerk en van mekaar kan leer op maniere wat ekonomiese groei, mededingendheid en werkskepping sal versterk;
- Om strategiese intervensies te rig op 'n geselekteerde aantal sektore met die grootste potensiaal om effektiewe skakels, nuwe produksieprosesse met 'n hoë toegevoegde waarde en werkskepping regdeur die provinsiale ekonomie te ontwikkel;
- Om die impak van globalisasie, handelsooreenkomste en IKT op sektorale groei en potensiaal in die provinsie te erken, navorsing daaroor te doen en daarmee rekening te hou;
- Om te verseker dat intervensies deur die Provinsiale Regering gegrond is op duidelike en deursigtige kriteria, en 'n realistiese evaluering van sektorale potensiaal wat in vennootskap met alle sleutelbelanghebbendes ontwikkel word.

6.13.2 Strategiese Inisiatiewe

In noue samewerking met die sakesektor, die georganiseerde arbeid, industrieassosiasies, SETA's en ander belanghebbendes sal die Provinsiale Regering (veral deur die aktiwiteite van die Direkoraat van Nywerheidsontwikkeling en Bemaking in die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme) die volgende inisiatiewe bevorder, ondersteun en aanmoedig:

- Die vestiging van 'n kollaboratiewe raamwerk om groter samewerking en koördinasie in die provinsiale sektordebat te fasiliteer;
- Die onderneming van gedetailleerde dataversameling en navorsing oor sektorale neigings en potensiaal, die impak van globalisering en IKT op verskillende sektore, en die sektorale implikasies vir sover dit opleiding en die ontwikkeling van vaardighede betref;

²⁵ In hierdie afdeling word onder sektorale ontwikkeling verstaan enige geteikende aksie wat fokus op 'n besondere sektor, nis of groepering.

- Die ontwikkeling van strategieë rondom sleutelsektore en groeperings in die provinsie in samewerking met die georganiseerde arbeid, sektorale onderwys- en opleidingsowerhede, nasionale en plaaslike regering, industriesassosiasies en ander belanghebbendes ooreenkomstig die nasionale industrie strategieraamwerk wat tans deur die DHN ontwikkel word (DHN, 2000);
- Die prioritisering van sleutelsektore vir intervensie en ondersteuning deur die Provinsiale Regering en ander rolspelers (in ooreenstemming met die voorgestelde prioriteite in Afdeling 4.2.4 hierbo uiteengesit);
- Die vestiging van sektorspitsberade, verteenwoordigend van alle belanghebbendes, om 'n sleutelrol in sektorontleding en -prioritisering, beleidsvoorskrifte en die ontwikkeling en monitering van sektorale strategieë te vervul;
- Die ontwikkeling van spesifieke strategieë om dié sektore te ondersteun wat werk aan 'n groot aantal mense verskaf maar tans in nood verkeer (soos klerasie en tekstielware en 'n aantal landbousektore), veral deur hulle te help om te herstruktureer en meer mededingend te word;
- Ondersteuning van sektore soos handwerkproduksie wat afhanklik is van ander ekonomiese sleuteldrywers (byvoorbeeld toerisme) maar wat besonder effektief is om inkomste aan die armes te besorg;
- Versekering dat landelike ekonomieë ingesluit word as deel van die sektordebat, dat hefboomfinansiering verkry word vir PEO-aktiwiteite in die landelike gebiede, en dat die landbou- en nie-landboupotensiaal van dié ekonomieë op 'n volhoubare wyse ontwikkel word;
- Die ontwikkeling van programme vir die heropleiding en herontplooiing van werkers wat hul werk verloor het of oortolligheid in die gesig staar in sektore wat herstruktureer gaan word of aan die agteruitgaan is;
- Die ondersteuning van die instelling van sektor-gerigte ondersteuningsliggame (soos die Kaapse IT-inisiatief, die Juweliersware-vervaardigersraad, die Suid-Afrikaanse vlekvrystaal-ontwikkelingsagentskap, en die Kaapse Handwerkinstituut);
- Die verbetering van institusionele koördinasie as 'n sleutelmeganisme om die oordrag van inligting tussen die regering en die sakesektor asook tussen firmas self te fasiliteer;
- Die verkryging van toegang tot fondse om sektor- en groeperingsontwikkeling te steun, veral van die nasionale regering se Sektorvennootskapsfonds (SVF);
- Die vasstelling, ten opsigte van die verskillende prioriteitsektore, van die mees effektiewe soorte en vlakke van intervensie deur die provinsiale regering wat nodig is vir effektiewe sektormobilisering.

Steunpilaar 4: Die Kaap die Goeie Hoop vir almal

6.14 VERHOGING VAN DIE LEWENSGEHALTE VAN VERAL DIE ARMSTE GEMEENSAPPE

6.14.1 Beleidsdoelwitte

- Om armoedeverligting, werkskepping en die skepping van 'n veilige omgewing 'n sentrale doelwit van provinsiale ontwikkelingsbeleide te maak, nie net as die sleutel tot die bevordering van menslike ontwikkeling nie, maar ook as 'n voorvereiste vir effektiewe ekonomiese groei;

- Om te verseker dat meer middele toegewys word om in die behoeftes van voorheen benadeelde gemeenskappe en individue te voorsien ten einde wanbalanse van die verlede reg te stel;
- Om armoedeverligtingstrategieë en -programme te rig op die mees veragterde gebiede (landelik en stedelik), op die kwesbaarste groepe, insluitende bejaardes, jong mense, vroue, mense met ongeskikthede, en diegene met MIV/vigs, en op gebiede waar 'n volhoubare ekonomie gebou kan word;
- Om te verseker dat elkeen in die Wes-Kaap die geleentheid het om te baat by, en by te dra tot, die streek se verbeterde ekonomiese groei en mededingendheid;
- Om volhoubare gemeenskappe te ontwikkel wat bemaagtig is om oplossings te vind wat op hul besondere behoeftes ingestel is.

6.14.2 Strategiese Inisiatiewe

In noue samewerking met plaaslike regering, semi-staatsinstellings, en private en nieregeringsrolspelers sal die Provinsiale Regering (veral deur departemente soos Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme, Onderwys, Gesondheid en Welsyn) die volgende inisiatiewe bevorder, ondersteun en aanmoedig:

- Die ontwikkeling van 'n samehangende en geïntegreerde strategiese raamwerk vir armoedeverligting, gemeenskapsbemaagtiging en ruimtelike integrering en ontwikkeling in die provinsie. Dit sal help om die werk van die talle organisasies en agentskappe, veral die werk van plaaslike owerhede op die gebied van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO) te rig en met mekaar te versoen;
- Die bevordering van effektiewe samewerking, koördinasie en vennootskap ten opsigte van die werk van dié organisasies en agentskappe, veral wanneer PEO-strategieë ter sprake is. Dit sal beteken dat die verskillende regeringsfere (tesame met hul sosiale vennote) finansiële middele, bykomende kapasiteit, moniterings- en evalueringsmeganismes en die effektiewe koördinerende funksies en verantwoordelikhede sal moet verskaf;
- Die bevordering, deur hierdie strategiese raamwerk, van groter en regverdiger toegang tot:
 - Bekostigbare basiese huishoudelike dienste, soos water, sanitasie en elektrisiteit;
 - Noodsaaklike maatskaplike dienste en infrastruktuur, soos onderwys, veiligheid en sekuriteit, ontspanningsgeriewe en 'n skoon en gesonde omgewing;
 - Gesondheids- en -dienste wat bedoel is om die verspreiding van MIV/vigs en TB te beëindig;
 - Bekostigbare ekonomiese infrastruktuur (soos openbare vervoer en telekommunikasie);
- Die rig van armoedeverligtings- en gemeenskapsbemaagtigingsinisiatiewe op gebiede en gemeenskappe wat in die grootste nood verkeer;
- Die insluiting van 'n sterk fokus op armes wat wel werk, aangesien baie huishoudings wat hul inkomste uit werk verkry, nogtans onder erkende armoedegrense leef;
- Die konsentring van aktiwiteite op die bou van selfonderhoudende gemeenskappe en ekonomiese geleenthede, maar met 'n minimum maatskaplike sekuriteitsnet vir die kwesbaarste groepe (soos vroue, jong mense, mense met ongeskikthede, bejaardes en diegene met HIV/vigs);
- Versekering dat beleide en programme ter ondersteuning van die ander strategiese imperatiewe wat in hierdie hoofstuk uiteengesit word (veral met betrekking tot onderwys en opleiding, infrastruktuur en die omgewing, en KMMO-ontwikkeling) effektief geïntegreer word met die strategieë vir armoedeverligting en gemeenskapsbemaagtiging;
- Die ontwikkeling van 'n geïntegreerde benadering tot ontwikkeling en beplanning in stedelike en landelike gebiede met die oog op onderlinge steun;

- Die fasilitering van 'n reeks streeks-(distriks-) konferensies om te verseker dat so 'n geïntegreerde benadering 'n werklikheid word en dat in die spesifieke behoeftes van die verskillende streke voorsien word;
- Implementering van strategiese grondmark-ingrypings ('n kombinasie van infrastruktuur, landskappering en sekuriteitsmaatreëls) om ekonomiese ontwikkeling te bevorder waar dit die nodigste is in ooreenstemming met die Provinsiale Groenskrif vir Eiendomsbestuur);
- Die ondersteuning van 'n proaktiewe grondherverdelings- en -hervormingsprogram wat gemik is op die skepping van 'n volhoubare landelike bestaan vir die armste landelike gemeenskappe, insluitende die instelling van effektiewe meganismes om billike herverspreiding te verseker;
- Aanmoediging van volhoubare en omgewings sensitiewe beplannings- en ontwikkelingsprosesse ;
- Die invoering van effektiewe vorms van “plekbemarking” om 'n gebalanseerde en regverdige benadering tot investering en groei oral in die provinsie te bevorder, en om geleenthede buite die metrogebied bekend te stel en veral gerig is op voorheen benadeelde gebiede;
- Die invoering van meer effektiewe vorms van dienslewering in ooreenstemming met die beginsels wat in die nasionale regering se Batho Pele *Witskrif vir die Transformerings van Dienslewering* (1997) uiteengesit is;
- Die instelling van geïntegreerde eenstopwinkels en alternatiewe dienslewering meganismes as 'n sleutelement vir verbeterde dienslewering;
- Steun vir gemeenskapskapasiteitsbou (soos die werk van NRG's en GBO's) en die groei van maatskaplike ondernemings (in die vorm van klein sakeondernemings, koöperasies, gemeenskapsontwikkelingstrusts, kredietverenigings en KMMO-assosiasies) om gemeenskappe in staat te stel om 'n groter rol in hul eie sosio-ekonomiese ontwikkeling te vervul;
- Die mobilisering van alle staatsinstellings en organe van die burgerlike samelewing om tot misdaadvoorkoming in stedelike en landelike gebiede by te dra deur misdaad eerder as 'n maatskaplike en ekonomiese kwessie as 'n sekuriteitskwessie te beskou en die grondoorsaak daarvan onder hande te neem;
- Die instelling van effektiewe stelsels vir die monitering en evaluering van die impak wat die strategieë en planne vir armoedeverligting en gemeenskapsontwikkeling en –bemaatting het.

6.15 WERKSKEPPING

6.15.1 Beleidsdoelwitte

- Om by te dra tot armoedeverligting en maatskaplike ontwikkeling deur inisiatiewe wat beoog om werksgeleenthede te vermeerder, veral vir laergeskooldes;
- Om te verseker dat sulke inisiatiewe beskou word as komplementêr by die langertermyn-maatreëls wat in hierdie dokument uiteengesit is vir die bevordering van volhoubare werkskepping en verbetering van die algemene vaardigheids- en vermoënsvlak onder die provinsie se bevolking en arbeidsmag, en nie as 'n alternatief daarvoor nie;
- Om die herstrukturering van arbeidsintensiewe sektore soos klerasie en tekstielware wat tans aan die agteruitgaan is maar nogtans 'n kritieke deel van die plaaslike ekonomie verteenwoordig, te steun;

6.15.2 Strategiese Inisiatiewe

In samewerking met die Departement van Arbeid, plaaslike owerhede, georganiseerde arbeid, die sakesektor, NRO's, gemeenskapsorganisasies en ander sleutelbelanghebbendes sal die Provinsiale Regering die volgende inisiatiewe bevorder, ondersteun en aanmoedig:

- Die ontwikkeling van 'n omvattende, samewerkende en raadplegende strategie vir werkskepping, veral vir die laergeskooldes;
- Die rig van werkskeppingsinisiatiewe op dié gebiede, gemeenskappe en individue waar die grootste behoefte daaraan bestaan (veral vroue, jeugdige en mense met ongeskikthede);
- Skakeling van dié inisiatiewe met programme vir sektorgroei en –ontwikkeling, veral in arbeidsintensiewe sektore soos toerisme, agribesighede, klerasie en kuns en handwerk;
- Samewerking met plaaslike regering om te verseker dat arbeidsintensiewe vorms van werkskepping as 'n kernelement in plaaslike geïntegreerde ontwikkelingsplanne ingebed word, tesame met maatreëls om gemeenskapsbemagtiging- en selfhelpskemas aan die gang te kry en te ondersteun;
- Versekering dat alle infrastruktuurprogramme van nasionale, provinsiale, plaaslike en semi-staatsinstellings in die provinsie, asook megaprojekontwikkeling, 'n beduidende stroomaf-impak op arbeidsintensiewe vorms van werkskepping in die provinsie het;
- Die inisiëring van provinsiale openbarewerke-programme wat veral op werkverskaffing en inkomstegenerering vir die armste gemeenskappe in sowel stedelike as landelike gebiede gemik is;
- Die ontwikkeling van 'n raamwerk om Wes-Kaapse vennote te betrek by die effektiewe benutting en implementering van die nasionale regering se spesiale werkskepping-programme, wat aansienlik uitgebrei is ná die 1998 Presidensiële Spitsberaad oor Werkskepping²⁶
- Algemene en effektiewe gebruikmaking van die nasionale regering se spesiale werkverskaffingsprogramme, wat nou beduidend uitgebrei word in opvolging van die Presidensiële Werkskeppingsberaad van 1998;

²⁶ Hierdie arbeidsintensiewe infrastruktuurprogramme sluit in Werk vir Water, die Veldtog vir Skoon en Groen Stede, die Gemeenskapsgebaseerde Werkeprogram, die Gekonsolideerde Munisipale Infrastruktuurprogram, en Behuisings- en geselekteerde Welsynsprogramme.

- Aanmoediging om dagsorgfasiliteite vir kinders, bejaardes en diegene met ongeskikthede uit te brei, waardeur werk plaaslik, op maatskaplik nuttige gebiede, geskep word en tuisversorgers (meestal vroue) vir die werkplek vrygestel word;
- Aanmoediging van KMMO-ontwikkeling, veral op arbeidsintensiewe gebiede soos toerisme en agribesighede;
- Samewerking met SETA's en die private sektor vir die instelling van leerlingskappe vir teikengroepe (veral vroue en werklose jeugdige), asook vir die toepassing van die breër bepalinge van die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede van 1998;
- Samewerking met die Departement van Arbeid se Werkverskaffingsdienste om beter vorms van advies en leiding aan werkloos en laaggeskooldes ten opsigte van opleiding en werksgeleenthede te gee;
- Samewerking met SETA's vir die opstel van maatreëls vir vaardighedsontwikkeling, met die oog daarop om maatskappye wat besig is om te herstruktureer, en werkers wat afskaling, afdanking of botalligheid in die gesig staar, te help deurdat werkers óf in diens gehou word met gebruikmaking van nuwe vaardighede óf, as hulle botallig is, hul oorplasing na nuwe werk gefasiliteer word;
- Samewerking met NRO's en die private sektor om die verskaffing van basiese onderwys- en geletterdheidsprogramme vir volwassenes uit te brei (vir dié wat werk asook vir werkloos), sodat laargeskooldes se werk- en loopbaanvooruitsigte kan verbeter;
- Ondersteuning van die geordende groei van aktiwiteite in die informele sektor, byvoorbeeld deur die skepping van markte en veranderings aan regulasies vir die lisensiëring van besighede en straathandel.

HOOFSTUK 7: DAARSTELLING VAN ‘N INSTITUSIONELE RAAMWERK VIR PROVINSIALE EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING

7.1 INLEIDING

Die effektiewe verwesenliking van die visie, strategiese imperatiewe en inisiatiewe wat in hierdie dokument uiteengesit is, sal die volle samewerking van die wye verskeidenheid van diensverskaffers en belanghebbendes wat by ekonomiese streeksontwikkeling betrokke is, asook die effektiewe koördinasie en integrasie van hul aktiwiteite, vereis. Hoewel pogings aangewend word om doeltreffendheid, koördinasie en kommunikasie ten opsigte van die werk van sulke belanghebbendes te verbeter, blyk dit duidelik uit die getuienis wat tot dusver in hierdie dokument aangebied is, dat daar ruimte vir aansienlike verbetering is. Die doel van hierdie hoofstuk is om aanbevelings oor ‘n verbeterde institusionele raamwerk vir streeks groei en –ontwikkeling te doen wat bevorderlik sal wees vir meer effektiewe koördinasie en vennootskap asook vinniger besluitneming en implementering ten opsigte van die werk van die verskillende rolspelers.

Aangesien hierdie Witskrif ‘n dokument van die Provinsiale Regering is, sal die hoofklem natuurlik op die rolle en verantwoordelikhede van sy departemente en agentskappe val. Grondwetlik sou dit onvanpas vir die Provinsiale Regering wees om te probeer om die institusionele argitektuur van ander regeringsfere of van die talle ander belanghebbendes wat by die provinsiale ekonomie betrokke is, by wetgewing te bepaal. Die klem op provinsiale departemente en agentskappe moet egter nie vertolk word as ‘n aanduiding dat die Provinsiale Regering voornemens is om ‘n meer beherende rol van “Groot Broer” in die ekonomie te vervul nie. ‘n Hoofdoogmerk van die nuwe institusionele raamwerk wat hieronder uiteengesit word, sal wees om die Provinsiale Regering in staat te stel om ‘n meer effektiewe fasiliterende rol te vervul sodat die werk van die talle belanghebbendes, op wie die sukses van die provinsiale ekonomie rus, gesteun word.

7.2 DOELWITTE

Sleuteldoelwitte vir ‘n verbeterde institusionele argitektuur vir ekonomiese streeks groei en ontwikkeling sal wees:

- Om te verseker dat “struktuur op strategie volg”, deur die institusionele raamwerk heg te verbind met die visie en strategiese imperatiewe en prioriteite wat in hierdie Witskrif uiteengesit word;
- Om ‘n ooreengekome raamwerk wat verantwoordbaar, deursigtig en koste-effektief is, in te stel;
- Om effektiewe koördinasie, kommunikasie, netwerkbenutting en vennootskappe tussen die openbare, private, semi-staats- en nieregeringsagentskappe te fasiliteer;
- Om wye beraadslaging met, en betrokkenheid van, belanghebbendes, asook gesamentlike aksie ten opsigte van die formulering, implementering en monitering van die ekonomiese streek strategie aan te moedig;
- Om maatskaplike inklusiwiteit te bevorder, veral deur die aktiewe betrokkenheid en deelname van organisasies en liggame wat die belange van voorheen benadeelde individue en gemeenskappe verteenwoordig;
- Om duplisering van strukture en aktiwiteite te vermy;

- Om buigsaamheid en desentralisasie te bevorder, sodat die institusionele raamwerk in ooreenstemming met veranderende behoeftes en omstandighede hersien en aangepas kan word;
- Om optimale gebruik te maak van beperkte geldmiddele;
- Om vinniger en meer doeltreffende besluitneming en uitvoering van programme en projekte te fasiliteer.

7.3 INSTITUSIONELE PROSESSE

Institusionele reëlins sal ‘n aantal sleutelprosesse met betrekking tot die verwesenliking van die visie en strategiese imperatiewe wat in hierdie dokument uiteengesit is, moet kan fasiliteer. Hulle sluit in:

- Die hersiening en herprioritisering van strategiese planne en begrotings (deur die provinsiale en plaaslike regering en nasionale departemente en agentskappe) in ooreenstemming met die nuwe ekonomiese visie en strategiese imperatiewe;
- Die doeltreffende en effektiewe implementering van programme en aktiwiteite op bedryfsvlak deur sulke departemente en agentskappe;
- Die effektiewe koördinerings en integrering van dié programme en aktiwiteite;
- Die ingebruikneming van effektiewe meganismes vir oorleg en deelname;
- Die instelling van verbeterde stelsels vir kommunikasie, netwerkdoeleindes en inligting;
- Die verhoging van ‘n bewustheid van, en die mobilisering van steun en geldmiddele vir, die nuwe visie en strategiese imperatiewe;
- Behoorlike personeelvoorsiening aan en kapasiteitsbou van instellings en agentskappe;
- Die ingebruikneming van effektiewe meganismes vir monitering en evaluering.

7.4 BELANGHEBBENDES

‘n Wye verskeidenheid van belanghebbendes sal betrokke wees by die formulering, implementering en monitering en evaluering van die visie en strategiese inisiatiewe wat in hierdie Witskrif uiteengesit is. Volgens ‘n onlangse navorsingsverslag deur die KMR se Direktoraat van Ekonomiese en Maatskaplike Ontwikkeling is minstens 105 openbare, private en NRO ekonomiese ontwikkelingsagentskappe en diensverskaffers tans in Kaapstad alleen bedrywig. Tabel 7 verskaf ‘n lys, wat geensins volledig is nie, van sommige van die belangrikste belanghebbendes wat by die provinsiale ekonomie betrokke is.

Tabel 7: Voorbeelde van Belanghebbendes wat by die Provinsiale Kennis-ekonomie betrokke is

▪ Nasionale Departemente (soos die DHN, Arbeid, Omgewing en Toerisme, Onderwys, Landbou, Grondsake en DKKWT)	▪ Distriks- en munisipale rade
▪ Nasionale openbare ondernemings (soos Eskom, Telkom en Transnet)	▪ Suid-Afrikaanse Plaaslikeregerings-assosiasie
▪ Nasionale agentskappe (soos SABS, SATOER, Ntsika, Khula, die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie, die OBSA, NOK en IDT)	▪ Wesgro
▪ Nasionale navorsingsrade (soos die WNNR, RGN, NNS en MNR)	▪ Die Provinsiale Ontwikkelingsraad
▪ NEDLAC	▪ Sakekamers en –assosiasies
	▪ Swart sakeforums en –assosiasies (soos die Wes-Kaapse takke van die BMF en Nafcoc)
	▪ Arbeidsfederasies (Cosatu, Nactu en Fedusa)
	▪ Wes-Kaapse Sakegeleentheidsforum
	▪ Die Wes-Kaapse Toerismeraad
	▪ Lanok

- | | |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ▪ Nasionale besigheids- en vakbondfederasies ▪ Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETA's) ▪ Die Provinsiale Regering (Uitvoerende Komitee en Wetgewer) ▪ Provinsiale Departemente ▪ Kaapstad Unistad | <ul style="list-style-type: none"> ▪ Wes-Kaapse universiteite, teknikons en private onderwys- en opleidingverskaffers ▪ Die Wes-Kaapse Tegnologieforum en KITI ▪ 'n Wye verskeidenheid van NRO's en GBO's |
|--|--|

7.5 DAARSTELLING VAN 'N VENNOOTSKAP VAN AGENTSAPPE

Die herstrukturering van die institusionele argitektuur vir provinsiale groei en ontwikkeling sal plaasvind met, as grondbeginsel, die skepping van 'n geïntegreerde en gekoördineerde vennootskap van implementeringsagentskappe met duidelik omskrewe funksies en verantwoordelikhede ten opsigte van die verskillende strategiese imperatiewe en inisiatiewe wat in hierdie Witskrif uiteengesit is. Sulke agentskappe sal bestaande instellings soos die Provinsiale Regering, nasionaleregeringsdepartemente en semi-staatsinstellings, plaaslike owerhede en ander statutêre rade en agentskappe wat in die Wes-Kaap bedrywig is, insluit (soos die Wes-Kaapse Toerismeraad). Maatreëls sal getref word om die kapasiteit van hierdie sleutelrolspelers te versterk, en te verseker dat hul rolle en verantwoordelikhede gereeld hersien word.

Met die oog op die getal en uiteenlopende aard van die instellings en agentskappe wat reeds 'n belangrike rol in streeks groei en –ontwikkeling vervul, is die Provinsiale Regering in beginsel traag om nuwe en potensieel dupliserende strukture op groot skaal op die been te bring. 'n Aantal nuwe institusionele reëlins sal egter op sleutelgebiede ontwikkel word om waarde tot die bestaande institusionele argitektuur toe te voeg. Dit sluit die voorgestelde *Cape Enterprise Agentskap*, asook 'n aantal ad hoc-hoofagentskappe in wat van tyd tot tyd ingestel sal word om spesifieke projekte ter ondersteuning van die ekonomiese visie en strategiese imperatiewe, waarvoor 'n tydsbeperking vasgestel word, te onderneem. Sulke agentskappe sal deur die Provinsiale Regering, in vennootskap met ander regeringsfere en die private sektor, ondersteun en mede-finansier word. Daar word ook voorgestel dat 'n aantal ad hoc-agentskappe van tyd tot tyd ingestel word om spesifieke projekte ter ondersteuning van die ekonomiese visie en strategiese imperatiewe binne 'n vasgestelde tydraamwerk te onderneem. Die funksies en verantwoordelikhede van hierdie nuwe agentskappe word saam met dié van bestaande sleutelinstellings in meer besonderhede in die afdelings hieronder uiteengesit.

7.6 DIE PROVINSIALE REGERING

Die bevordering van samewerking vir ekonomiese ontwikkeling tussen die regering, die sakesektor, arbeid, opvoedkundige instellings en ander belanghebbendes het internasionaal die sentrale rol van ekonomiese streeksbeleid geword. Deur die opbou van sterk netwerke, die fasilitering van samewerking om die verskaffing van maatskaplike, fisiese en institusionele infrastruktuur te verseker, die bevordering van aktiewe ondernemingsontwikkeling en die verskaffing van buigsame regulerende raamwerke het streeksregerings in baie dele van die wêreld al daarin geslaag om 'n betekenisvolle uitwerking te hê op die vermoë van die ekonomie om selfonderhoudende groei en werksgeleenthede te genereer en met welslae in die nuwe globale kennis-ekonomie mee te ding. In ooreenstemming met sulke internasionale neigings sal die Provinsiale Regering trag om 'n beslissende rol te vervul om die Wes-Kaap vir die kennis-ekonomie van die 21ste eeu gereed te maak, in die besonder as 'n:

- *Visionêr*, wat ‘n helder visie vir die provinsie verskaf en ‘n strategiese rigting aandui;
- *Beleidsmaker en Bestuurder*, veral op die kritieke gebiede van onderwys en opleiding, gesondheid, infrastruktuurverskaffing, en armoedeverligting;
- *Befondser* van instellings en programme wat groei en ontwikkeling bevorder;
- *Wetgewer en Reguleerder*, wat ‘n bemagtigende en buigsame wetgewende en regulerende raamwerk vir ekonomiese groei en ontwikkeling voorsien op gebiede wat binne sy funksionele bevoegdheid is;
- *Innoveerder*, wat in voeling met wêreldneigings is en help om nuwe inisiatiewe en programme uit te werk;
- *Saamtrekpunt*, wat alle regeringsvlakke, die sakesektor en die burgerlike samelewing in die provinsie rondom ‘n gemeenskaplike visie en doelwitte saamsnoer;
- *Fasiliteerder*, wat effektiewe toegang tot nasionale (en internasionale) programme en inisiatiewe teweegbring;
- *Kommunikeerder*, wat bewustheid verhoog en inligting onder alle belanghebbendes versprei;
- *Onderhandelaar* met semi-staatsinstellings en nasionale en plaaslike regering vir die verbetering van infrastruktuur en dienste in die provinsie;
- *Advokaat*, wat verseker dat die Wes-Kaap ‘n effektiewe “stem” het by die beplanning van nuwe nasionale beleide en die ontwikkeling van interprovinsiale konsensus rondom ekonomiese streekstrategieë;
- *Beskermer* van maatskaplike verantwoordelikheid, menseregte, die omgewing, die provinsie se kultuurerfenis, en gemeenskapsveiligheid en –sekuriteit.

Hoewel al die departemente van die Provinsiale Administrasie klaarblyklik by die uitvoering van hierdie verantwoordelikhede betrokke sal moet wees, sal die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme ‘n leiersrol vervul. ‘n Lys van die spesifieke funksies van die Provinsiale Regering word in Tabel 8 hieronder verskaf, saam met die departemente en agentskappe wat die grootste verantwoordelikheid daarvoor sal neem. Hierdie funksies is nou verbonde met die strategiese imperatiewe en inisiatiewe wat in Hoofstuk 6 hierbo uiteengesit is.

Tabel 8: Funksies en Verantwoordelikhede van die Provinsiale Regering

FUNKSIES	HOOFDEPARTEMENTE
Algemene ekonomiese beleid, strategie en beplanning	Ekonomiese Sake: Beplanning
Ontwikkeling van ‘n samehangende en samewerkende benadering tot provinsiale sektorontwikkeling	Ekonomiese Sake: Landbou; Toerisme (in vennootskap met Omgewing- en Kultuursake en Sport)
Beleidsrigtinggewing betreffende werkskepping vir laergeskooldes	Ekonomiese Ontwikkelingskomitee
Versekering dat aangeleenthede t.o.v geslagsgelykheid by strategiese imperatiewe vir groei en ontwikkeling ingesluit word	Provinsiale KSV in die Premier se Kantoor: Geslagsfokuspunte in Departemente
Verhoging van openbare en sakebewustheid van die allerbelangrike rol van Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT)	Ekonomiese Sake: Onderwys
Uitbreiding van huidige IKT-infrastruktuur en -toeganklikheid tot wêreldstandaarde	Ekonomiese Sake
Beleidsrigtinggewing betreffende e-handel	Ekonomiese Sake
Instandhouding van databasis van algemene ekonomiese inligting vir die provinsie	Beplanning; IT; Ekonomiese Sake

Algemene ekonomiese navorsing (bv oor die mededingendheid van die nywerheid, werkloosheid, en beleidsverwante navorsing)	Ekonomiese Sake (in vennootskap met Navorsingsrade en HO-instellings)
Lewering van maatskaplike dienste om die lewensgehalte van alle burgers, veral die armstes, te verbeter	Ekonomiese Ontwikkelingskomitee; Onderwys; Gesondheid en Welsyn; Behuising
Skepping van 'n meer bemagtigende omgewing vir ondernemingsontwikkeling (KMO's), insluitende voorkeurverkryging	Ekonomiese Sake: alle ander departemente
Doelwitstelling, koördinerings en monitering van vordering met bemagtiging	Ekonomiese Sake; Ekonomiese Ontwikkelingskomitee
Verskaffing van infrastruktuur waarvoor die Provinsiale Regering funksionele verantwoordelikheid dra	Ekonomiese Ontwikkelingskomitee; Ekonomiese Sake; Vervoer; Beplanning; Behuising
Primêre en sekondêre onderwys	Onderwys
Voortgesette onderwys en opleiding en ABET in vennootskap met ander regeringsagentskappe en die private en NRO-sektore	Onderwys: Ekonomiese Sake
Nywerheidsverwante onderwys en navorsing	Ekonomiese Sake; Ekonomiese Ontwikkelingskomitee (in vennootskap met universiteite, teknikons en die private sektor)
Die bewaring, volhoubare gebruik en ontwikkeling van die provinsie se natuurlike omgewing as 'n belangrike ekonomiese bate	Omgewingsake; Landbou; Ekonomiese Sake; Beplanning
Ontwikkeling van 'n koste-effektiewe, volhoubare en omgewingsvriendelike energiebeleid	Ekonomiese Sake; Omgewingsake; Beplanning
Strategiese projekte soos die Kaapse Poort	Kantoor van die Direkteur-generaal; Ekonomiese Sake
Skepping van bemagtigende omgewing vir Navorsing en Ontwikkeling en innovering	Ekonomiese Sake; Berplanning; Ekonomiese Ontwikkelingskomitee; Landbou; Gesondheid; Vervoer; Omgewingsake
Koördinerings van die private-ekwiteit- en waagkapitaalasektor	Ekonomiese Sake
Steun vir plaaslike ekonomiese ontwikkeling, veral vir mikro-ondernemingsontwikkeling via plaaslike owerhede	Ekonomiese Sake; Ekonomiese Ontwikkelingskomitee
Bemaking van die Kaap as 'n gehalte-handelsmerk	Alle departemente en agentskappe
Misdaadvoorkoming en veiligheid en sekuriteit van die gemeenskap	Gemeenskapsveiligheid; Onderwys
Monitering en evaluering van ekonomiese strategie	Ekonomiese Sake; Beplanning

7.7 NASIONALE REGERING

Hoewel die Provinsiale Regering waarskynlik nie die rolle en finansiële bydraes van ander regeringsfere op die gebied van provinsiale groei en ontwikkeling kan bepaal of wette daarvoor kan maak nie, sal hy nogtans trag om konstruktiewe vennootskappe met nasionale departemente, semi-staatsinstellings en

agentskappe. te fasiliteer. Voorbeelde van sommige van die kernfunksies en verantwoordelikhede van dié ander regeringsfere word in Tabel 9 hieronder aangetoon. Hulle sal tydens die Witskrif-oorlegplegingsproses met die betrokke belanghebbendes bespreek en verfynd word.

Tabel 9: Funksies en Verantwoordelikhede van Nasionale Regeringsdepartemente en Semi-staatsinstellings

FUNKSIES	HOOFDEPARTEMENT/AGENTSAP
Aansporingsmaatreëls en steun (finansieel en nie-finansieel, vir nywerheid en sakeondernemings)	Departement van Handel en Nywerheid (DHN); NOK; OBSA; Khula; Ntsika
FET: verskaffing en vaardigheidsontwikkeling	Onderwys; Arbeid
Sektorale opleiding en vaardigheidsontwikkeling (SETA's)	Arbeid
Telekommunikasie-infrastruktuur	Telkom: Departement van Kommunikasie
Navorsing & Ontwikkeling en Innovasie	Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie; Grondwetlike Ontwikkeling; WNNR
Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO): steun vir plaaslike owerhede	Provinsiale Sake en Plaaslike Regering
Infrastruktuur	Vervoer; Openbare Werke; Portnet; Transnet Lughawemaatskappy van Suid-Afrika Bpk (LMSA); Lugrederye
Energie	Energie en Minerale; Eskom; Stad Kaapstad
Standaarde om gehalte en globale mededingendheid te bevorder	SA Buro vir Standaarde (SABS)

7.8 PLAASLIKE REGERING

Vir die Provinsiale Regering sal dit net so belangrik wees, indien nie belangriker nie, om effektiewe vennootskappe met plaaslikeregeringsorgane in die provinsie te ontwikkel, veral met inagneming van die hoofrol wat deur die Grondwet en wetgewing aan plaaslike regering op die gebiede van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning toegewys word.

7.8.1 DIE UNISTAD

Aangesien Kaapstad ongeveer 75% van die bevolking van die provinsie uitmaak en dieselfde persentasie tot die provinsiale GSP bydra, asook die feit dat dit 'n belangrike dryfkrag met betrekking tot provinsiale ontwikkeling is, sal dit vir die Provinsiale Regering veral belangrik wees om hegte kollaboratiewe vennootskappe met die nuwe Unistad as 'n kategorie A-munisipaliteit te ontwikkel. 'n Uitvoerige ondersoek na goeie praktyk met betrekking tot die lewering van ekonomiese ontwikkelingsdienste wat deur die voormalige Kaapse Metropolitaanse Raad (KMR, 2000) uitgevoer is, het 'n aantal sleuteldiensgebiede vir die Unistad geïdentifiseer. Hulle sluit in:

- Beleids- en strategie-ontwikkeling;
- Die koördinerende en fasiliterende van metropolitaanse ekonomiese ontwikkeling;

- Investerings, handel en uitvoerbevordering (veral as 'n belangrike befondsers van Wesgro);
- Toerismebevordering en -ontwikkeling vir die KMG;
- Bevordering van byeenkomste (“events”);
- Sektor-ondersteuningsinisiatiewe;
- Ondersteuning van klein sake
- Befondsing en bestuur van infrastruktuur en fasiliteite;
- Bestuur en ontwikkeling van publieke grond en eiendom;
- Fasilitering van gemeenskapsontwikkeling;
- Bestuur van informele handel.

Tydens die inwerkingstelling van hierdie Witskrif sal dit noodsaaklik wees dat provinsiale-regeringsprosesse en institusionele reëlings effektief gekoördineer word met dié van die Unistad met betrekking tot dié en ander sleutelfunksiegebiede.

7.8.2 Distriks- en Munisipale Rade

Dit sal vir die Provinsiale Regering ook noodsaaklik wees om, ter versekering van 'n billike benadering tot ekonomiese groei en ontwikkeling regdeur die provinsie, kollaboratiewe vennootskappe met die distriks- en plaaslike munisipale rade te ontwikkel. Albei tipes rade sal 'n leiersrol te vervul hê by toesighouding oor plaaslike ekonomiese ontwikkeling buite die metropolitaanse gebied, veral ten opsigte van infrastruktuur, ontwikkelingsbeplanning, toerismebevordering en die verskaffing van munisipale dienste. Munisipale rade sal ook 'n belangrike rol te vervul hê om gemeenskapsontwikkeling, bemagtiging en deelname te bevorder, asook om die ontwikkeling van klein en mikro-ondernemings op plaaslike vlak te ondersteun. Samewerking tussen die Provinsiale Regering en plaaslike rade sal gegrond moet wees op 'n omvattende begrip van die spesifieke behoeftes en ontwikkelingsuitdagings en -geleenthede (landelik en stedelik) van die verskillende substreke in die provinsie.

7.9 ANDER INSTELLINGS EN AGENTSAPPE

7.9.1 Tersiere Instellings

Die Provinsiale Regering sal hegte bande met die provinsie se tersiere instellings ontwikkel om hul groter betrokkenheid op gebiede soos N&O en innovasie, sake-ondersteuning en nywerheidsverwante onderrig en navorsing aan te moedig en te ondersteun.

7.9.2 Statutêre Rade en Provinsiale Semi-staatsinstellings

Statutêre rade en agentskappe, soos die Wes-Kaapse Raad op Natuurbewaring en Kaap Toerisme sal ook 'n belangrike rol in provinsiale groei en ontwikkeling vervul, veral op die gebiede van toerisme en omgewingsbestuur en -beskerming. Wesgro sal ook steeds 'n leiersrol te vervul hê om investering en handel te bevorder.

7.9.3 Die Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR)

Die POR sal voortgaan om 'n belangrike forum te verskaf waar die regering, die sakesektor, arbeid en die burgerlike samelewing bymekaar kan kom om ekonomiese beleid en verwante kwessies, insluitende beplanningsprosesse, te bespreek, te heroorweeg en kommentaar daarop te lewer.

7.9.4 Sakesektor en Arbeid

Sakekamers en -assosiasies en die vakbondfederasies het 'n belangrike rol te vervul om hul lede meer bewus te maak van die nuwe provinsiale ekonomiese visie en strategiese raamwerk, asook om hulle aan te moedig om aktief deel te neem aan en betrokke te raak by die beplannings-, implementerings- en herevalueringsprosesse.

7.9.5 Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETA's)

SETA's sal 'n kritieke strategiese rol te vervul hê om sektorale opleidings- en vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe en -programme te bevorder en te koördineer.

7.9.6 NRO's en GBO's

Die talle NRO's en GBO's wat in die provinsie aktief is, sal 'n belangrike rol te vervul hê om die visie en strategiese inisiatiewe wat in hierdie dokument uiteengesit is, veral met betrekking tot ABET en geletterdheid vir volwassenes, gemeenskapsbemagtiging en plaaslike ekonomiese ontwikkeling, in werking te stel.

7.10 AD HOC-HOOFAGENTSAPPE

Formele regeringsinstellings en –agentskappe kan nie altyd vinnig op die veranderende dinamiek en vereistes van die globale ekonomiese omgewing reageer nie, veral nie op gebiede soos N&O en IT nie. Die Provinsiale Regering oorweeg dit derhalwe om 'n aantal aanvraaggeleide *ad hoc*-hoofagentskappe, te ooreed om verantwoordelikheid te aanvaar vir spesifieke projekte wat binne 'n bepaalde tydraamwerk afgehandel moet word. Hulle kan in die vorm van “dinkskrums” wees om nuwe idees en inisiatiewe te genereer, of van loods-implementeringsprogramme. Vanweë die tydsbeperking wat kenmerkend vir dié projekte is, sal die verantwoordelikheid om sulke agentskappe op te stel en te bestuur normaalweg volgens 'n spesifieke opdrag en prestasiekriteria, deur die Provinsiale Regering opgestel, opgedra word aan 'n bestaande organisasie (soos 'n provinsiale agentskap, tersiêre inrigting of relevante privatesektorliggaam), wat die befondsing sal verkry en verskaf. Beamptes van relevante provinsiale- of plaaslikeregeringsdepartemente kan gesecondeer word om met die hoofagentskappe saam te werk met die oog op kapasiteitsbou. Huidige voorbeelde van sulke hoofagentskappe sluit in Conenco en die Filmkommissie. Conenco is 'n gesamentlike inisiatief van die Provinsiale Regering, die KMR en die Stad Kaapstad om die ontwikkeling van die nuwe Konvensiesentrum te bestuur. Die Filmkommissie is 'n gesamentlike onderneming van die Provinsiale Regering, die Filmstigting en ander sleutelbelanghebbendes. Die Provinsiale Regering oorweeg ook die medefinansiering van 'n navorsingsinstituut of -projek om navorsing te doen en inligting te versprei oor die provinsiale ekonomie. Dit kan moontlik by een van die provinsie se tersiêre instellings ondergebring word.

7.11 CAPE ENTERPRISE

Die Provinsiale Regering sal oorweging daaraan skenk om 'n nuwe agentskap vir ekonomiese ontwikkeling, Cape Enterprise, in te stel om die werk van die ander instellings en agentskappe wat hierbo uiteengesit is, te komplementeer en stukrag daaraan te gee. Daar sal met alle sleutelbelanghebbendes onderhandel word oor die presiese funksies, struktuur en verantwoordelikhede van hierdie nuwe agentskap. Die opdrag van Cape Enterprise sal na verwagting wees om die kapasiteit, mededingendheid en uitvoerpotensiaal van die provinsiale ekonomie te verhoog deur bestaande ondernemings (groot en klein) te versterk, die skepping van nuwe ondernemings (veral KMO's en gesamentlike ondernemings) te fasiliteer en meer produktiewe vorms van inwaartse investering na die provinsie te lok. Die aktiwiteite van hierdie nuwe agentskap sal in die besonder daarop ingestel wees om buitelandse regstreekse investering te trek en die handel te bevorder. 'n Voorgestelde lys van kernfunksies en -verantwoordelikhede van Cape Enterprise word in Tabel 10 hieronder aangetoon.

Ná onderhandelings met sleutelbelanghebbendes sal Cape Enterprise na verwagting by provinsiale wet ingestel word, en befonds word deur die Provinsiale Regering, plaaslike regering en die private sektor. Dit sal deur 'n Direksie en 'n Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) onder die oorhoofse leiding van 'n Bestuursraad bestuur word. Die Direksie sal uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure insluit. Dit sal betreklik klein wees, met 'n kundigheidsbasis, en sal gereeld bymekaarkom (waarskynlik maandeliks) om 'n oog oor die bedryfsbestuur van die agentskap te hou. Die Bestuursraad sal 'n groter liggaam wees wat alle sleutelbelanghebbendes op die gebied van ekonomiese groei en ontwikkeling in die provinsie sal verteenwoordig. Dit sal minder gereeld (waarskynlik twee keer 'n jaar) vergader om advies te gee en toesig oor breë beleid te hou.

Tabel 10: Kernfunksies en Verantwoordelikhede van Cape Enterprise

KERNFUNKSIES	VERANTWOORDELIKHEDE
HANDEL EN INVESTERING	<ul style="list-style-type: none"> • Investeringsbevordering en Bemaking <ul style="list-style-type: none"> – Buitelandse direkte investering – Binnelandse investering – Die rig van investering op sektore wat werk vir laergeskooldes skep – Plekbemaking gerig op spesifieke gebiede en sektore – Bemaking van die Kaap as 'n gehalte-handelsmerk • Uitvoerbevordering <ul style="list-style-type: none"> – Binne teikensektore en gekoppel met die groei van ondernemings – Samewerking met die Uitvoerontwikkeling-program
NAVORSING EN TEGNOLOGIE	<ul style="list-style-type: none"> • Navorsing <ul style="list-style-type: none"> – Beleggingspesifieke navorsing t.o.v. sektore om belegging en groei in sulke sektore te fasiliteer (veral dié wat reeds die globale mark betree het of gereed is daarvoor) - Ontwikkeling en instandhouding van 'n gebruikersvriendelike databasis oor sektore en verwante ondernemings vir

	<p>potensiële beleggers</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tegnologie <ul style="list-style-type: none"> – Bevordering van tegnologie-oordrag, toepassing, benutting en kommersialisering binne ‘n sektorfokuspunt – Die rig van steun vir e-handel en ander van die jongste Internet ontwikkelings in die wêreld ekonomie
KMO-ONDERSTEUNING	<ul style="list-style-type: none"> • Ondersteuning vir KMO’s, wat veral toegespits is op mentorskap, professionele steun, die voorsiening van bemarkings-intelligensie, en die strukturering van gesamentlike ondernemings • Hulp aan ondernemings om toegang tot fondse en steun onder nasionale en internasionale aansporing- en hulpskemas te verkry
STRATEGIESE PROJEKTE	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling en implementering van strategiese projekte, soos die skepping van elektroniese distrikte

HOOFSTUK 8: HULPBRON-IMPLIKASIES

8.1 FINANSIES

Die inwerkingstelling van die strategiese imperatiewe, beleidsinisiatiewe en institusionele veranderings wat in hierdie dokument voorgestel word, sal onvermydelik lei tot finansiële koste wat verband hou met die uitbreiding van bestaande beleidsinisiatiewe en die ontwikkeling van nuwes oor die hele spektrum van strategiese imperatiewe wat in Hoofstuk 6 hierbo uiteengesit is. Voorbeelde van sulke koste sluit in:

- Die instelling en bedryf van die nuwe instellings en agentskappe, soos die Cape Enterprise agentskap en Cape Gateway;
- Die invoering van verbeterde IKT-stelsels om die vloeï van inligting en netwerkbenutting te verbeter, soos die voorgestelde Elektroniese Distrik, *Learning-in-the-Cape*-webruimte en *Cape-on-Line*-netwerk;
- Kapasiteitsbouprogramme vir openbare beamptes en ander belanghebbendes wat by die implementeringsprosesse betrokke is.

‘n *Eerste* prioriteit sal dus wees om die bykomende koste met betrekking tot elkeen van die strategiese imperatiewe te kwantifiseer. Dit moet deel uitmaak van die proses om die verskillende beleidsinisiatiewe te prioritiseer en te beplan en hulle te omskep in uitvoerbare strategiese en sakeplanne. Die *tweede* prioriteit sal wees om gepaste befondsingsmeganismes en –opsies te identifiseer met behulp waarvan dié koste gedek kan word. Dit behoort ‘n gedeelde verantwoordelikheid van die Provinsiale Regering, plaaslike regering en nasionale departemente soos die DHN, in samewerking met die private en nieregeringsektore asook internasionale donateurs, te wees.

Ten einde te verseker dat die nuwe strategiese en institusionele raamwerke vir provinsiale ekonomiese groei en ontwikkeling wat in hierdie dokument uiteengesit is, effektief gefinansier word, sal die Provinsiale Regering die leiding neem:

- Deur ‘n toegewyde groei-en-ontwikkelingsfonds, wat as die *Kaapse Toekomsfonds* bekend sal staan, in te stel;
- Deur ‘n meer geïntegreerde en samehangende raamwerk in werking te stel om te verseker dat die begrotings van provinsiale departemente optimaal benut word en effektief in lyn gebring word met die strategiese imperatiewe en inisiatiewe wat in die hoofstukke hierbo uiteengesit is, asook met ander departementele en provinsiale imperatiewe;
- Deur ander befondsingsbronne te mobiliseer en effektief te benut.

8.1.1 Die Kaapse Toekomsfonds

‘n Fonds met aansienlike middele sal in die 2002/2003-boekjaar deur die Provinsiale Regering ingestel word om sleutelprogramme en –projekte ter uitvoering van die nuwe strategiese raamwerk vir groei en ontwikkeling, veral op gebiede wat nie deur bestaande provinsiale begrotings gedek word nie, aan die gang te kry en in stand te hou. Geld vir die fonds word by wyse van direkte toelaes uit die provinsiale begroting verkry, en opbrengste uit die kommersiële aanwending van provinsialeregeringseiendom en -bates kan ook oorweeg word.

8.1.2 'n Geïntegreerde Raamwerk vir Provinsiale Befondsing

Die befondsing van baie van die strategiese inisiatiewe wat in Hoofstuk 6 uiteengesit is, is reeds in die Provinsiale Regering se begroting vervat. 'n Aansienlike bedrag is in die 2001/2003-begroting opsy gesit, byvoorbeeld vir meetbare sleuteldoelwitte (MSD's) wat regstreeks verband hou met inisiatiewe en programme om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder. Provinsiale departemente sal toesien dat dié fondse optimaal benut word op maniere wat effektief in lyn gebring word met die strategiese imperatiewe en inisiatiewe wat in hierdie Witskrif uiteengesit is.

8.1.3 Ander Befondsingsbronne

Ander befondsingsbronne om die nuwe strategiese raamwerk vir groei en ontwikkeling te steun, sal die volgende insluit:

- Die Unistad, distriksrade en ander plaaslike owerhede;
- Verbeterde toegang tot befondsing onder nasionale skemas en programme;
- Samewerking met SETA's om toegang tot fondse vir opleiding onder die nuwe opleidingsheffingskema te verkry;
- Die toenemende gebruik van openbare fondse en gesamentlike ondernemingsvennootskappe vir groter hefboomfinansiering deur die private sektor;
- Die mobilisering van bykomende geldmiddele van buitelandse regerings, befondsings-agentskappe en multinasionale maatskappye vir spesifieke projekte en inisiatiewe.

8.2 Kapasiteitsbou

Die dringende noodsaaklikheid om die menslike hulpbronne van Suid-Afrika in die algemeen, en van die staatsdiens en plaaslike regering in die besonder, te ontwikkel is reeds in 'n verskeidenheid van beleidsdokumente beklemtoon, soos die *HOP-Witskrif* (1994), die Departement van Arbeid se *Groenskrif vir 'n Vaardighedsontwikkelingstrategie vir Ekonomiese en Werkverskaffingsgroei in Suid-Afrika* (1997), die *Witskrif vir Staatsdiensopleiding en Onderwys 1998*, die *Witskrif vir Plaaslike Regering* (1998) en die *Wetsontwerp op Munisipale Stelsels* (1999). In die Wes-Kaap het die Provinsiale Regering sy verbondenheid tot interne kapasiteitsbou deur die instelling van die Kaapse Administratiewe Akademie getoon. Die Kaapse Metropolitaanse Raad beklemtoon in sy visiestelling ook die allerbelangrike rol wat menslikehulpbronnontwikkeling en –opleiding sal vervul om sy sleutelwaardes van vennootskap met alle relevante belanghebbendes, deelnemende regering, effektiewe diensoriëntering, en 'n sterk verbondenheid tot demokrasie, menseregte, verantwoordbaarheid en oop en deursigtige regering te verwesenlik.

Die verwesenliking van die visie en imperatiewe wat in hierdie dokument uiteengesit is, sal die ontwikkeling van omvattende kapasiteitsbouprogramme vir provinsiale- en plaaslikeregeringsbeampes noodsaak. Die programme sal daarop toegespits wees om die beampes se bewustheid en begrip van die impak van globalisering en die kennis-ekonomie op hul werk te verhoog en, in die besonder, om die bevoegdheids te ontwikkel wat nodig is om die beleidsinisiatiewe wat in Hoofstuk 6 hierbo uiteengesit is, suksesvol te bestuur en toe te pas. Prioriteitsgebiede vir opleiding en ontwikkeling is onder meer die veranderende globale en (Suider-Afrikaanse) streekskonteks van provinsiale ekonomiese ontwikkeling; die nasionale wetgewende en sosio-ekonomiese raamwerk; beleidsformulering en –ontleding; strategiese beplanning, projekbestuur en sakebeplanning; geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning; sektorontleding; KMMO-ontwikkeling; openbare/private en openbare/gemeenskapsvennootskappe; inligtingstechnologie; en effektiewe netwerkskepping met die private sektor en internasionale agentskappe. Die verwagte

uitkoms is die ontwikkeling van 'n kader professionele beamptes wat nie net tot effektiewe strategiese beplanning en programbestuur op hul kundigheidsgebied in staat sal wees nie, maar ook tot sekere en proaktiewe wisselwerking met 'n wye verskeidenheid van binnelandse en buitelandse belanghebbendes. Die invoering van bewustheidsverhogings- en opleidingsprogramme vir verkose provinsiale politieke leiers en metropolitaanse en plaaslikeregeringsraadslede sal ook noodsaaklik wees.

8.3 INLIGTING

In die kennis-ekonomie is inligting in baie opsigte die sleutelhulpbron. Die invoering van stelsels van wêreldstandaard vir die insameling, ontleding, bestuur en verspreiding van inligting word algemeen beskou as 'n voorvereiste vir die ontwikkeling en implementering van effektiewe en mededingende strategieë vir ekonomiese streeks groei en -ontwikkeling. Bestaande stelsels in die Wes-Kaap is wel aan die verbeter, maar skiet tans nog te kort. Dit is 'n feit wat dikwels in die verslae van Wesgro en ander agentskappe betreur word (sien, byvoorbeeld, Wesgro, 1998, bl 64). Dit is om hierdie rede dat die Provinsiale Regering die invoering van 'n effektiewe samewerkingstrategie om die Wes-Kaap vóór op die inligting- en kommunikasie-supersnelweg te plaas, as een van die strategiese sleutelimperatiewe in hierdie dokument gekies het.

Dit sal die samewerking van baie rolspelers en die beskikbaarstelling van geskikte hulpbronne op provinsiale, metropolitaanse en plaaslike vlak behels; die toenemende instelling en benutting van gesofistikeerde IKT-stelsels (soos die voorgestelde elektroniese distrik en die *Cape-on-Line*--netwerk); die ontwikkeling van verbeterde stelsels vir die insameling, vertolking en verspreiding van arbeidsmarkintelligensie; die invoering van meer effektiewe bestuursinligtingstelsels (BIS), die uitbreiding van IKT-opleidingsprogramme; en die instelling van verbeterde skakels met Statistiek Suid-Afrika, universiteite, navorsingsliggame en ander verskaffers van inligting en kennis.

HOOFTUK 9: SLOT: DIE WEG VORENTOE

Hierdie Witskrif stel dit ten doel om 'n ambisieuse maar uitvoerbare visie en strategiese raamwerk te verskaf om die geslaagde ontwikkeling van die provinsiale ekonomie oor die volgende tien jaar te rig en te stimuleer op maniere wat die dubbele uitdaging van toenemende mededingendheid en armoedeverligting in die konteks van die globale kennis-ekonomie van die 21ste eeu die hoof sal bied. Wat dit verskaf is egter 'n roetekaart en nie 'n uitvoerige bloudruk nie. 'n Belangrike gesamentlike poging sal derhalwe aangewend moet word deur die Provinsiale Regering en al die ander ekonomiese rolspelers en belanghebbendes in die provinsie om die visie en strategiese imperatiewe in hierdie dokument uiteengesit, te omskep in gedetailleerde programme van aksie wat effektief geprioritiseer, beplan, geïmplementeer, gemoniteer en herevalueer sal word. Hoewel volledige tydtafels opgestel sal moet word om vir die verskillende elemente en fases van die program voorsiening te maak, sal die Provinsiale Regering en sy vennote na verwagting in die eerste jaar besondere aandag skenk aan:

- Die prioritisering van die strategiese inisiatiewe wat in hierdie dokument beskryf word;
- Die opstel van gedetailleerde teikens, planne en begrotings vir die implementering daarvan;
- Die heroriëntering van die Provinsiale Regering se begroting vir 2002/2003 om die effektiewe implementering van die strategiese inisiatiewe te ondersteun;
- Die vasstelling van effektiewe monitering- en evalueringsaanwysers en -meganismes;
- Onderhandeling oor, en die implementering van, die institusionele argitektuur vir provinsiale ekonomiese groei en ontwikkeling in hierdie dokument uiteengesit.

Ten einde te verseker dat die strategiese inisiatiewe wat in hierdie dokument uiteengesit is, effektief geïmplementeer en herevalueer word op 'n goed gekoördineerde en konsulerende wyse, sal die Provinsiale Minister van Finansies, Besigheidsbevordering en Toerisme dit oorweeg om 'n geskikte en verteenwoordigende institusionele reëling aan te gaan om verantwoordelikheid vir die dryf van die proses te aanvaar. Die instelling van so 'n “liggaam” sal nie net ten doel hê om die koste-effektiewe gebruik van beskikbare institusionele hulpbronne te optimaliseer nie, maar sal ook help om verbondenheid en steun vir die visie en strategie te mobiliseer deur aan alle ekonomiese sleutelrolspelers in die provinsie 'n belangrike aandeel in die prosesse en uitkomst te besorg. Hoewel die presiese aard, doel en samestelling in oorleg met alle sleutelbelanghebbendes bepaal sal moet word, sal die funksies van hierdie liggaam na verwagting die volgende insluit:

- Om spesifieke en realistiese prioriteite, teikens en mylpale ten opsigte van die verskillende strategiese imperatiewe en inisiatiewe te bespreek en daarvoor ooreen te kom ten einde die werk van die hoof implementeringsagentskappe en -diensverskaffers te rig;
- Om gepaste meganismes vir monitering en evaluering (insluitende prestasie-aanwysers en -maatstawwe) aan te beveel, en om aktief te help met die moniterings- en evalueringsproses;
- Om bykomende hulpbronne ter ondersteuning van die strategiese inisiatiewe en prioriteite te mobiliseer;
- Om 'n forum te verskaf waardeur die aktiwiteite van die talle belanghebbendes wat by die provinsiale ekonomie betrokke is, effektief gekoördineer en in lyn gebring kan word met die visie en strategiese raamwerk in hierdie Witskrif uiteengesit;
- Om bewustheid van die Witskrif te verhoog, inligting te versprei, effektief advies te verskaf aan, en netwerke in te stel met, ander agentskappe en belanghebbendes;
- Om die Provinsiale Regering en belanghebbendes van gereelde verslae en terugvoering oor vordering met betrekking tot die strategiese imperatiewe en inisiatiewe te voorsien.

VERWYSINGSBRONNE

- Amin, A. 1998. "An Institutionalist Perspective on Regional Economic Development." Stuk opgestel vir die *International Journal of Urban and Regional Research*.
- Kaapse Metropolitaanse Raad. 1999. *Going Global, Working Local: a Strategy for CMA Co-operation to Reduce Poverty and Build Global Competitiveness in the 21st Century*.
- Danaher, K. 1999a. *Seven Arguments for Reforming the World Economy*. Global Exchange.
- Danaher, K. 1999b. *Globalization and the Downsizing of the American Dream*. Global Exchange.
- Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie. 1996. *White Paper on Science and Technology*.
- Departement van Kommunikasie. 1997. *National and Government Information and Communications Technology Strategy*.
- Departement van Onderwys, 1995. *White Paper on Education and Training*.
- Departement van Onderwys. 1998. *Green Paper on Further Education and Training: Preparing for the 21st Century through Education, Training and Work*.
- Departement van Finansies. 1996. *Growth, Employment and Redistribution: A Macro-Economic Strategy*.
- Departement van Arbeid. 1997. *Green Paper on a Skills Development Strategy for Economic and Employment Growth in South Africa*.
- Departement van Grondsake en die Ontwikkelings- en Beplanningskommissie. 1999. *Green Paper on Development and Planning*.
- Departement van Minerale- en Energie. 1998. *White Paper on the Energy Policy of the Republic of South Africa*.
- Departement van die Staatsdiens en Administrasie. 1997. *White Paper on Transforming Public Service Delivery* ("Batho Pele").
- Departement van die Staatsdiens en Administrasie. 1997. *Provincial Review Report*.
- Departement van die Staatsdiens en Administrasie. 1998. *White Paper on Public Service Training and Education*.
- Departement van die Staatsdiens en Administrasie. 1998. *White Paper on Affirmative Action in the Public Service*.
- Departement van Handel en Nywerheid. 1995. *White Paper on a National Strategy for the Development and Promotion of Small Business in South Africa*.
- Departement van Vervoer. 1996. *White Paper on National Transport Policy*.
- Genesis Analytics. 1999. *An Economic Vision for the Western Cape*.
- Hodge, J and Driver, A. 1999. *Understanding the High Tech Sector in the Cape Metropolitan Region: A Contribution to the Development of a Regional Strategy for High Tech Industry*. (Development Policy Research Unit, University of Cape Town, 1999).
- Ministerie vir Provinsiale Sake en Staatkundige Ontwikkeling. 1998. *White Paper on Local Government*.
- Ministerie vir Openbare Ondernemings. 1996. *National Framework Agreement*.
- Kantoor van die President. 1994. *White Paper on Reconstruction and Development*.
- Kantoor van die President. 1998. *Report of the Presidential Jobs Summit*.
- Presidensiële Hersieningskommissie. 1998. *Developing a Culture of Good Governance: Report of the Presidential Review Commission on the Reform and Transformation of the Public Service in South Africa*.
- Rogerson, C.M. 1998. "High Technology Clusters and Infrastructure Development: International and South African Experiences." *Development Southern Africa* 15(5).

Statistiek Suid-Afrika. 1998. *Census in Brief: The People of South Africa Population Census 1996*.

Die Wêreldbank. 1997. *World Development Report 1997/98: The State in a Changing World*. Oxford: Oxford University Press.

Die Wêreldbank. 1999. *World Development Report 1999/2000: Entering the 21st Century*. Oxford: Oxford University Press.

Wesgro. 1998. *The Western Cape Economy on the way towards Global Competitiveness with Social Stability*.

Wesgro. 1999. *Cape Africa: Doing Business in Africa*.

Wesgro. 1999. *Business Prospects 2000*.

Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme. 1999. *Western Cape Tourism Green Paper*.

Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme. 1999. *Preparing the Cape for the Knowledge Economy of the 21st Century: An Economic Vision*.

Wes-Kaapse Ministerie van Ekonomiese Sake en die HOP. 1997. *Translating GEAR for the Western Cape*.

Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke. 1997. *White Paper on Western Cape Provincial Transport Policy*.

Wes-Kaapse Provinsiale Ontwikkelingsraad. 1998. *Shaping the Future: Towards a Consensus Based Provincial Growth and Development Strategy*.

Wes-Kaapse Provinsiale Regering, 1996. *Provincial Growth and Development Strategy*.

ERKENNINGS

1. **Ministerie van Finansies, Besigheidsbevordering en Toerisme**
Minister L Markovitz
Voormalige Minister H Bester
2. **Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme**
Mnr CO du Preez - Hoof van Departement
Dr LF Platzky - Adjunk Direkteur-Generaal
Dr HM Wesso - Hoofdirekteur
Personeel van die Departement wat bygedra het tot die ontwikkeling van die Groen- en Witskrifte.
3. Die Departement het Stephen Malherbe (Genesis Analytics) aangestel om 'n besprekingsdokument, "An Economic Vision for the Western Cape" (Januarie 1999), saam te stel.

Raadgewende paneel
Prof. Ramphele
Mnr P Parring
Mnr C Wiese

'n Verwysingsgroep was aangestel om insette te lewer gedurende die voorbereiding van die besprekingsdokument.
Prof C McCarthy (Universiteit van Stellenbosch)
Prof I Adams (Universiteit van die Wes-Kaap)
Prof I Abedian (Universiteit van Kaapstad)
Mnr W Thomas (WESGRO)
Mnr A Sayers (POR)
Dr HM Wesso (Provinsiale Regering)
4. **Samestellers van die Groen- en Witskrifte**
Dr HM Wesso
Mnr J Bardill
5. **Provinsiale Ontwikkelingsraad (POR)**
Die harde werk en toegewydheid van die POR, wie die proses om deelname en rolspelers te bewerkstellig, georganiseer en bestuur het, het bygedra tot die suksusvolle voltooiing van die Witskrif.
6. Almal wat geskrewe kommentaar voorgelê het.
7. Alle mense in die Provinsie wat aan die konsultasie proses deelgeneem het.